

MNR. McNALLY: Mnr. die Voorsitter ek het die geleentheid gehad om na die projeklêers wat in paragraaf 10 van mnr. Brits se verklaring genoem word deur te gaan en dit gaan ongetwyfeld oor buitelandse projekte, na my mening. So dit val buite die bestek van hierdie kommissie se raamwerk.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter ek kan miskien ook maar net, terwyl ons 'n oomblikkie het, op rekord plaas ek het van-oggend geleentheid gehad om na die dagboek te kyk en daar word deur die amptenare van die kommissie nog 'n paar fotostate gemaak. (10)

VOORSITTER: Mnr. McNally het u nog vrae vir die getuie?

MNR. McNALLY: Nee dankie.

VOORSITTER: Mnr. Brits wat was u rang in die weermag gewees voordat u BSB toe is? Was u 'n offisier? -- Ja.

En is u nog op offisiersrang? -- Ons het nie range in BSB nie.

Maar is u vergelykend of vergelykbaar met 'n offisier? -- Nee.

En is u in die BSB onderhewig aan gesag, militêre gesag? -- Ja mnr. die Voorsitter.

Met ander woorde as die hoof van die weermag vir u 'n opdrag gee moet u dit nakom? -- Dit is korrek. (20)

En is u onderhewig aan Militêre dissipline? -- Dit is korrek.

En geld dieselfde ook vir mnr. Verster? -- Ja.

Goed. Nou, in die staatsbestel is daar dokumente wat geklassifiseer word, is dit reg? -- Ja.

As geheim, uiteraars geheim, wat ookal. Nou wat is die klas-sifikasie van BSB se dokumente? -- Ek sou sê uiteraars geheim.

Is hulle uiteraars geheim gemerk of so? Is hulle (30)

geklassifiseer/...

(30)

geklassifiseer of dink u hulle is geklassifiseer as uiteraars geheim? -- Nee, dokumente is nie geklassifiseer, ons het gebruik

gemaak van 'n burgerlike skryfstyl.

Ja? -- Wat, wat anders is as die militêre skryfwyse.

Maar is die dokumente nogtans as uiters geheime dokumente hanteer? -- Hanteer, dit is reg.

Nou, indien 'n mens met uiters geheime dokumente te doen het, of sê maar lêers, uiters geheime lêers, dan is daar 'n rekord waarin daardie lêers aangeteken word, is dit reg? -- Ja.

En daardie lêers, in daardie rekord word aangehou ten einde die roete van die lêers te bepaal. Met ander woorde as die lêer van persoon A na persoon B gaan dan moet dit aangeteken word? -- Ja
(10)
die persoon wat ontvang moet met ander woorde ontvangs erken.

Dit is reg, en as dit teruggaan dan moet dit weer aangeteken word? -- Dit is korrek.

So daar moet 'n rekord wees van die beweging van al hierdie lêers van BSB? -- Daar behoort, daar behoort te wees.

Ja. So iemand is in besit van 'n dokument wat vir ons sê waar al hierdie lêers is en wie hulle laaste gehad het? -- Ek vermoed so.

Ja. Nou goed, u is nie daardie persoon nie? -- Nee.

Nou, kom ons handel nou net vir 'n oomblikkie met u funksie.
(20)
U is 'n koördineerder, wat is die funksie van 'n koördineerder? -- Ek sou sê die hoof funksie van 'n koördineerder is die skakel tussen die buitekring mense en die mense wat in die binnekring beweeg. Ek weet nie of u kennis dra van die verskil nie, dit is maar... (tussenbeide)

Ja. -- Hy is dan nou die skakel wat verskeie administratiewe funksies aanbetref, personeel, logistiek,
medies, /...

kyk daarna.

So, sou die bestuurder van 'n streek, soos mnr. Burger, is hy dan in die binnekring? -- Nee hy is in die buitekring.

So is hy in die struktuur, is hy as 't ware onder u of is ... (tussenbeide)? -- Nee.

Of is hy bokant u? -- Ek is onder hom.

U is onder hom, maar u is die skakel tussen hom wat 'n lid is van die buitekring? -- Ja.

Met die binnekring? -- Ja.

Ek sien. -- Wat administrasie aanbetref.

(10)

Wat administrasie aanbetref, en operasie? -- Maar die streekbestuurder skakel direk met die besturende direkteur.

Ek volg, en u skakel ook direk met die besturende direkteur? -- Ook direk.

Ek volg. Nou, die projekte van Streek 6, is hulle almal goedgekeur deur die besturende direkteur? -- Ja.

Is al die projekte goedgekeur deur die voorsitter? -- Ja, miskien nie skriftelik nie maar mondeling wel.

Elke projek? -- Ja.

Dit sluit in vir sub-projekte, as ek praat nou van 'n projek dan, as ek nou van Goldie praat dan bedoel ek nie net mnr. Slang van Zyl nie maar ook al sy sub-projekte wat hy gedoen het, gehad het? -- Ja.

(20)

En is die projekte wat u hanteer het, of wat deur u hande gegaan het, ek praat nou van binnelandse projekte, is hulle op 'n hoër vlak as die voorsitter goedgekeur? -- Ek kan ongelukkig nie antwoord op daardie vraag nie, dit is nie binne my kennis of dit wel gebeur het nie. Het/...

Het u geen handtekening op dokumente gesien wat dit aandui? -- Nee.

Nou, is dit waar dat die administrasie van BSB gesentra-liseer was of is? -- Ja.

En hierdie gesentraliseerde, of sentralisasie is dit nou in Pretoria-Wes of is dit by Spesmagte? -- Dit is by, ek dink dit is by Spesmagte self. U sien die berging van verskeie administratiewe stukke is daar, maar die daaglikse dag-tot-dag administrasie vind by die ander kantoor plaas.

Ek volg. So dan streng gesproke is die administrasie nie gesentraliseer nie? -- Wel ek weet nie dit is ... (tussenbei)

Want die dag-tot-dag administrasie is nie waar die sentraal administrasie is nie. Is daar administrasie by Spesmagte? -- Ons administrasie is nie deel van Spesmagte sin nie. (10)

Nou op Spesmagte se terrein weet ons is daar 'n kluis waarin BSB dokumente gestoor word. -- Ja.

Behalwe vir die stoor van dokumente van BSB by Spesmag hoofkantoor, word enige ander administrasie van BSB aldaar gedoen? -- Negatief, nie volgens my kennis nie.

Nou, as 'n projek afgehandel word, afgehandel is, is hierdie lêer, aanvaar ek word dan by Spesmagte se terrein gestoor, is dit reg? -- Korrek.

En 'n projek wat in aanloop is, of wat sê aan die gang is, waar word dit, waar word daardie lêers gebêre? -- Dit word ook daar gestoor. (20)

Word hulle ook daar gebêre? U sien want ek het 'n probleem dat generaal Webb het vir my gesê dat as 'n projek afgehandel is dan behoort die lêer by BSB se hoofkwartier te wees. -- Dit is korrek. Terwyl /...

K45.12

- 1212 -

BRITS

Terwyl dit eintlik by Spesmagte se hoofkwartier is? -- Nee, (30)
nee, u sien die perseel is by Spesmagte-hoofkwartier.

Ja. -- Maar die kluisse is slegs suiwer vir BSB doeleindes,

en dit is daar waar die lêers is.

Ja, en dan sê hy dat projekte wat nog in aanloop is, die behoort dan by die streeksbestuursvlak te wees. -- As hulle daarmee werk maar dit word nie by hulle gehou nie.

Ek sien. So moet ek aanvaar dat in die algemeen dit vir my sinneloos sou wees om vir mnr. Burger te vra vir die lêers, projeklêers van sy streek? -- Ek dink so.

Dit is sinneloos? -- Ek dink so, in die lig dat hy nie toegang het nie.

Ek volg. So, die feit dat hy verdwyn het is nou nie 'n (10) rede hoekom ons nie insae in die dokumente het nie, of op 'n stadion verdwyn het. En, u het vir my gesê dat Streek 6 se lêers, projeklêers en finansiële lêers word, is saam gehou? -- Ja.

In een tas? -- Ja.

Nou ek gaan vir u die volgende vra, en u kan nou maar u kommentaar hierop lewer: Op 22 Maart van vanjaar was projek Goldie se finansiële lêer in die kluis by Spesmagte, dit is op 22 Maart. Nou u sal onthou dat u het gesê dat al die lêers is verwyder en weggeneem middel Januarie. -- Mm.

Maar op 27 Maart was daardie finansiële lêer weg, uit die (20) kluis by Spesmagte, en hy is tot vandag toe weg. Kan u dit vir my verduidelik? -- Nee ek kan nie spesifiek onthou of al die projeklêers, se fin-lêers by was toe ek dit laas gesien het nie.

Maar dit is die wyse waarop die goed hanteer is tog? -- Ja, daar kon moontlik 'n fout ingesluit het.

Nou waar het dit fout ingesluit? Het die fout

ingesluit/...

K45.14

- 1213 -

BRITS

ingesluit dat iemand vergeet het om die finansiële lêer vroeg-tydig (30) te verwyder voor 22 Maart? -- Of om dit saam met die ander lêers in dieselfde tas te gehad het.

En toe? Wat gebeur toe tussen 22 en 27 of 29 Maart? -- Ek weet nie mnr. die Voorsitter, ek het glad nie toegang tot daardie perseel nie.

Nou sê vir my is daar van BSB-lede onder suspensie as gevolg van die huidige ondersoek? -- Huidige lede?

Ja, huidige lede gesuspendeer, of hulle werk opgeskort? -- Ja, uit die aard van die saak is die hele BSB-bedrywighede opgeskort.

Al die bedrywighede? -- Ja.

Betekén dit dat daar geen finansies, finansiële betalings plaasvind nie? -- Nee, nee die, sal ek nou maar sê die (10)
bedryfsuitgawes van projekte hulle is nog steeds aan die gang maar enige ander aksies, hetsy offensief of defensief is nie, is gestaak.

Goed. Mnr. Bertelsmann u is nog nie gereed nie, nê? U het nog nie daardie dokumente nie?

MNR. BERTELSMANN: Wel mnr. die Voorsitter ek het ander vrae waarmee ek kan aangaan, ek dink ek kan begin.

VOORSITTER: Ja, wel anders kan ek vir iemand anders vra om te begin.

MNR. BERTELSMANN: Ek weet nie of iemand anders voor my sou wil (20)
afskop nie.

VOORSITTER: Nee, goed gaan dan aan.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Mnr. Brits, terwyl ons op die punt van die funksies van die koördineerder is, u sê u is 'n skakel tussen die binnekring en die buitekring, is dit reg? -- Dit is korrek. Nou /...

K45.16

- 1214 -

BRITS

Nou wie was almal in die binnekring gewees? -- Die binne-kringpersoneel is die administratiewe personeel en die (30)
koördi-neerders van ander streke.

Ja, en natuurlik dan die voorsitter en die besturende

direkteur? -- Ja, die voorsitter het ander funksies ook. Hy is in bevel van die oorhoofse Spesmagte.

Ja? -- En hy is dan ook in die binnekring, maar nie op 'n gereelde basis nie.

En die besturende direkteur? -- Hy is wel op 'n gereelde basis.

Goed hy is dan op 'n permanente basis? -- Ja.

Nou kan ons net weer seker maak oor die huidige status van BSB-aktiwiteite. U het gister vir die agbare kommissaris gesê dat u lêers in die begin van die jaar geskei is en waar u hulle voorheen almal in een tas gehad het, of almal bymekaar gehad het (10) is die operasionele lêers ten opsigte van buite-landse operasies geskei van al die operasionele en finansiële lêers ten opsigte van binnelandse operasies, is dit reg? -- Dit is nie met die doel geskei nie, dit was heelyd geskei, dit was in verskillende tasse.

Dit was nooit gemeng nie. Ek het my projekte wat ek hanteer het, het ek een kant gehou in ander tasse en die binnelandse projekte was in hulle eie tas.

En sluit dit nou in al die buitelandse projekte waarby die BSB Streek 6 by betrokke was, waar u by betrokke was? -- Ja dit was in verskillende tasse gewees. (20)

Goed, en u sê daardie lêers is in die begin van vanjaar, in Januarie, aan 'n sogenaamde interne BSB-komitee oorhandig, is dit reg? -- Dit is nie 'n interne BSB-komitee nie, dit is 'n komitee wat aangestel is om generaal Badenhorst, waar hy voorsitter was, dit is daardie komitee waarvan ek praat.

Nou /...

K45.18

- 1215 -

BRITS

Nou u het dit 'n interne komitee genoem? -- Ja, dit is ... (30)
(tussenbeide)

VOORSITTER: Nou, kom ons net, kom ons, sê u dat die lêers is aan

generaal Badenhorst oorhandig? -- Negatief, die lêers was beskikbaar gestel, of was gereed gekry indien hy dit sou verlang.

MNR. BERTELSMANN: En u sê dat hulle toe van die binnelandse lêers geskei is? -- Van die buitelandse.

Die buitelandses van die binnelandses? -- Ja, alhoewel dit saam was, was dit, soos ek sê, nie in dieselfde tas nie.

Ja, maar die verduideliking wat u aanbied, mnr. Brits, waarom daardie lêers nog bestaan, is dat hulle in die begin van die jaar van die ander lêers geskei is, dit was u verduideliking gister. -- Ja want die ondersoek het nie gegaan oor buitelandse lêers nie. (10)

VOORSITTER: Ja maar mnr. Brits, ek het 'n probleem. U weet dat die gekose komitee van die parlement het 'n besluit geneem op 14 Maart 1990, wat onder andere verg dat die ouditeur-gene-raal onmiddellik en sonder enige beperkings hoegenaamd, die rekenkundige boeke, stawende bewysstukke en ander tersaaklike dokumentasie ten opsigte van die spesiale verdedigingsrekening met betrekking tot die projekte van die spesiale magte ondersoek of waar nodig herondersoek en daardie besluit is geneem na aanleiding van die bewerings wat in hierdie kommissie vorendag gekom het, nie waar nie? -- Ek neem so aan. (20)

Want generaal Geldenhuys en mnr. Wronsley is ondervra en die hele vraag het gegaan oor kan die ouditeur-generaal sê of die geld aan binnelandse of buitelandse projekte gespandeer is, reg? -- Ja.

Met ander woorde die ouditeur-generaal moet toegang

kry /...

K45.19

- 1216 -

BRITS

kry tot die buitelandse projeklêers vir doeleindes van sy verdere verslag aan die parlement. U weet daarvan? -- Ek is nie, ek aanvaar wat u sê is reg. (30)

Nou wat ek vir u wil vra is het die ouditeur-generaal toegang

gekry tot die buitelandse projeklêers? -- Ek kan nie daardie vraag antwoord nie omdat ek nie weet nie mnr. die Voorsitter.

Ja.

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter kan ons net miskien 'n misverstand wat tussen my geleerde vriend mnr. Bertelsmann en die getuie mag bestaan, ons het gister gehoor van meer as een interne ondersoek en dit klink vir my asof die getuie mnr. Bertelsmann se vraag verstaan het met verwysing na die interne ondersoek van generaal Badenhorst na die Streek 6-bedrywighede, terwyl die vraag eintlik bedoel was op die interne ondersoek van 'n ander komitee wat gaan oor die voortsetting al dan nie van buitelandse projekte. (10)

VOORSITTER: Ja wel mnr. Hatting ek het ernstige probleme want ek dink niemand weet wat besig is om daar aan te gaan nie want niemand kan vasstel wie is besig om wat te ondersoek en waar die lêers is nie en ek bedoel as daar 'n interne komitee is, 'n weermagkomitee wat in besit is van die lêers, wil ek dit nou weet.

MNR. DE JAGER: Mnr. die Voorsitter ek het nie instruksies daarop nie, ek sal dringend instruksies daarop kry. Wat ek wel vir u kan sê is dat daar is 'n weermagkomitee wat kyk oor die voortsetting van BSB (20)

VOORSITTER: Maar u weet dat die ouditeur-generaal, net soos ek, op soek is na die eksterne, na die, al die lêers. Die ouditeur-generaal vir die eenvoudige rede dat hy verslag aan /...

K45.20

- 1217 -

BRITS

aan die parlement moet doen en ek om myself te vergewis dat dit inderdaad eksterne werk is. Nou as die weermag in 'n ander hoedanigheid met 'n komitee in besit is van daardie lê-ers, want dit is wat hierdie getuie gister beweer het, dan wil ek weet wie is daardie komitee en waar is daardie lêers, want dit maak 'n (30)

bespotting van die ouditeur-generaal en van ons.

MNR. DE JAGER: Mnr. die Voorsitter ek was nie bewus dat die ouditeur-generaal nie toegang het tot daardie lêers nie, ek sal dit net vir u meld dat soos ek dit gehad het ..(tussenbei)

VOORSITTER: Wel u kan miskien maar die hoof van die weermag vra en hy sal dit vir u sê.

MNR. DE JAGER: Ja, soos ek dit gehad het, is by Spesmagte al die buitelandse lêers beskikbaar in die kluis, of 'n groot deel daarvan.

VOORSITTER: Nee dit is nie so nie.

MNR. DE JAGER: Soos dit u behaag. Ek sal instruksies daarop kry en ek kom terug daarvoor na u. (10)

VOORSITTER: Ja. Ja, gaan voort.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. Brits, toe u gister vir die agbare voorsitter verduidelik het dat die eksterne operasies se lêers na 'n interne komitee gegaan het, dat hulle oorhandig is aan daardie komitee vir die evaluering van buitelandse projekte, watter komitee het u bedoel? -- Ek het bedoel daar is 'n komitee met, ek is nie seker wie sit op die komitee nie, ek is nie deel daarvan nie, ek weet net mnr. Verster is deel van die komitee. (20)

So u het nie gister gepraat van die komitee van generaal Badenhorst nie? -- Negatief.

U het van Joe Verster, die voorsitter, se komitee gepraat? -- Die komitee wat nou tans nog bestaan.

VOORSITTER: Die besturende direkteur se komitee.

MNR. BERTELSMANN: /...

K

- 1218 -

BRITS

MNR. BERTELSMANN: Verskoning, die besturende direkteur se komitee? -- Ja.

So met ander woorde u het gister melding gemaak van die interne BSB-komitee? -- Gister ja, waar ek die lêers laas gesien het. (30)

Goed. Dit is waar daardie buitelandse lêers laas was? -- Binnelandse lêers. Ekskuus.

Dit is waar daardie buitelandse lêers laas was, is die stelling aan u mnr. Brits, volgens u kennis? -- Wel ja.

VOORSITTER: En die binnelandse lêers? -- En die binnelandse lêers.

MNR. BERTELSMAN: Goed, en u sê hulle het saam in twee afsonderlike, of u het gesê vier afsonderlike tasse, drie vir die eksterne projekte een vir die interne projekte, na daardie komitee toe gegaan, is dit reg? -- Ja, ek sou sê ja.

(10)

Maar u sou sê ja? -- Ek is net nie seker of die buitelandse lêers van Streek 6, wat ek hanteer het, ook daar betrokke was nie.

Maar dit is wat u gister gesê het mnr. Brits, dit is wat u gesê het, u lêers, u persoonlike buitelandse lêers die laaste keer gesien het. Dit was u getuienis gister. -- Ek het gepraat van die binnelandse lêers.

Nee, nee.

VOORSITTER: In ieder geval.

MNR. BERTELSMANN: In iedere geval, waar het u u eie buite-landse lêers laas gesien? -- Dit was ook by daardie kantoor.

(20)

By watter ene? -- Die administratiewe kantoor.

Dit is nou Pretoria-Wes? -- Ja, waar ek van die lêers aangevra het, nie almal nie, want ek werk nie gelyk aan al my projekte nie, en ek het van die lêers daar hanteer en dit

het /...

K45.22

- 1219 -

BRITS

het normaalweg met normale prosedure teruggegaan.

VOORSITTER: Dit was nou middel Januarie seker? -- Dit was in die omgewing van Januarie ja.

(30)

Het u nooit, het u geen buitelandse lêer na Januarie gesien nie? -- Nee ek het buitelandse lêers weer hanteer na Januarie.

Nou wanneer? -- Ek het hier in Februarie daarmee gewerk.
Ek dink ek het Februarie laas daarna gekyk.

Waar was hulle toe gewees? -- Daar by die registrasiekantoor
waar ek dit aangevra het en dit toe gekry het.

Ja.

MNR. BERTELSMANN: Nou mnr. Brits het u na Februarie daardie
buitelandse lêers weer aangevra? -- Nee dit was nie vir my nodig
gewees nie.

Ek sien. -- Na die kommissie is die projekte toe gestaak en
ek was bewus van die uitgawes, die verpligte uitgawes wat
ek toe normaalweg net getrek het sonder om na die lêers te kyk. (10)

Goed, sou u normaalweg as deel van u funksies 'n kontem-porêre
aantekening in die finansiële lêer maak van alle geld wat u getrek
het en uitbetaal het nie? -- Negatief.

Wanneer, met watter tussenposes teken u dit aan? -- As daar
'n magtiging op die projek of die finlêer is dan is dit outomaties
vir my 'n magtiging en die beheer oor die voor-skotte word deur
die finansiële seksie hanteer en hulle kan my herinner as daar
'n uitstaande verrekening is. Dit is nie nodig dat ek dit self,
vir myself aanhou nie. (20)

Met watter tussenposes sien u die lêers in die normale
administratiewe funksie van 'n koördineerder? -- Dit wissel baie.

Ek sou sê baiekeer sien jy hulle, het jy glad nie nodig om dit
in 'n week se tyd of twee weke se tyd te sien nie.

Ek sien. -- Ander tye het jy meer gereeld nodig. Dit
is /...

K45.23

- 1220 -

BRITS

is moeilik om 'n tyd daaraan te koppel.

Goed, u sê dit wissel van 'n tydperk van 'n bestel van tussen
'n week of twee na 'n dag of selfs dalk soms twee keer 'n dag,
afhangende van die intensiteit van aktiwiteit? -- Ja. (30)

Goed. Nou die laaste keer wat u 'n interne lêer gesien het mnr. Brits, volgens u getuienis, was in die middel van Januarie, is dit reg? -- Ja.

Is dit so mnr. Brits dat u stelling waarvan u nou melding, wat u nou net gemaak het ten aansien van die gereelde tussen-poses waarbinne u die lêers sien ook betrekking het op binne-landse lêers? -- Ja.

So met ander woorde die intensiteit van tussenposes waarbinne u na die binnelandse lêers kyk in die normale administratiewe, vervulling van u administratiewe funksies wissel van 'n dag of twee na twee weke toe? -- Ja. (10)

Goed. Met ander woorde mnr. Brits, dit sou billik wees om te aanvaar dat u aan die einde van Januarie weer na u binnelandse lêers sou wou gekyk het, in die normale administratiewe proses? -- Soos ek vir u sê dit is nie nodig nie ek het al die administratiewe kennis rondom finansiële onttrekkings het ek, in my dagboek is daar agterin, het ek alles vir myself neergeskryf dat ek nie altyd aanvra vir die lêers om myself te herinner aan onttrekkings nie, so ek het nie altyd nodig gehad om dit te trek nie. (20)

Mnr. Brits u getuienis was dat in die normale loop van sake u die binnelandse lêers gereeld sien met tussenposes wat wissel van een of twee dae na twee weke, dit was u getuienis, korrek? -- Ja.

Nou indien die normale administratiewe proses in Januarie voortgesit sou gewees het. -- Ja.

Sou /...

K45.25

- 1221 -

BRITS

Sou u van die binnelandse lêers in die derde week en in die vierde week van Januarie getrek het nie waar nie? -- Maar dit was toe nie beskikbaar nie. (30)

O. -- En ek het dit in elk geval nie nodig gehad nie.

Met ander woorde u sê mnr. Brits, as ek u nou reg verstaan, dat dit binnelandse lêers in Januarie vanjaar nie beskikbaar was nie? -- Ek het gesê ek het dit in die omgewing van middel Januarie laas gesien.

Nee.

VOORSITTER: Ja nou wel, kyk ek dink mnr. Bertelsmann, ek dink daar is miskien 'n eenvoudige verduideliking. Wanneer is die bedrywigheide van BSB opgeskort? -- Ek is nie seker nie, ek neem aan dit is met die aanvang van die kommissie, ek is nie seker wanneer presies nie.

(10)

Ongeveer daardie tyd? -- Dit is wat ek dink ja.

Ja.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. Brits ek aanvaar dat u in die middel van Januarie, toe die kommissie nog nie aangestel was nie, met u gewone administratiewe pligte as koördineerder sou aangegaan het? -- Dit is reg.

So in die middel van Januarie sou u na die perseel in Pretoria-Wes gegaan het en aangevra het, en u interne lêers aangevra het, nie waar nie? -- Dit is korrek. Ek wil net vir u sê daar was op daardie stadium alreeds sekere gerugte dat 'n moontlike kommissie aangestel sou word.

(20)

Goed, nou wie het u gevra in die middel van Januarie om die interne lêers vir u beskikbaar te stel? -- Vir my beskikbaar te stel?

Ja vir u? -- Dit het deur die normale kanaal gegaan, deur die registrasie dame.

Wie /...

K45.27

- 1222 -

BRITS

Wie is die registrasie dame? -- Haar ... (tussenbeide)

(30)

VOORSITTER: Nee wel ek dink nie u hoef dit te weet nie.

MNR. BERTELSMANN: Ja, nee maar mnr. die Voorsitter, hy kan maar

die administratiewe naam gee. -- Dit is die verklaring wat gister afgelees is.

Goed.

MR. DE JAGER: Excuse me Mr Chairman, I am sorry to interrupt but it is very difficult to hear what the witness is saying. We are having difficulty in following. Would you mind asking the witness to speak louder.

VOORSITTER:

As u net probeer ... (tussenbeide) -- Goed ek sal harder praat.

MNR. BERTELSMANN: Goed u het haar toe versoek. Nou in die normale administratiewe verloop van dinge, mnr. Brits, sou u die lêers, (10) hoe sou u die aanvraag gedoen het? Sou u haar geskakel het en gesê het? -- Telefonies ja, dan sal sy die lêers volgens haar stelsel, sal sy die lêers uitteken en dit sal deur Braam in ontvangs geneem word by die ander kantoor by wie ek dit dan sou kry.

Goed, in die middel van Januarie vanjaar het u vir die dame geskakel en vir haar gesê "ek soek die interne lêers" of van die interne lêers, is dit reg? -- Ja.

Wat was haar reaksie? -- Sy het dit vir my gebring.

Nou goed u sê in die middel van Januarie het dan nou 'n onderbreking gekom, dit was u getuienis, is dit reg? Toe kon u (20) die lêers nie kry nie? -- Nee, ek kon die lêers kry. Ek het die lêers gekry middel Januarie.

En daarna, in die derde week van Januarie? -- Nee ek het toe die lêers weer teruggegee.

Ja? -- En dit is waar dit verdwyn het.

Nou /...

K45.28

- 1223 -

BRITS

Nou wanneer het u daarvan bewus geword dat daardie lêers weg is? -- Dit was hier, kom ons sê die, 'n paar dae na die middel (30) van Januarie, ek kan nou ongelukkig nie datums onthou nie, ek speel rondom middel Januarie, maar net kort daarna.

Goed, toe vra u die dame om lêers vir u te besorg, is dit reg, om hulle in die hande te kry vir u? -- Ja, ek sou dit weer aangevra het ja.

U sou? -- Of van die lêers.

Het u of het u nie? -- Nee ek het nie aangevra nie.

U het nie aangevra nie? -- Nee.

Hoekom nie? -- Dit was nie vir my nodig gewees nie.

VOORSITTER: Nee maar hoe het u geweet die lêers is weg, dit is eintlik wat die advokaat wil weet? -- Ek het toe gehoor by 'n persoon dat die lêers weg is, of dat die lêers nie beskikbaar is nie.

Ja maar wie is die persoon? -- Ek het dit by ... (tussenbeide) (10)

U kan sy administratiewe naam gee. -- Ja by Braam gehoor.

MNR. BERTELSMANN: Nog voordat u 'n versoek gerig het om u lêers te sien? -- Ja wel ek het moontlik 'n versoek gerig vir een van die baie lêers.

VOORSITTER: Maar al wat, ja goed nou. -- Dit is moontlik, dit is moontlik dat ek 'n versoek gerig het en toe daarop terug gekom is ... (tussenbeide)

Nou wat het Braam vir u gesê? Presies wat het hy vir u gesê?

Het hy vir u gesê die lêers gaan nie meer vir u beskikbaar gestel word nie? -- Nee. (20)

Of het hy gesê die lêers het weggeraak, of weggesteek? -- Nee.

Of hulle is nie meer beskikbaar nie, wat het hy vir u gesê? /...

K45.29

- 1224 -

BRITS

u gesê? -- Hy het vir my gesê die lêers is om een of ander rede nie beskikbaar nie.

Is nie verder vir u beskikbaar nie? -- Nee, nee, die lêers is nie beskikbaar nie. Dit is nie waar dit was nie. (30)

Maar u weet beskikbaar beteken gewoonlik dat hulle is op 'n plek maar hulle is nie tot u beskikking nie. -- Ek het gedink,

wat dit beteken is die lêers is nie verkrygbaar nie, is nie beskikbaar nie.

Is nie verkrygbaar nie? -- Nee.

Maar dan sou hy mos gesê het my goeie genade hier is 'n ernstige sekuriteitsbreuk, my lêers is gesteel, my lêers het weggeraak.

Dit het hy nie vir u gesê nie. -- Nee hy het gesê dat daar is mense wat nou kyk na die saak om vas te stel wat het gebeur, en sedertdien is daar nou nog nie 'n oplossing gevind nie.

Ja.

MNR. BERTELSMANN: Het u toe enige stappe gedoen mnr. Brits, om vas te stel wat van hierdie lêers geword het? -- Ek het dit aan die besturende direkteur gerapporteer en ... (tussenbeide) (10)

Wanneer? -- Toe ek dit agtergekom het.

Onmiddellik? -- Ja.

Wat was sy reaksie? -- Sy reaksie was ook dat ons moet kyk en hy het die dame betrokke en vir Braam dink ek, ek was nie by nie, het hy saamgetrek en by hulle sekerlik uitgevind waar is die lêers.

Is u meegedeel dat hulle vasgestel het waar die lêers is? -- Ja, Braam het met my persoonlik gepraat.

Wat het Braam vir u persoonlik gesê? -- Hy het vir my gesê daar is nou 'n soektog na die lêers, so ons kyk na die saak. (20)

Nee, maar het Braam vir u gesê dat die lêers gevind

is?/...

K45.30

- 1225 -

BRITS

is? -- Negatief.

Wie het, volgens Braam, na hierdie lêers gesoek? -- Ek weet nie, ek het nie, ek kan nie onthou of hy vir my gesê het nie.

Hy het net vir my gesê daar is mense wat kyk na die, wat die saak (30)
ondersoek.

VOORSITTER: Waar het hy gesê het die lêers weggeraak? -- Hy was

self nie seker nie.

Maar u het tog 'n rekordstelsel wat wys wanneer die goed by Spesmagte weggaan en wanneer dit deur Braam ontvang word en wanneer, wie se laaste handtekening op daardie rekord sê waar daardie dokument is? -- Daardie rekordstelsel was ook nie be-skikbaar nie.

Het hy ook weggeraak? -- Ek dink so want dit was nie, dit kon nie bepaal word wie laas verantwoordelik was vir die lêers nie.

Mm.

(10)
MNR. BERTELSMANN: Maar mnr. Brits u sê vir ons daar is slegs twee of drie persone wat toegang tot hierdie lêers hoegenaamd kan hê, is dit reg? -- Watter lêers?

Tot die kluis waarin die lêers gebêre word, is dit reg? -- Volgens my beskeie kennis ja.

Goed, wie is daardie persone? -- Dit is wat ek gister genoem het. Dit is die betrokke dame en dan Braam en dan het ek ook gesê die besturende direkteur weet ek het 'n sleutel van 'n kluis.

Van 'n kluis? -- Ja.

Van watter ene? By Spesmagte se hoofkantoor? -- Nee, nee (20)
by die, die kluis van sy kantoor het hy 'n sleutel van.

VOORSITTER: Nou wie het die sleutel van by Spesmagte hoofkantoor, is daar nie net een sleutel nie? -- Ja, dit

is /...

K45.31

- 1226 -

BRITS

is wat die dame het.

Is dit nie Braam wat dit besit nie? -- Braam het, ek dink na die paniek wat geheers het, na die aankondiging van die kommissie en so.

(30)
Ja? -- Was daar toe 'n stelsel waar Braam toe beheer gekry het oor die sleutels.

Het Braam toe die beheer gekry oor die sleutels? -- Ja.

Ek sien.

MNR. BERTELSMANN: Na die paniek wat toe geheers het mnr. Brits, met die aankondiging dat hierdie kommissie aangestel is toe word Braam verantwoordelik gemaak vir hierdie lêers? -- Ja.

Toe kry hy 'n sleutel?

VOORSITTER: Hy kry dié sleutels?

MNR. BERTELSMANN: Hy kry dié sleutels? -- Mm.

Dié sleutels van dié kluis waaruit dié lêers reeds verdwyn het, volgens u getuienis? -- Wel ek weet nou nie van watter kluis sleutels hy alles gehad het nie. Ek neem aan hy het van al die kluis sleutels gehad ja. (10)

VOORSITTER: Ja maar het hy beheer gekry? Kyk hy het beheer gekry nie omdat lêers weg is nie, hy het beheer gekry omdat daar paniek is oor die kommissie. -- Wel hy is toe verantwoordelik gehou vir die beheer oor die lêers met die sleutel.

Ja, so die lêers het weggeraak nadat hy daardie beheer oorgeneem het of voordat hy die beheer oorgeneem het? -- Nee ek weet nie, ek sou sê dit het voor dit gebeur.

Is u seker? Ek dink u maak 'n fout. -- Wel dan was dit in daardie omgewing gewees van net voor of net na, ek kan nie onthou nie. (20)

Gaan maar voort.

MNR. BERTELSMANN: /...

K45.32

- 1227 -

BRITS

MNR. BERTELSMANN: Wie was die persoon wat by Spesmagte se hoofkantoor die kluis se sleutel gehad het? -- U praat nou van toe Braam dit oorgeneem het?

Nee, voor Braam dit oorgeneem het. -- Die dame.

Die dame? -- Ja.

Goed. Met ander woorde ons sê die dame wat by Spesmagte se (30)

hoofkantoor toesien dat die lêers in die aand toegesluit word in die kluis, is dit reg? -- Dit is korrek.

Waar word die sleutel gebêre na sy toegesluit het? -- Ek weet nie, sy het alleen beheer gehad oor die sleutel.

Sy had alleen beheer? -- Ja.

Goed, niemand anders nie? -- Ek weet nie.

Bedags word die lêers, roetine, as 'n roetine afgevat na Pretoria-Wes toe? -- Op aanvraag.

Op aanvraag. Andersins bly hulle daar in die kluis? -- Dit is korrek.

En by Pretoria-Wes het Braam toegang en wie nog? -- Almal, (10)
al die binnekring het toegang tot Pretoria-Wes kantoor.

Het almal sleutels vir die kluis? -- Nee.

Wie het sleutels vir die kluis in Pretoria-Wes? -- Braam.

En wie nog? -- Ek dink die besturende direkteur.

U dink? -- Hy het ook 'n sleutel ja.

Nou sê vir my, na die paniek toe nou ontstaan het as gevolg van die aanstelling van hierdie agbare kommissie, is die dame se beheer oor die kluis by Spesmagte se hoofkantoor van haar ontnem en nou was Braam ook daarvoor verantwoordelik, is dit reg? -- Nee, (20)
sy het 'n gesondheidsprobleem ontwikkel.

En na die paniek ontstaan het is die sleutel wat die besturende direkteur gehad het ook aan Braam oorhandig? --

Ek /...

K45.33

- 1228 -

BRITS

Ek weet nie. Ek weet nie.

Goed. Nou, mnr. Brits hoeveel mense was normaalweg be-sig by die Pretoria-Wes kantoor? Hoeveel mense het die norma-le verloop van sake daar gewerk? -- Ek sal nou vir u sê, om-trent (30)
agt na 10 mense daagliks.

Goed. -- Op 'n roterende basis.

Hoeveel mans, hoeveel dames? -- Omtrent die helfte mans helfte dames.

Helfte mans, helfte dames. Want sien hierdie agbare kommissie het deur een van sy ondersoekbeampies luitenant- kolonel Wright getuienis aangehoor van gebeure op die 28 Fe-bruarie 1990 ... (tussenbeide)

VOORSITTER: Watter bewysstuk is dit?

MNR. BERTELSMANN: Dit is, ek het dit uit die notule mnr. die Voorsitter, ek dink dit moet Volume I wees, bladsy 57 en verder.

VOORSITTER: Ja dit is 57. Ja.

(10)

MNR. BERTELSMANN: Was u op daardie perseel teenwoordig mnr. Brits, toe kolonel Wright in geselskap van die polisie gekom het om die perseel te deursoek? -- Negatief.

U was nie daar nie? -- Nee.

Nou, as ek dit nou reg verstaan word lêers wat aangevra word in die oggend van Spesiale Magte se hoofkantoor afgebring na Pretoria-Wes toe, is dit reg? Vra u dit die vorige dag aan? -- Ja of in noodgevalle kan jy dieselfde dag aanvra.

En dan ry die dame soontoe en sy bring dit terug? -- Ja.

Sy bring die betrokke lêer of sy haal die betrokke lêer? -- Ja.

(20)

Is dit reg? Verstaan ek u reg? -- Mm.

Goed. Nou lui kolonel Wright se getuienis soos volg, na hy nou probeer het om saam met generaal Van der Westhuizen toegang /

K45.34

- 1229 -

BRITS

toegang te kry, na ongeveer drie minute na hy oor die muur geklim het en aan die deur geklop het is daar eers vir hom oopgemaak, maar voor die tyd, en ek verwys na bladsy 57, mnr. die Voorsitter:

"Op hierdie stadium het ek deur 'n skreef in die deur geloer en gesien dat twee dames met tasse om die huis stap. Ek het toe bo-op die muur geklim en ek het toe oor die muur gespring en na die huis gestap."

(30)

Nou vraag 1, wie sou hierdie dames gewees het? -- Ek weet nie, ek dra nie kennis van wie dit kan wees nie.

U sê daar is vier of vyf dames wat daar werk, is dit reg? -- Ja.

Waar kan ons hulle name kry? -- Ek dink die kommissie het hulle name.

Goed. Is dit normale praktyk dat dames wat by Pretoria-Wes werk met lêers van die BSB dit in tasse pak en om die huis daarmee wegstap terwyl die polisie toegang tot die perseel wil kry?

VOORSITTER: Wel ek dink nie dit is normale praktyk dat die polisie daar instap nie.

MNR.

(10)

HATTINGH: Mnr. die Voorsitter daar is ook nie getuienis dat daar lêers in daardie tasse was nie.

VOORSITTER: Ja maar ek dink 'n mens kan afleidings maak.

Ja. Ek dink die vraag is is dit gewoon dat dames daar met tasse om die gebou rondloop? -- Ja wel as jy na jou kar toe stap, stap jy met jou tas in jou hand.

MNR. BERTELSMANN: Dra u kennis van hierdie voorval mnr.

Brits? -- Van die voorval?

Ja, op 28 Februarie vanjaar? -- Ek dra kennis ja.

Goed. Hoe het u daardie kennis opgedoen? -- Ek het

(20)

met /...

K45.36

- 1230 -

BRITS

met van die mense gepraat wat daar was.

Met wie?

VOORSITTER: U kan, herhaal net die administratiewe name. -- Ek kan vinnig dink aan ek het met Braam gepraat omdat hy daar in beheer was en ek het met een van die ander dames gepraat.

En het Braam lekker gekry dat hulle niks gekry het nie? -- Hy het so, hy het breed geglimlag.

(30)

MNR. BERTELSMANN: Nou wat het hy u vertel van hierdie evacuëering van die lêers sodat dit polisie oor die muur geklim het? -- Ekskuus

wat was die vraag?

Wat het

Braam vir u vertel van hierdie blitsevakuasie van die lêers? -- Hy het gesê dit het nie gehelp nie, hulle is nog steeds gevang.

Ek sien. Hy sê ten spyte van die feit dat wat, is hulle nog steeds gevang? Wat wou hy gedoen het, wat wou hulle gedoen het? -- Nee ek weet nie, ek dink dit is 'n natuurlike reaksie om, as jy betrokke is by BSB-aangeleenthede dat jy jou lêers sal beskerm sover as wat jy kan.

Ek sien. Goed. Met ander woorde, en dit is eintlik waarop dit neerkom mnr. Brits, volgens die mededeling wat Braam aan u
(10)
gemaak het, kan daar geen twyfel bestaan dat daar 'n poging aangewend is om hierdie lêers vir die beamptes van hierdie kommissie te verberg nie, is ek reg? -- Ek dink dit was 'n natuurlike reaksie.

Dit beskou u as lid van die BSB as 'n natuurlike reaksie? -- Ja.

Dit is insiggewend. Goed. Nou, mnr. Brits, u het sedertdien seker ook nie gepoog om vas te stel waar hierdie lêers tans dalk weggesteek is nie, of het u? -- Ek het, maar elke keer voor dooiemansdeur.

Maar /...
(20)

K45.38

- 1231 -

BRITS

Maar u beskou dit as 'n natuurlike reaksie mnr. Brits dat hierdie lêers verberg moet word nie waar nie? -- Soos ek vir u sê dat as daar mense, enige mens kan met 'n storie by die kantoor opdaag om moontlik toegang te kry tot van ons lêers.

Ja mnr. Brits, ons weet nou daar bestaan nou al vir 26 dae lank paniek by die BSB omdat die kommissie aangestel is, dit is u woorde nie waar nie? Korrek? -- Ja.

VOORSITTER: Ja al wat die advokaat bedoel is dat dit is na 26
(30)
dae het die kommissie se beamptes daar aangekom met 'n beslagleggingsbrief. -- O, ja.

MNR. BERTELSMANN: Goed, en ten spyte van die beslagleggings-brief, ten spyte van die aanstelling van die kommissie, beskou u dit as die natuurlike reaksie om die lêers te probeer verberg? -- Ja dit is hoe ek voel.

Goed. Gaaf, so mnr. Brits as ek aan die einde van die dag sou argumenteer dat u klaarblyklik nie baie hard geprobeer het, gepoog het om lêers van hierdie, van die BSB vir hierdie kommissie te vind nie, dan sal u my seker nie verkwalik nie, nie waar nie? -- Ek het uitgevind, daar is vir my gesê die lêers is nie beskikbaar nie. Ek sien. Met 'n (10)
breë glimlag? -- Nee wel dit is 'n grappie met 'n ander geleentheid.

Ek volg. Goed. Nou mnr. Brits hoeveel "limpet"-myne, of kom ons sê maar kleefmyne het u in 1989 hanteer? -- Ek weet nie of daardie vraag my moontlik mag inkrimineer nie.

Nee wat, ek vra u net 'n getal? U hoef my nie te spesifiseer waarvoor u die "limpet", die kleefmyne gebruik het nie, myn of myne, een of meer? -- Wel ek kan nie dink aan een voorval nie.

U kan nie dink aan een voorval nie? Goed kom ons
verfris /...

K45.40 - 1232 - (20)
BRITS

verfris u geheue so 'n bietjie, ek dink die dagboek is tans weer beskikbaar. U kan miskien vir ons daarna kyk.

VOORSITTER: Sal u net na die dagboek kyk asseblief?

MNR. BERTELSMANN: Maak dit maar oop op 29 Augustus 1989. Nou voordat u nou daardie aantekening lees moet ons miskien net so 'n klein bietjie meer van die status van hierdie dagboek op rekord kry mnr. Brits. Hierdie is u persoonlike dagboek, is dit reg? -- Dit is korrek.

Het u persoonlike aantekeninge in hierdie dagboek gemaak wat net op u persoon of u familie betrekking het? -- Ja meesal (30)
op my as persoon in my werkshoedanigheid.

Goed, maar u het ook BSB-aantekeninge in hierdie dagboek
gemaak, is dit reg? -- Ja.

Goed, die aantekeninge wat in daardie dagboek is, is almal
in u handskrif, is dit reg? -- Ja.

En ek aanvaar dat dit kontemporêre aantekeninge is, met ander
woorde soos wat dinge gebeur het, soos wat u aan dinge gedink het,
soos wat u opdragte gekry het of planne moes beraam of projekte
moes uitvoer, het u aantekeninge gemaak nie waar nie? -- Ja.

Waar is u 1988
dagboek? -- Dit is ook ingegee by registrasie.

(10)

By registrasie? -- Ja.

Nou, registrasie waar is, met ander woorde in
Pretoria-Wes? -- Nee, nee by die ... (tussenbeide)

Verskoning? -- Nee, by die Spesmagte registrasie.

By Spesmagte se registrasie. So, weet u of hy nog
bestaan? -- Nee ek weet nie.

Hoekom het u hom daar ingegee? -- Dit was maar net uit, dit
was deel van die beleid dat ou dagboeke word teruggegee. So, /...

K45.41

- 1233 -

BRITS

(20)

So, BSB was bewus daarvan dat u hierdie dagboek hou? -- Hierdie
dagboek?

Ja?

VOORSITTER: Of dat u 'n dagboek hou? -- Wel ja ek het hom toe
nog in my besit gehad.

MNR. BERTELSMANN: Ja, nee maar die, was dit staande praktyk,
staande beleid dat 'n koördineerder 'n dagboek hou? -- Ja.

Goed, so met ander woorde u het hierdie dagboek inderdaad
gehou in die uitvoering van u amptelike pligte as koördineerder
van Streek 6? -- Ja.

Goed.

(30)

Nou weet u of die 1988 dagboek nog bestaan of nie? -- Nee ek weet
nie.

Wie moet ons vra as ons dalk in die 1988 dagboek wil gaan kyk? -- Moontlik die registrasiebeampte.

Goed, kan u vir ons 'n naam gee? -- Wel dit is die dame.

VOORSITTER: Dit is daardie dame.

MNR. BERTELSMANN: Goed dit is daardie dame, goed. Waar is u 1989 dagboek? -- Dit is nou seker hierdie een.

En u 1990 dagboek? -- Dit is in my besit.

Goed, waar het u die dagboeke gehou terwyl u daarin gewerk het? -- Dit was heeltyd in my aktetas.

Goed, het u die 1990 dagboek hier? -- Negatief.

Kan ons hom vanmiddag dalk kry ter insae? -- Wel as ...

(10)

(tussenbeide)

Is dit moontlik? -- As ek dit moontlik vir u more kan bring sal dit vir my makliker wees,

Of more? -- Ja.

Goed. Nou voordat ons nou na die dagboek toe gaan net nog een ander punt. As koördineerder het u as skakel tussen die binnekring en die buitekring opgetree nie waar nie? -- Ja. Nou /...

K45.42

- 1234 -

BRITS
(20)

Nou as daar dan 'n boodskap uit die binnekring na die buitekring toe moet gaan, dan sou die boodskap heel dikwels aan u gegee gewees het sodat u dan met die voorsitter of wie ook al die betrokke lid is, kan skakel en die boodskap aan hom kan oordra, is dit reg? -- Ja.

Gaaf. Nou kom ons gaan nou na die 29 Augustus 1989 toe. U sê u kan, u sê nou u kan nie onthou van een kleefmyn wat u laas jaar hanteer het nie, het u netnou gesê? -- Nee ek kan nie, nee.

Goed, nou kan ons 'n bietjie kyk na u aantekening vir die 29 Augustus? Wat staan daar bo? -- Daar staan kry "limpet".

(30)

Goed, kom ons hou dit maar net daar op hierdie stadium. En u het gister getuig, mnr. Brits, dat daardie aantekening verwys

na die verkryging van 'n kleefmyn, is dit reg? -- Ek weet nie of ek dit gesê het nie, dit is seker so.

U kan nie onthou wat u gister vir die agbare kommissie ten opsigte van u bedrywighede gesê het nie mnr. Brits? Is u ernstig? -- Ek is baie ernstig.

VOORSITTER: Ja.

MNR. BERTELSMANN: Goed, laat ons u geheue verfris. U het gister vir die kommissie gesê hierdie "limpet" verwys na 'n kleefmyn wat u moes verkry ten opsigte van wat u gedink het, dit was u eerste antwoord, betrekking sou gehad het op 'n buitelandse projek, is dit reg? -- Goed. (10)

Is dit wat u gister gesê het? Het ek u billik aangehaal? -- Ek dink u herinner my daaraan ja.

Goed, nou mnr. Brits, ons praat natuurlike van 'n Russiese kleefmyn, nie waar nie? -- Dit is heeltemal reg.

Kan u uself herinner dat u in Augustusmaand laas jaar en op die 1 Augustus 'n opdrag gekry het om 'n kleefmyn te kry, te vind?

K45.43

- 1235 -

BRITS

te vind?

(20)

VOORSITTER: 29 Augustus.

MNR. BERTELSMANN: Ag 29 Augustus, verskoning. -- Ek kan spesifiek onthou dat ek 'n "limpet" wou kry, maar dat daar toe nie een beskikbaar was nie, as gevolg van verskeie logistieke probleme. Ek het gepoog om een te kry en ek kon hom nie kry nie.

O, nou sê u nou vir ons mnr. Brits dat hierdie aantekening "kry 'limpet'" verwys na 'n opdrag wat u nie suksesvol uitgevoer het nie? -- Ja, ek het die ... (tussenbeide) O so.

Nou hoekom het u nie gister vir ons agbare kommissaris gesê u het geprobeer om 'n "limpet" te kry maar dit het nie gewerk nie? -- Wel dit was bedoel vir 'n buitelandse organisasie. (30)

Was dit ... (tussenbeide) -- Vir 'n buitelandse projek. Ek wou dit in die hande kry en ek kon dit nie in die hande kry later.

Is u nou seker mnr. Brits dat hierdie "limpet"-myn bedoel was vir 'n buitelandse projek? -- Ja.

U is positief seker? -- Ja.

Goed. Nou, mnr. Brits kan u dan vir my verduidelik waarom u gister, toe u deur my geleerde vriend mnr. McNally gevra is of hierdie "limpet"-myn nie dalk toevallig betrekking gehad op die Athlone-projek wat twee dae later plaasgevind het, u nie vir my geleerde vriend onmiddellik gesê het nee dit was vir 'n buitelandse projek nie? -- Ja. (10)

Waarom het u nie vir hom so gesê nie? -- Ek het gesê dit was vir 'n buitelandse projek.

Nee mnr. Brits. Toe mnr. McNally u spesifiek vra, het hierdie kleefmyn nie dalk betrekking op die ontploffing

in /...

K45.45

- 1236 -

BRITS

in die kleuterskool op Athlone nie, wat het u toe geantwoord?

VOORSITTER: Wel ek dink stel aan die getuie wat hy geantwoord het want anders as hy nou antwoord dan, hy het gesê hy wil nie daardie vrae antwoord nie want dit kan impliseer ..(tussenbei) (20)

MNR. BERTELSMANN: Ja, nee ek het net gevra wat het hy toe gesê, wat was sy antwoord, dit was my punt.

VOORSITTER: Nee maar hy, ja maar u is besig om te - sê vir hom wat hy geantwoord het. Ek vra u om aan hom te stel wat hy geantwoord het. MNR.

BERTELSMANN: Ja, soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Toe het u vir my geleerde vriend gesê u verkies om daardie vraag nie te antwoord nie, is dit korrek? -- Ja. (30)

En u het in u beëdigde verklaring vir die agbare kommissie aangedui dat u verkies om ten opsigte van Athlone, die

Athlone-projek, nie vrae te beantwoord nie omdat u bevrees is dat u uself aan strafregtelike vervolging kan blootstel, is dit reg? -- Dit is korrek.

Nou vra ek u weer mnr. Brits, is u seker dat die verkryging van hierdie kleefmyn betrekking gehad het op 'n buite-landse projek? -- Ja ek is seker daarvan.

Nou mnr. Brits, kan u vir my die volgende eienaardigheid verduidelik, eienaardighede:

a) Waarom het u toe, met verwysing na Athlone, vir mnr. McNally gesê u verkies om daardie vraag nie te antwoord nie, terwyl u net vir hom kon gesê het dit het niks daarmee, dit het nie daarop betrekking nie? -- Omdat ek bewus was van die toeval, dat ek my moontlik mag inkrimineer as gevolg daarvan. (10)

O, u is bewus van die toeval? Goed.

b) Hierdie dagboek van u is selektief aan die regspanne

hier /...

K45.48

- 1237 -

BRITS

hier in die kommissie beskikbaar gestel, nie waar nie mnr.

Brits? -- Nie selektief nie. Die kommissie het aan my 'n dagboek getoon en hulle het dan ook uittreksels gemaak wat van toepassing is volgens hulle. (20)

Ja, nee maar dit is die punt, daar is 'n seleksie gemaak. -- Ja.

Daar is 'n keuse gemaak en die keuse wat gemaak is, of die gedeeltes wat uitgesoek is was gedeeltes uit die dagboek wat betrekking gehad op die binnelandse projekte van BSB, is dit reg?

VOORSITTER: Nee, nee ek dink nie dit is baie billik nie. Wat na die oordeel van die beamptes van die kommissie moontlik betrekking kon hê op binnelandse projekte. Ek bedoel die kommissie se beamptes kan mos nie besluit dat dit inderdaad die "limpet"-myn vir daardie plek was nie. (30)

MNR. BERTELSMANN; Nee, verskoning mnr. die Voorsitter. Maar mnr. Brits ek het toe gister aan die einde van die verrigtinge insae in hierdie dagboek versoek en ek het spesifiek en met voorbedagte rade gevra dat u na hierdie dagboek moet kyk en seker moet maak dat ek nie insae kry in enige projek wat 'n buitelandse projek is nie, kan u dit onthou? U was teen-woordig in die saal toe ek dit gedoen het? -- Ja.

Nou is dit korrek dat u u regsverteenwoordigers, of dan die BSB se regsverteenwoordigers bygestaan het met die nagaan van hierdie dagboek om te verseker dat ek nie ongemagtigde inligting, (10) of inligting, geklassifiseerde inligting ongemagtig verkry nie? -- Ja.

En is dit korrek mnr. Brits dat ten spyte van die feit dat dit gebeur het, hierdie bladsy nog steeds nie as 'n bladsy gemerk is wat 'n mens geen toegang kan kry nie.

VOORSITTER: /...

K45.49

- 1238 -

BRITS

VOORSITTER: Nee, ag nee, nee, die bladsy is deur ons openbaar gewees, ek dink nie u kan daardie afleiding maak nie. -- Die bladsy (20) was beskikbaar.

Ek dink nie dit is 'n billike afleiding nie. Die kommissie het besluit dat dit is relevant.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Wie het die versoek tot u gerig dat u die "limpet"-myn moet verkry? -- Ek het self die projek gegenerer en dit was op my eie aansoek, eie aanvraag.

Goed. Nou kom ons bly by die dagboek op hierdie stadium mnr. Brits. Ons het nou vasgestel dat u opdragte ontvang en opdragte verder lei uit die binnekring na die buitekring, al na gelang van (30) omstandighede, nie waar nie? Is dit reg? -- Nie alle opdragte nie.

Nie alle opdragte nie. Van tyd tot tyd? -- Ja.

Nou kom ons kyk nou na die 1 Augustus 1989. Daar staan die volgende aantekening:

"Bert moet Grosskopf jaag en sy ondersteuners laat omval."

Is dit reg? -- Dit is korrek.

En dan op die volgende reël:

"- G. Evans."

-- Dit is korrek.

Weet u wie G. Evans is? -- Ja.

Wie is hy? -- Dit is Gavin Evans.

(10)

Wat doen hy? -- Hy is 'n E.C.C.-lid, as my geheue reg is.

Goed, weet u wat sy beroep is? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

U weet nie. Goed. Nou, mnr. Brits hierdie aantekening "Bert moet Grosskopf jaag" waarom het u dit gemaak? -- Dit was 'n opdrag van die voorsitter af.

Goed. /...

K45.50

- 1239 -

BRITS

Goed. Met ander woorde het ek die scenario reg mnr. Brits?

Die voorsitter skakel vir u op 1 Augustus 1989, is dit reg? -- Negatief.

(20)

Het u hom gesien? -- Die voorsitter praat met die besturende direkteur.

Ek sien. -- En hy praat met my en hy sê dit kom van die voorsitter af.

Goed. Nou, die voorsitter praat dus met die besturende direkteur, die besturende direkteur skakel vir u? -- Ja.

En sê hier is 'n opdrag wat nou van die voorsitter kom? -- Ja.

Korrek? Dit is met ander woorde van heel bo? -- Ja.

(30)

En sê hierdie opdrag is: "Bert moet Grosskopf jaag en sy ondersteuners laat omval? -- Ja.

Goed dit is die opdrag wat u verder moet gee, is dit reg? -- Ja.

En dan staan daar onder "Gavin Evans" of "G. Evans" is dit reg? -- Ja.

Met ander woorde is Gavin Evans een van die ondersteun-ers? -- Negatief, dit is 'n aparte punt wat gehandel het oor, ek wou met die mense praat terwyl ek gaan gesels met die lede van Streek 6, wil ek hoor wat is die nuutste inligting beskikbaar op Evans.

Goed. -- Geen verband met die boonste reël nie.

Ten spyte van die feit dat daar 'n koppelteken staan? -- Ja
(10)
ten spyte daarvan.

Ek sien. Nou, die woord "omval" mnr. Brits, beteken in die ietwat bisarre taalgebruik van die BSB doodmaak, nie waar nie? -- Ja, 'n mens kan so sê.

Wel dit is wat u verstaan het, nie waar nie? -- Ja.

En /...

K45.51

- 1240 -

BRITS

En dit is wat u weet Bert sou verstaan het as u die opdrag aan hom oorhandig, oorgedra het, nie waar nie? -- Ja.

(20)

En as getroue administratiewe beampte van die BSB, aanvaar ek mnr. Brits dat u aan hierdie opdrag uitvoering gegee het. -- Wel ek wil vir u sê ek het aan die opdrag uitvoering gegee, ja.

Goed. Nou ons weet ook wie is Bert, nie waar nie? -- Ja.

Goed. Dit was mnr. Staal Burger, is ek reg? -- Ja.

Met ander woorde u kry dus van die voorsitter van die BSB op 1 Augustus 1989 die opdrag dat Grosskopf gejaag moet word en dat sy ondersteuners gedood moet word, korrek? -- Ja.

Nou, ons weet ook dat daardie opdrag gegee word aan die besturende, aan die voorsitter van die binnelandse streek van die BSB, korrek? -- Ja, die streekbestuurder.
(30)

Aan die streekbestuurder.

VOORSITTER: Was mnr. Burger uitsluitlik binnelands
gewees? -- Negatief.

MNR. BERTELSMANN: Goed, nou wie was Grosskopf se
ondersteun-ers? -- Dit was die mense wat saam met hom in Zambië,
saam met hom gewerk het en wat sy ondersteuners was wat moontlik
betrokke was by die plasing van hierdie motorbom in die R.S.A.

Ek sien. Nou goed, kom ons kyk nou so 'n bietjie verder.

Mnr. Evans was ook 'n projek van BSB nie waar nie? -- Dit is korrek.

En ons weet uit getuienis wat voor hierdie kommissie gelei
is dat daar, as deel van daardie projek, beplan is dat mnr. Evans
om die lewe gebring sou word, is dit reg? (10)

VOORSITTER: Het die getuie nie gesê dat dit hom sal inkrimineer
nie mnr. Bertelsmann. -- Ja.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Nee maar met respek u edele
... (tussenbeide)

VOORSITTER: /...

K45.54

- 1241 -

BRITS

VOORSITTER: Nou hoekom, u weet ek wil nie met elke, u weet dit
was 'n algemene versoek gewees. As ek nou elke, ek dink u moet
maar net dit eerbiedig. (20)

MNR. BERTELSMANN: Ja, ek sal probeer om dit nie te oortree nie.

Nou mnr. Brits weet u dat mnr. Evans in Juniemaand en in die
begin van Juliemaand by 'n konferensie was in Lusaka? -- Nee.

Dat dit 'n konferensie was van die Five Freedom's Forum? -- Ek
weet nie daarvan nie.

En dat by daardie konferensie, onder andere, teenwoordig was
mnr. Grosskopf? -- Dit is nuus vir my.

En weet u dat mnr. Evans verslag gedoen het vir die "Weekly
Mail" uit Lusaka uit, en dat hy op 6 Julie 1989 'n foto van mnr.
Grosskopf geplaas het na aanleiding van en in verband met daardie
konferensie en dat sy naam by daardie foto gestaan het? -- Ek dra (30)

nie kennis daarvan nie.

U dra nie kennis daarvan nie. Is dit feite wat in die normale loop van sake onder die aandag van persone wat by pro-jekte betrokke was sou gekom het? -- As hulle daarvan te hore gekom het ja.

Goed.

Nou kan ek aanvaar dat, soos u reeds aan ons agbare voorsitter bevestig het, dat die voorsitter bewus was van die feit? -- Ek kan nie sê ... (tussenbeide)

Verskoning, laat ek net die vraag klaar maak, bewus was van die feit dat mnr. Evans se naam in die bedrywighede van die BSB genoem is? -- Ek weet nie of 'n mens kan sê hy moet bewus wees nie, soos ek sê ek het die naam suiwer vir myself geskryf om te gaan praat met die mense wat die moniterings-aksies uitvoer. Dit is nie deel van die opdrag, soos ek aan u uitgespel het nie, dit is 'n aparte punt. So ek kan nie sê hy sou op daardie

stadium /...

K45.58

- 1242 -

BRITS

stadium kennis gedra het daarvan nie.

Wel het, u getuienis vanoggend was, op 'n vraag van die voorsitter, van ons agbare voorsitter, dat die voorsitter van die BSB van al die projekte bewus was. -- Ja. (20)

Goed, met ander woorde hy sou ook ten opsigte van hierdie spesifieke projek daarvan bewus gewees het nie waar nie? Kennis gedra het? -- Hy sou kennis gedra het maar dit was nie in dieselfde verband oorgedra nie.

Toe u die opdrag ontvang het is die naam van hierdie persoon hoegenaamd genoem? -- Van Evans?

Ja? -- Negatief, ek kan nie onthou nie.

U kan dit nie onthou nie? -- Nee.

Goed. Nou, mnr. Brits u het verder gister getuig ten opsigte van die bladsye wat in hierdie dagboek ontbreek, nie waar (30)

nie? -- Ja.

Nou kan u vir ons aandui, weet u watter bladsye in hierdie dagboek ontbreek? -- As u my sal toelaat om te soek.

Miskien kan ek dit vir u makliker maak as u moet ... -- Ek is hier by, met ander woorde 12-13 September.

12-13 September, ja dit is 'n bladsy wat uit is, dit is reg. -- Is daar nog?

Ja daar is nog. 31 Augustus, sal u bietjie daarna gaan kyk? -- Ja.

31 Augustus is netjies so die boonste helfte van die bladsy (10) is uitgeknipt, is dit reg? -- Dit is korrek.

En dan ontbreek die 1 September en die 2 en 3 September in sy geheel, is dit reg? -- Dit is korrek.

Goed, nou mnr. Brits ontbreek daar enige ander bladsye behalwe hierdie uit die dagboek? -- Nee, nee ons het deurgegaan, nee daar is nie ander nie. Ja. / ...

K45.60

- 1243 -

BRITS

Ja, ek het dit vanoggend ook nagegaan. Ontbreek daar enige ander gedeelte van enige ander bladsye uit hierdie dagboek, wat u van weet, nadat u die dagboek nou gister weer deurgegaan (20) het? -- Nee, nee daar was nie ander nie. Nee, nie wat ek so vinnig dink nie.

Daar is heel agter in die dagboek is daar etlike oop bladsye vir aantekeninge en telefoonnommers en adresse, nie waar nie? -- Ja.

Goed, daar is een klein hoekie wat ook netjies uitgeknipt is as u mooi kyk. -- Ja.

Maar dit is al bladsye wat ontbreek, nie waar nie? Is dit reg? -- Ja.

Nou u sê vir ons vanoggend, mnr. Brits, dat hierdie bladsye, (30) dat hierdie dagboek is 'n amptelike dagboek wat u hou in opdrag

van die BSB, is dit reg? -- Dit is korrek.

En wat ook weer ingehandig moet word nie waar nie? -- Dit is korrek.

Nou mnr. Brits u het gister ook in antwoord op 'n vraag van my geleerde vriend getuig dat hierdie bladsye vir 'n spesifieke doel verwyder sou wees, is dit reg? -- Dit is korrek.

Nou kan u vir ons, kan u onthou wat u gister gesê het? -- Ja.

Wat het u gesê? -- Dit was op 'n spesifieke lêer geplaas, ek kan nie onthou watter lêer nie, wat te doen gehad het met informasie rondom 'n spesifieke projek.

(10)

U het gesê in die eerste instansie, u het aantekeninge gemaak op daardie bladsye as u nie ander papier beskikbaar gehad het nie. -- Dit is korrek.

En dit dan uitgeskeur? -- As dit belangrik was of nodig was om dit op die projeklêer te plaas.

O, ek /..

K45.61

- 1244 -

BRITS

O, ek sien, dit is nou as nou nie ander papier beskikbaar was nie, dit is wat u gesê het? -- Ja en dat daar moes later terugverwys word waar ander mense ook insae het op die lêer en dit nie net in my dagboek is nie.

(20)

En u het gesê u het dit verskeie kere gedoen, is dit reg?

Kan u onthou dat u dit gesê het? -- Ja.

Nou mnr. Brits u is seker daarom bewus daarvan dat daar 'n opvallende toevalligheid is oor die datums van die bladsye wat ontbreek, nie waar nie? Of is dit vir u nie duidelik nie? -- Ek weet nie waarna u verwys nie.

U weet nie waarna ek verwys nie. Wat het op 31 Augustus 1989 gebeur mnr. Brits? Of wil u liever nie daardie vraag liever nie antwoord nie, want dit is 'n projek wat u aangedui het u nie wil antwoord nie? -- Wel as dit oor dieselfde tyd val, ja.

(30)

Goed. Dit is die verskoning mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Ja ek dink stel liever die goed wat jy wil stel.

MNR. BERTELSMANN: Goed dit was die dag, die 31 Augustus waarop die bom, die kleefmyn in die Early Learning Centre in Athlone ontplof het, is dit reg? -- Ja, as u so sê.

Verskoning? -- As u so sê ek is nie seker van die datums nie.

Goed, u kan aanvaar dat dit so is. En wat het op 12 September 1989 gebeur mnr. Brits? Op 12 September 1989 is advokaat Anton Lebowski vermoor, is dit reg? -- Ja.

Nou van al die datums waar u bladsye uit u dagboek uitskeur val die een op die datum waarop projek Athlone afgerond word en die ander ene op die datum waarop Anton Lebowski vermoor word, korrek? -- Wel dit is waarna dit lyk, ja. (10)

Nou mnr. Brits, die volgende vraag wat ek aan u gaan

stel /...

K45.64

- 1245 -

BRITS

stel is 'n vraag wat u moontlik sal verkies om nie te antwoord nie, ek stuur dit vooraf omdat dit moontlik betrekking mag hê op een van die aspekte waaroor u verkies om nie te getuig nie. Wat het u op die gedeelte van die bladsy van 31 Augustus 1989 geskryf wat nou uitgesny is? -- Ek kan ongelukkig nie vir u sê nie omdat ek nie kan onthou nie. (20)

U kan dit nie onthou nie? -- Dit kan suiwer inligting wees, dit kan 'n begrotingsverslag wees, ek is nie seker nie.

Kan dit betrekking hê op hierdie spesifieke projek? -- Nie noodwendig nie.

Nie noodwendig nie. Maar dit is moontlik? -- Wel soos ek sê ek kan nie onthou nie.

Nou sê vir my mnr. Brits wat het op die datum 12 September 1989 in u dagboek gestaan? -- Ek kan weer eens vir u sê ek weet nie. (30)

Waarom is dit uitgehaal? -- Weer eens ek het mos gesê dit

kan moontlik 'n inskrywing wees wat ek op lêer geplaas het.

En waar is die lêer waar daardie inskrywing sou wees? -- Ek is weer eens nie seker of dit op die binnelandse of buitelandse lêers geplaas is nie. Is dit moontlik dat hy op 'n buitelandse lêer geplaas is? -- Daar is 'n moontlikheid.

Goed. Kan u dit vasstel? -- Ja.

Goed. Sal u dit vir ons vasstel? -- Ja.

Verskoning u edele, ek sien dit is na 11h15.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. DIE KOMMISSIE HERVAT.

(10)

CHRISTO BRITS: nog steeds onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN (vervolg): Net ter afsluiting op hierdie punt van die bladsy wat nie daar is nie mnr. Brits, sal u bietjie kyk na die datum 7 Augustus 1989 in /...

K45.68

- 1246 -

BRITS

in u dagboek? Het u die bladsy? -- Ja.

En daar staan onder andere 'n aantekening dat daar 'n in-huis gereël moet word, is dit reg? -- Net kyk waar u is. Waar staan dit op die bladsy? (20)

Ek sal dit nou vir u vind.

VOORSITTER: Die 7 Augustus.

MNR. BERTELSMANN: 7 Augustus u edele. Ek is jammer ek het net vanoggend geleentheid gehad om hierna te kyk edele, as ek miskien 'n bietjie lank vat, maar miskien het ek ... (tussenbeide)

VOORSITTER: Nee ek dink nie dit is hierdie bladsy nie.

MNR. BERTELSMANN: Verskoning, dit was, moontlik is dit die volgende bladsy of die vorige bladsy. Verskoning u edele daar is, die aantekening staan in, êrens in Augustus, ek het dit nou, klaarblyklik die verkeerde bladsy gekry. Kan ek dit laat afstaan (30)

tot na ete toe?

VOORSITTER: Ja ek dink daar was gister was daar 'n bladsy waar dit op gestaan het.

MNR. BERTELSMANN: Ja.

VOORSITTER: Ek sal gou kyk. MNR.

BERTELSMANN: Nou ek sien, maar u het in elk geval 'n aantekening in die boek dat daar op 4 en 7, 4 tot 6 September 'n in-huis gereël moet word vir aanbied van projekte, "die beheerlêer is glo by Werner", is volgens die aantekening wat ek gemaak het toe ek vanoggend deur hierdie boek gegaan het, kan u dit onthou? -- Ja (10)
ek het dit voor my, dit staan hierso.

Is dit op die 7de? -- Ja.

So dit is op die 7de? Gaaf. Nou die in-huis waar daar na verwys word op 4 September, was daar 'n aantekening daaroor op die bladsy? Dit is aantekeningnommer 10 op die bladsy van /...

K45.70 - 1247 - BRITS
van 7 Augustus. Daar staan 4 September tot 6 September in-huis aanbied projekte. -- Ja.

Aanvaar ek dit beteken dit? -- Ja. (20)

Dan is daar 'n aandagstrepie (-) rasionaliseer. -- Ja.

Hou dit verband met die 4 tot 6 September se in-huis? -- Ja ek lei so af.

En dan is daar weer 'n aandagstrepie (-) op die volgende reël, toets vir doelmatigheid. -- Dit is korrek.

Is dit reg? Hou dit verband met die in-huis, of met die aantekening ten opsigte van die in-huis aanbied? -- U sien ek kan nie onthou waaroor die in-huis gegaan het nie, maar ek neem aan dit het moontlik daaroor gegaan.

Goed. So, met ander woorde vraag 1, mnr. Brits, hou die feit dat daardie bladsy van 4 September nie langer in u dagboek (30)
beskikbaar is nie, verband met die in-huis wat u op daardie dag

gehou het? -- Ek weet nie, ek kan nie vir u, ek kan nie, ek weet nie waarom die spesifieke ... (tussenbeide)

VOORSITTER: Is dit die stukkie wat uitgesny is?

MNR. BERTELSMANN: Dit is die stukkie wat uit is. -- Ek weet nie waarom die spesifieke sogenaamde in-huis aanbieding, waarom dit gehandel het nie.

U weet nie? Goed, maar wat egter, die ander aspek wat egter interessant is, mnr. Brits, hierdie aantekening wat u hier gemaak het, het u op presies dieselfde wyse en presies dieselfde styl gemaak as die aantekening wat op 29 Augustus verskyn ten opsigte van mnr. Evans nie waar nie? Is ek reg? -- Met betrekking tot die aandagstrepie? (10)

Met betrekking tot die aandagstrepie. Is dit reg? -- Ja.

Sê u nog, mnr. Brits, dat daardie aandagstrepie voor mnr. Evans niks te doen het met die opdrag dat die vriende van

mnr. Grosskopf/...

K45.73

- 1248 -

BRITS

mnr. Grosskopf van die gras gemaak moet word nie? -- Ek kan onthou dit het nie verband gehou nie.

(20)

U kan dit onthou? -- Ja.

Maar u kan nie onthou wat u spesifiek ten opsigte van mnr. Evans moes doen daardie dag? -- Nee, soos ek sê dit het moontlik gehandel oor die persoon wat daarmee besig was om ... (tussenbeide)

Dit is raaiwerk waarmee u besig is mnr. Brits. -- Dit is wat, ek kan nie spesifiek onthou nie.

Maar u kan baie spesifiek onthou dit het niks met u gesprek met die voorsitter te doen gehad nie? -- Ja.

Ten spyte van die wyse van u handtekening? -- Ja.

Goed. Mnr. Brits ... (tussenbeide) -- Gesprek met die besturende direkteur, nie voorsitter nie. (30)

Ja, besturende direkteur. -- Ja.

Maar nouja die boodskap het van die voorsitter af gekom, volgens wat aan u oorgedra is en volgens wat u aan die streekbestuurder oorgedra het, nie waar nie? -- Korrek ja.

Nou goed, kom ons stap voorlopig af van die dagboek. Ons sal ook by 'n latere geleentheid weer daarna moet terugkeer. U het gesê dat u 'n lid van die staande mag was voordat u na die BSB toe is, is dit reg? -- Dit is korrek.

U sê verder in u beëdigde verklaring dat u versoek is deur die weermag om by die BSB aan te sluit, is dit reg? -- Dit is korrek.

Nou wie het u versoek om na die BSB toe te gaan? -- Die, ek dra nie kennis van die spesifieke werwingsproses nie, maar ek is ... (tussenbeide) (10)

Nee die vraag was wie het met u gepraat, wie het vir u versoek om BSB toe te gaan? -- Die besturende direkteur.

Ek sien. /...

K45.75

- 1249 -

BRITS

Ek sien. In watter eenheid van die staande mag was u voordat u versoek is om BSB toe te gaan? -- Ek het net 'n probleem met daardie vraag dat dit moontlik.

(20)

VOORSITTER: Ja ek weet nie.

MNR. BERTELSMANN: Is dit geklassifiseer? -- Nee dit gaan oor my identiteit.

Identiteit? -- Identiteit ja.

Goed. Wat se prosedures word daar gevolg mnr. Brits, as iemand nou in u posisie in die weermag is en hy word na 'n operasionele eenheid soos die BSB oorgeplaas? Watter administratiewe prosesse word daar in werking gestel? -- Wel die lid word, klaar uit by sy eenheid en hy klaar dan in by sy eenheid waarnatoe hy verplaas word.

(30)

Weet die eenheid waar hy uitklaar waarheen hy gaan? -- Normaalweg ja, maar nie in die geval as 'n persoon BSB

toe gaan nie. Die idee is juis om die eenheid te verlaat asof jy nie weer betrokke gaan wees by 'n ander weermagsdeel nie.

Met ander woorde jy klaar nie uit nie jy bedank? -- Jy bedank later. Ek was eers verplaas waar ek omtrent vir twee jaar nog steeds as 'n dienende lid van die Suid-Afrikaanse Weermag by BSB gewerk het en waar ek toe volgens my verklaring daar datum, ek dink dit is November 1988, het ek toe amptelik bedank.

Ek sien, en toe het u, maar toe u nou in 1987 versoek is om 'n lid van die BSB te word het u nog nie bedank nie? -- Negatief.

Goed, toe is u van 'n eenheid wat ons nie nader hoef te omskryf (10) nie verplaas na die BSB toe? -- Dit is korrek.

Is dit reg dat die BSB in sy huidige vorm om en by in 1987 sy ontstaan gehad het, begin 1987? -- Ja, ek is nou nie seker / ..

K45.78

- 1250 -

BRITS

seker presies van die ontstaan nie, dit is 1986 of 1987.

1986 of 1987. In elk geval ons weet almal, en ek dink u het self melding êrens in die dokumente, ten minste in u dagboek, maak u melding van "barnacle" nie waar nie? -- Ja.

Dit is die voorganger van BSB, is dit reg? -- Dit is korrek. (20)

Goed. U self was nooit in "barnacle" gewees nie? -- Negatief.

Nou as 'n eenheid soos die BSB geskep word, aanvaar ek dat vanweë die buitengewone aard van hierdie eenheid wat, volgens die getuienis voor hierdie kommissie, 'n redelik direkte lyn na die hoogste vlak in die weermag het, dat by die beplanning van die BSB, die skepping van die BSB, die hoogste gesag in die weermag betrokke is en geken word, is dit reg? -- Volgens my beskeie mening behoort dit so te wees.

Behoort dit so te wees.

VOORSITTER: Ja mnr. Bertelsmann ek dink net u vra vir 'n (30) ongekwalifiseerde getuie die vrae. Ek kan net so goed soos hy raai.

MNR. BERTELSMANN: Ja, soos dit u edele behaag. Nou u sê nadat u nou by die BSB aangesluit het is Streek 6 op 'n later stadium geskep, is dit reg? -- Ja.

Nou ons is nou ad idem daaroor dat die BSB 'n operasionele eenheid was, nie waar nie? -- Ja.

Operasioneel in die sin dat hy met kovertse buitelandse operasies besig was en soos dit voor die kommissie gestel is in getuienis hom daarop toegelê het om die vyand maksimaal te ontwrig, is dit reg? -- Dit is korrek.

Is ek reg as ek vermoed, mnr. Brits, dat die skepping van Streek 6 dieselfde oogmerk gehad het? -- Nie om dieselfde oogmerk /... (10)

K45.80 - 1251 - BRITS
oogmerk in die binneland te doen nie, maar wel met die oog op die buiteland, soos in my verklaring slegs die binneland as die geografiese gebied te hou.

Nou verduidelik dit nou so 'n bietjie prakties vir ons mnr. Brits. Wat bedoel u daarmee? -- Ek het nou, in my verklaring het ek dit myns insiens duidelik gestel wat die hele idee was met Streek 6, die binnelandse beleid van BSB. (20)

Nou kom ons kyk 'n bietjie daarna nê? U sê nou eers soos in die, dit is paragraaf 7 van die u verklaring, u bedien u hier van 'n ietwat vae taal:

"Soos in die geval van meeste van die ander streke van BSB was dit ook Streek 6 se verantwoordelikheid om bewegingsvryheid te bewerkstellig binne die geografiese gebied wat aan hom toegeken is."

-- Ja.

Nou die geografiese gebied is die Republiek van Suid-Afrika? -- Dit is reg. (30)

Nou hoe moes hy nou bewegingsvryheid in die Republiek van

Suid-Afrika bewerkstellig? Het hy dit nie gehad nie? -- Daar was bestaande, maar BSB het nie 'n bestaande bewegingsvryheid netwerk gehad nie.

Wat bedoel u met die woord bewegingsvryheid? As 'n wat se eenheid moes hy bewegingsvryheid kry? In watter opsig? -- Om bewegingsvryheid te kry vanuit die binneland vir moontlike vyandelike netwerke wat vanuit die binneland na die buiteland werk, of andersom.

Goed, so as u nou, as u dan praat van 'n geografiese bewegingsvryheid? -- Dit is met ander woorde die mense is gesetel in daardie geografiese gebied en hulle is verantwoordelik dan wat inligting aanbetref, of die insameling, die verantwoordelikheid /...

K45.82

- 1252 -

BRITS

verantwoordelikheid van detail informasie of inligting, is die binnelandse, die binneland van die R.S.A. hulle verantwoordelikheid.

So sê u, verstaan ek u reg, mnr. Brits probeer u suggereer dat Streek 6 se funksie een van die insameling van inligting was? -- Dit is korrek, binnelands. (20)

Binnelands. -- Vir moontlike optredes in die buiteland.

Ek volg. Nou, met ander woorde, om dit nou prakties, om dit nou na 'n praktiese vlak toe te bring, sou dit beteken dat op potensiële of werklike vyande van die Republiek van Suid-Afrika gespioeneer word, dat inligting oor hulle ingewin word met die oog daarop om een of ander buitelandse konneksie te vind, is dit reg? -- Dit is korrek.

En om dus van, as 't ware van Suid-Afrika terug te werk na die buiteland toe? -- Wat die inligting aanbetref. (30)

Wat die inligting aanbetref. Nou u moet my reghelp mnr. Brits, sê vir my as u voel dat u nie kan antwoord nie. Voordat

die BSB se Streek 6 bestaan het het daar 'n uitgebreide, en soos wat 'n mens wil glo, 'n uiters effektiewe inligtingsvergaderingsnetwerk bestaan in Suid-Afrika, nie waar nie? -- Wat die binneland aanbetref ja ... (tussenbiede)

Soos byvoorbeeld Militêre Intelligensie? -- Wat huidiglik nog die geval is ja.

H.S.I., is dit reg? -- H.S.I. ja.

H.S.I., uiters effektief, nie waar nie? -- Ja.

Goed, en natuurlik is Militêre Intelligensie en H.S.I. nie bekommerd slegs oor die binneland nie, dit is die weermag se funksie om die land na buite te beskerm nie waar nie? -- Dit is korrek. (10)

Sy primêre funksie? Nie waar nie? -- Ja.

Ek /...

K45.86

- 1253 -

BRITS

Ek aanvaar mnr. Brits, en u moet my reghelp as ek verkeerd is, dat daar tussen die veiligheidspolisie, tussen Militêre Intelligensie en H.S.I. 'n hartlike samewerking en uitruiling van inligting (band klaar) -- Ek glo so.

Goed.

VOORSITTER: Maar laat ek so sê, kom ons wees meer spesifiek, hoekom was dit nodig vir BSB om aparte, wat vir my skyn 'n losstaande inligtingsnetwerk, te skep as Militêre Intelligensie reeds een het? -- Die doel was om ons eie inligtingsnetwerk van stapel te stuur sodat ons mense kon identifiseer, hulle gewoontes, hulle gedrag, wat moontlik aanwendbaar is vir optredes in 'n buurland of waar sodanige mense geplant word om naby aan mense in 'n buurland te beweeg om dan deeglik kennis te dra van persone of van organisasies in die binneland sodat so 'n persoon geloofwaardig kan oorkom. (20)

Ja maar nou die vraag is hoekom beskou julle vir Militêre Intelligensie nie doeltreffend genoeg om die werk te doen (30)

nie? -- Nee al die inligting wat ons ingesamel het, het ons vergelyk met wat ons beskikbaar gehad, wat wel van daardie agentskappe af gekom het.

Nou hoe

het u dit by daardie agentskappe gekry? -- Daar was bestaande dokumentasie beskikbaar wat by die registrasie was, ek weet nie waar kom dit vandaan nie.

So u weet nie daarvan nie? Weet u of die inligting wat u ingesamel het na Militêre Intelligensie oorgedra is? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Weet u of die inligting wat u ingesamel het na Nasionale Intelligensie oorgedra is? -- Nee mnr. die Voorsitter ek dra nie kennis van 'n konneksie nie. (10)

Het julle, het u met iemand by Nasionale

Intelligensie/...

K46.03

- 1254 -

BRITS

Intelligensie geskakel? -- Negatief.

Het u met iemand by Militêre Intelligensie geskakel? -- Negatief.

Het u voordat Streek 6 geskep is, mnr. Brits, met Nasionale Intelligensie geskakel? -- Nie met Nasionale Intelligensie nie. (20)

Het u voordat Streek 6 geskep is met Militêre Intelligensie geskakel? -- Ek het met Spesmagte Intelligensie geskakel.

En Spesmagte Intelligensie het op hulle beurt met Militêre Intelligensie geskakel, is dit reg? -- Dit is korrek.

En Spesmagte en BSB, mnr. Brits, het juis onder andere, ten doel gehad om buitelandse netwerke op te bou om mense wat vir Suid-Afrika kon help in die buiteland daar te plaas ensovoorts, nie waar nie? -- Ek glo hulle het so gemaak, ja.

Mnr. Brits, u was 'n lid van die BSB voordat Streek 6 geskep is. Was dit die BSB se funksie gewees om sulke mense in die buiteland te plaas voordat Streek 6 geskep is, ja of nee? -- Ja. (30)

En het die BSB daardie funksie vervul voordat Streek 6 geskep is? -- In 'n mate ja. Ek dra net nie kennis van al die projekte nie, ek glo dit het gebeur.

Met ander woorde mnr. Brits wat u nou vir ons sê is Streek 6 is soos u dit nou wil hê, geskep om 'n parallelle organisasie langs Nasionale Intelligensie, langs Militêre Intelligensie, langs Spesmagte se Intelligensie, diens te skep? -- Om nog 'n bykomende diens te skep.

Nog 'n bykomende diens te skep wat in wese presies die-selfde sou wees? -- U sien ek weet nie hoe werk die ander agentskappe nie, maar ek dink die gedagte was moontlik dieselfde. (10)

Ja, /...

K46.04

- 1255 -

BRITS

Ja, met ander woorde as u sê mnr. Brits dat die doel van die skepping van Streek 6 was om 'n inligtingsversamelingsfunksie te skep, was dit 'n duplisering, 'n verdubbeling of verdriedubbeling van reeds bestaande dienste en instansies. -- Ek sou sê dit was 'n mens moet dit miskien nie in daardie lig beskou nie, dit was ... (tussenbei) (20)

Hoekom nie? -- Dit was bloot 'n opdatering, of die self-verkryging van meer vars informasie, as ek dit so kan stel, wat moontlik nie beskikbaar is uit die ander agentskappe nie. U moet ook onthou dat toe BSB amptelike kovert gegaan het, wat hierso November 1988 was, toe was al ons lyne, het toe nie meer bestaan, ons oop skakelnetwerk het nie meer bestaan met hierdie ander agentskappe nie, omrede ons 'n koverte organisasie is.

VOORSITTER: Met ander woorde sedert November 1988, het julle toe kovert gegaan? -- Ons was kovert, maar wat ek bedoel mees-te van die lede het toe bedank, of al die lede het toe bedank en toe was daar niemeer 'n oop skakeling na die bestaande agentskappe nie (30)

en toe moes daar vir sekerheidsredes moes daar toe op meer, op eie inligtingsnetwerke gekonsentreer word.

Met ander woorde wat, soos ek u verstaan, as ons, om miskien in los terme te praat, tot en met November 1988 was BSB, laat ek so sê, 'n amptelike deel van Spesmagte en van November 1988 was, het hy meer probeer in die privaat sektor ... (tussenbeide) -- Ja 'n mens kan dit so ... (tussenbeide) te beweeg met mense wat ... (tussenbeide) -- Met nog steeds die koppeling aan Spesmagte natuurlik.

Ja. -- Ja.

(10)

Ja, maar met 'n dun lyntjie? -- Dit is reg ja.

En toe kon julle nie meer gebruik maak van Militêre

Intelligensie?/...

K46.06

- 1256 -

BRITS

Intelligensie? -- Want wat, jy het nie meer die persoon wat daarmee kan skakel nie anders kompromitteer hy homself, ja.

Ja, so julle wou julleself, lyk my julle wou julleself geheim gehou het vir Militêre Intelligensie ook? -- Wel as die persoon bedank het en hy het 'n goeie rede gehad dan wil hy nie graag bekend raak en nog steeds skakel nie, met die mense terwyl hy in die mag was nie. (20)

MNR. BERTELSMANN: Wel mnr. Brits ek dink die voorsitter het die kern aan u gestel. Wat u sê kom daarop neer dat die skepping van Streek 6 sou beteken het dat u uself sou geheim hou vir Militêre Intelligensie? -- Negatief.

Nou maar goed, hoekom het u dan nie met Militêre Intelligensie geskakel nie? -- Maar ek het nou net vir u gesê wat die probleem was.

Kon Militêre Intelligensie nie met daardie foute vertrou word nie? Is dit wat u sê? -- Ons het gewerk dat as 'n lid bedank het, sê nou maar hy was betrokke by 'n militêre intelligensie (30)

organisasie, dan het hy bedank en hy het nooit weer kontak gemaak met sy vriende nie. Wat is die idee dan dat hy verbonde is aan 'n koverte organisasie?

Mnr. Brits, u het my vraag nie beantwoord nie. Kon Militêre Intelligensie nie met die feit van die bestaan van BSB vertrou word nie? -- Nee ek sal nie dit sê nie.

VOORSITTER: Maar julle het hulle nie vertrou met julle ...
(tussenbeide) -- Nee maar ons het ons eie netwerk gestig.

Nee maar, ja ek vra net, julle het hulle nie vertrou met julle bestaan nie, of het julle? -- Nee nie met ons bestaan nie. Ons
(10)
het dit probeer stilhou, uit die aard van die saak.

Ook van Militêre Intelligensie? -- Ja, wel daar was ...
(tussenbeide)

MR. BERTELSMANN: /...

K46.08

- 1257 -

BRITS

MR. BERTELSMANN: Met ander woorde, verskoning? -- Ekskuus daar was natuurlik sekere lede wat seker bewus was, van die top-struktuur, maar van die gewone ander betrokke lid, die het nie kennis gedra nie.

(20)

VOORSITTER: So u weet nie van enige, uit u eie kennis, behalwe nou van moontlike afleidings of vermoedens, u weet nie van-uit u eie dat Militêre Intelligensie bewus was van julle as 'n koverte organisasie nie? -- Ek glo daar was seker maar afleidings gemaak. 'n Mens kan seker nie almal bedrieg nie.

Nee maar ek vra of u nie weet nie, weet u, kan u sê uit u eie dat Militêre Intelligensie van julle bestaan geweet het? Of julle bedrywighede? -- Ek persoonlik dink hulle het ja.

Dink u het? -- Ja.

MNR. BERTELSMANN: Het u enige feitelike grondslag vir daardie
(30)
geloof mnr. Brits? -- Nee, ek dink nou maar net logiesgesproke as daar persone betrokke is by Spesmagte Inligting en hulle is

nog steeds bewus van 'n organisasie dan is dit net logies om te dink dat BSB bestaan en wel inligting moet kry van ... (tussenbei)

Ja maar dan maak dit die hele verduideliking vir die skeping van Streek 6 totaal onsinnig want as dit eenmaal so is dat Militêre Intelligensie en Spesmagte Intelligensie tog van julle bestaan bewus is, waarom hierdie hele dubbele sekerheid ... (tussenbeide) -- Nee, ek sê dit was bloot, dit was 'n idee wat, afleiding wat by my geskep is alhoewel dit nooit openbaar gemaak is nie daar is nooit openlik geskakel nie, ek het bloot so gedink omdat daar voorheen op so 'n grondslag gewerk is.

(10)
VOORSITTER: So met ander woorde u het nie meer vanaf November 1988 inligting by Militêre Intelligensie gekry nie? -- Glad nie, nee.

Wat /...

K46.08

- 1259 -

BRITS

Wat julle in staat sou stel om iets te beplan nie? -- Dit is reg.

MNR. BERTELSMANN: Goed en as dit so is dat u sedert November 1988 geen inligting meer van Militêre Intelligensie gekry het nie, lei ek af uit u getuienis mnr. Brits, dat dit nie is om-dat Militêre Intelligensie nie meer inligting aan julle wou verstrek nie maar omdat julle verkies het om nie meer inligting by Militêre Intelligensie te kry nie? -- Nie openlik nie. As daar dan nog 'n manier was is dit sekerlik verkry, ek weet nie, ek het dit nie gedoen nie. Wel sien, mnr.

Brits die interessante aspek is natuurlik dat die klem by die BSB tot en met November 1988 uitsluitlik op sy operasionele bedrewenheid geval het, nie waar nie? Is dit reg? -- Uitsluitlik seker, ek weet nie.

(30)
Mm. Nee was in die weermag? -- Ek was, maar ek is maar 'n klein mannetjie wat daar rond hardloop in daardie opsig.

Mnr. Brits, u het die BSB ... (tussenbeide)

VOORSITTER: Nee, laat ek so vir u sê, in watter streek was nie gewees by nommergewys, voor November 1988? -- Ek was by 2 en 7

2 en 7. Was dit administratiewe streke? -- Negatief.

O. Nou as u by, in daardie hoedanigheid, sou u geweet het, of het u geweet wat Streek 3 byvoorbeeld doen? -- Negatief.

Het u geweet wie in Streek 3 is of wat? -- Slegs die binnekringlede wat soos ek is, maar glad nie die buitekringlede nie.

MNR. BERTELSMANN: So, mnr. Brits volgens u kennis was die BSB (10)
operasioneel daarop toegespits om die vyand maksimaal te ont-wrig? -- Ja.

Goed, en ek aanvaar, mnr. Brits, dat daardie gees, daardie toewyding aan die maksimale ontwrigting van die vyand oorgedra /...

K46.10 - 1260 - BRITS
oorgedra is in Streek 6 in, is dit reg? -- Dit is korrek.

Goed en ek wil aanvaar mnr. Brits dat die operasionele bedrewenheid van BSB oorgedra is na Streek 6? Is dit reg? -- Wat sekere tegnieke aanbetref, wel.

(20)
Sekere tegnieke, soos byvoorbeeld die ontwrigting van die vyand? -- Negatief, ons praat van inligtingsinsamelingsvermoëns.

Nou mnr. Brits toe u by die BSB aangesluit het is hierdie funksies soos ek dit nou vir u geskets het aan u verduidelik? -- Dit was in die beginjare van BSB, daar was nog nie so 'n georganiseerde stelsel soos vandag nie, maar wat toe wel bestaan het is aan my verduidelik.

Goed, en die funksies van die BSB, die klem op die maksimale ontwrigting van die vyand, die is vir u verduidelik? Is dit reg? -- Ja.

(30)
Goed, en u het dit so aanvaar en dit ondersteun, is dit reg? -- Ja.

Is dit reg? -- Ja.

Goed. Nou is dit ook aan u verduidelik toe Streek 6 geskep word, dat hierdie gees van die maksimale ontwrigting van die vyand nou na die binneland toe oorgedra gaan kom? -- Negatief, die oogmerk bly nog steeds die buiteland.

Die oogmerk bly steeds die buiteland, maar mnr. Brits, is dit nie so, soos wat u self in u verklaring aangedui het, dat die BSB ten minste in Streek 6, en ons sal later oor ander streke ook gesels, ook binnelands aktief geraak het? -- Soos u kan sien in my verklaring praat ek van uitsonderlike gevalle.

Goed, nou ons sal by die uitsonderlikheid kom mnr. Brits, met verdrag. (10)

Toe streek 6 geskep is, is dit bespreek in die BSB

dat /...

K46.11

- 1261 -

BRITS

dat operasionele optrede, hetsy uitsonderlik hetsy as 'n standaard praktyk in die binneland beoog word? -- Negatief.

Goed. Wanneer het die BSB se Streek 6 besluit om in die binneland operasioneel aktief te word? -- Dit was nooit 'n besluit gewees nie. (20)

Dit was nooit 'n besluit gewees nie? -- Negatief.

Maar mnr. Brits hoe moet ons dan u verklaring verstaan? -- Wat ek bedoel is daar was nooit amptelike aangekondig dat dit nou so gaan plaasvind nie.

O, en u sê dit is nooit amptelik vir die individuele lede op skrif gegee? -- Negatief. Die uitsonderlike gevalle waarna ek verwys kan u verder lees dat ek verkies om nie daarvoor uit-gevra te word nie.

Nee, nee, nee ons sal daarby kom mnr. Brits en ons sal u probleme in daardie verband in ag neem. U sê nou nadat BSB se Streek 6 geskep is, dit was nou hier om-en-by 1988, is dit reg? --Ja. (30)

Toe het op een of ander stadium die situasie ontstaan wat u nou in u verklaring as 'n uitsonderlikheid aandui? -- Ja.

Naamlik dat die BSB intern operasioneel geword het?

Is dit reg? -- In sekerelike uitsonderlike gevalle, ja.

Goed, nou kom ons, voor ons nou in detail hiermee handel, aanvaar ek, mnr. Brits, dat 'n radikale optrede soos 'n operasionele binnelandse aksie vooraf op die hoogste vlak uitgeklaar sal word, is dit reg? -- Ja.

VOORSITTER: Dit hang af wat u nou daarmee bedoel.

MNR. BERTELSMANN: Ja. Ons kan dus aanvaar dat die operasionele optrede van Streek 6 van die BSB nie net met sy voorsitter uitgeklaar is nie, maar dat sy voorsitter dit uitgeklaar het met die hoër gesag bokant hom, nie waar nie? -- 'n Mens moet dit /... (10)

K46.12

- 1262 -

BRITS

dit seker so aanvaar, ja.

Mens moet dit so aanvaar, en dit was die indruk waaronder u in die BSB ook verkeer het, is dit reg? -- Ja.

Ons sal later terugkom na sekere aantekeninge wat u in u dagboek gemaak het mnr. Brits, maar toe het, wanneer is die eerste keer werklik in die BSB daarvan gepraat dat daar nou 'n sekere vyand binnelands lastig geval, gehinder of geëlimineer gaan word. (20)

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter ek dink dit is 'n vraag wat moontlik 'n skakel in 'n ketting kan wees wat kan lei tot selfinkriminasie. Ek het aan my geleerde vriend 'n uitspraak beskikbaar gestel waarin die gesag oor hierdie aspek volledig saamgevat word, appélhofgesag sowel as gesag van hierdie hof, dit is 'n Kaapse uitspraak van die hooggeregshof, waarin daar duidelik gestel word dat 'n vraag nie op sigself beoordeel moet word nie en dat hy in samehang beoordeel moet word en dat dit tot 'n groot mate aan die getuie oorgelaat moet word om te oordeel of dit hom moontlik kan inkrimineer. Die getuie het reeds gesê hy wil nie (30)

praat oor sulke uitsonderingsgevalle in die binneland nie, en ek doen aan die hand dat hierdie lyn van ondervraging inbreuk maak op die getuie se privilegie meneer die Voorsitter.

MNR. BERTELSMANN: Mag dit u behaag mnr. die Voorsitter. Die lyn waarmee ek tans besig is gaan geensins verder as die lyn wat die getuie self in sy eie verklaring, wat hy volgens die verklaring met regsbystand opgestel het, geneem het nie, en ek verwys u na bladsy 5, die laaste paragraaf van sy verklaring waar die volgende daar staan:

"Dit het egter ..."

(10)

Die tweede paragraaf, verskoning:

"Dit /...

K46.14

- 1263 -

BRITS

"Dit het egter in uitsonderlike gevalle gebeur dat die wyse waarop sodanige inligting verkry is dit nie moontlik gemaak het om die inligting aan die Suid-Afrikaanse Poli-sie vir optrede te oorhandig nie. Dit was byvoorbeeld so wanneer die identiteit van die bron ensovoorts nie open-baar gemaak kon word nie."

(20)

En dan gaan die volgende paragraaf, word dit verder, verskoning as ek net kan klaarmaak geleerde vriend.

MNR. HATTINGH: Ek is jammer.

MNR.

BERTELSMANN: In sulke uitsonderlike gevalle waar die vyand se eie optrede dit genoodsaak het, het die BSB ter goeder trou en ter uitvoering van sy plig om die veiligheid van die staat en sy onderdane te verseker dit as noodsaaklik beskou om self teen sodanige persone op te tree, en dan kom hy en sê:

"Ek is geadviseer dat ek nie verplig kan word om vrae te beantwoord oor aangeleenthede wat my moontlik kan inkrimineer nie."

(30)

VOORSITTER: Ja maar hy gaan verder en hy sê:

"Onder die omstandighede is ek nie bereid om vrae te antwoord

oor die BSB se betrokkenheid by bovermelde
uitsonderingsgevalle nie."

MNR. BERTELSMANN: Ja, wel met respek u edele, die feit dat daar sulke
uitsonderings bestaan in die omringende omstandighede van die
ontstaan van sodanige uitsonderinge sou nog binne die raam-werk val,
ek dink nie dit kan die getuie inkrimineer nie.

VOORSITTER: Ek verstaan u frustrasie mnr. Bertelsmann. Ek leef
langer met die frustrasie as wat u daarmee saamleef en soos die wet
dan staan dink ek nie kan ons werklikwaar sinvolle vrae vra
oor die uitsonderingsgevalle nie. U weet dit skep vir my
(10)
'n geweldige /...

K46.16

- 1264 -

BRITS

'n geweldige probleem en soos ek ook al vir mnr. Hattingh gesê
het veral omdat die dokumente verdwyn het kan 'n mens ook nie die
onskuld van BSB bepaal nie en ek dink dat BSB in daardie sin homself
'n geweldige onreg aandoen, of kan aandoen want dit mag op 'n baie
maklike manier bepaalbaar wees waarna ons soek en waarna ons nie
soek nie, maar hulle het nou gekies om met 'n glimlag die dokumente
te laat verdwyn, so, en dan het die getuie sy reg om te weier om
(20)
vrae te antwoord wat hy glo 'n ketting gaan volg. Kan ek net
probeer om hierdie huidige probleem te ondervang? U het netnou
vir my gesê dat alle mag, al die optredes waarby u betrokke was,
is gemagtig deur die besturende direkteur en deur die
voorsitter. -- Ja.

U het ook vir my gesê dat u nie weet van enige hoër magtiging
nie. -- Dit is korrek.

U het nou te kenne gegee dat u sê dat u het aanvaar dat
operasionele optrede binnelands hoër uitgeklaar is, dit wil sê
hoër as die voorsitter. -- Ek het dit so aanvaar.

Het u enige feite gehad vir die aanvaarding? -- Negatief.

Kan ek dit net so vir u vra, die operasionele optredes waarvan
(30)

u praat binnelands, weet u van 'n algemene magtiging of weet u alleen van individuele magtigings per projek? -- Laasgenoemde is waar.

MNR. BERTELSMANN: Goed, soos dit u behaag. Nou kom ons begin by u verklaring mnr. Brits dan, in hierdie verband, oor hierdie inwin van inligting, op bladsy 4 heel onder en dan gaan ons aan. Ons weet nou u skep 'n parallelle organisasie tot Militêre Inligting, Spesmagte Inligting, ensovoorts. Nou dan sê u, u het nou in die vorige paragraaf sê u was dit nodig om sekere persone binne die R.S.A. te monitor en deur middel van kennis so ingewin, (10) vyandelike pyplyne na die buiteland te probeer infiltreer./...

K46.18

- 1265 -

BRITS

infiltreer. Die blote feit dat 'n projek geklassifiseer is onder Streek 6 beteken dus nie dat dit noodwendig betrekking het op optrede teen enige persoon binne die R.S.A. nie. Goed. Maar nou gaan u terug na persone binne die R.S.A. en dit is waarop ons onself nou konsentreer. Inligting wat op hierdie wyse ingewin is oor binnelandse bedrywighede wat daarop gerig was om die veiligheid van die staat en sy onderdane te bedreig is normaalweg onder die Suid-Afrikaanse Polisie se aandag vir optrede gebring, (20) korrek? -- Korrek.

Nou sê vir my mnr. Brits, wie het hierdie beleid dat daar hierdie vriendskaplike skakeling met die Suid-Afrikaanse Polisie sou wees gevestig? -- Ek weet nie of dit 'n beleid was nie, sodanige inligting is aan die besturende direkteur verskaf waar hy dan op sy manier verder gegaan het, waarvan ek nie kennis dra nie.

Hoe weet u, mnr. Brits, dat hierdie inligting normaalweg onder die S.A.P. se aandag gebring is? -- Ek het aanvaar dat dit gedoen is. (30)

Maar u stel dit, u konstateer dit hier as 'n feit. -- Ja.

Waarvan u kennis dra. -- Dit is korrek, ek dra kennis van sekere gevalle.

VOORSITTER: Nou, wat deur die besturende direkteur onder die polisie se aandag gebring is? -- Ja.

En u sê u dra kennis van sekere gevalle? -- Ja.

Nou op welke wyse het hy dit gedoen as dit nou 'n koverte organisasie is? -- Ek kan nie die vraag antwoord nie.

MNR. BERTELSMANN: Met ander woorde mnr. Brits, u het maar net gehoor dat daar met die Suid-Afrikaanse Polisie geskakel sou gewees het? -- Ja, wel die besturende direkteur het uit die aard van die saak gesê hy het geskakel. (10) So/...

K46.20

- 1266 -

BRITS

So hy het gesê? Daar bestaan geen korrespondensie wat aan die Suid-Afrikaanse Polisie gerig is nie? -- Ek dra nie kennis van hoe dit gebeur het nie.

Daar is geen lêers waarna u ons kan verwys nie? -- Ek weet nie, nee.

Om na daardie ongemoedelike onderwerp terug te keer. U het geen rekord van enige gevallelêers wat oorhandig is aan die S.A.P. nie, u dra nie kennis van enige skakelpersone by die S.A.P. (20) nie? -- Ek dink dit was meesal mondelings oorgedra, ek dra nie kennis van lêers nie. U dink?

Verskoning? -- Ek dra nie kennis van lêers wat oorhandig is nie, ek dink dit is meesal mondeling gedoen.

U dink so? -- Van my is dit mondeling gedoen of van die persoon wat kennis ingewin het, was mondeling oorgedra vanwaar dit verder gevat is.

Ja maar u het nie met die polisie geskakel nie? -- Negatief.

VOORSITTER: Want ek, al probleem wat ek het is as u nie eers met Militêre Intelligensie wil skakel nie hoe kan u met die Polisie skakel sonder om die organisasie te inkrimineer nie? -- Wel ek (30)

weet nie u moet maar dit vir die besturende direkteur vra, hy het dit verder geneem.

Ja.

MNR. BERTELSMANN: Het die besturende direkteur vir u persoonlik gesê dat gevalle onder die S.A.P. se aandag gebring is? -- Net indien ek die geval geopper het is daar vir my gesê daar is gepraat. Ek dra nie kennis van enige ander gevalle nie.

En met watter tak van die Suid-Afrikaanse Polisie sou daar gepraat gewees het? -- Ek dra nie kennis van enige persone met wie daar skakeling plaasgevind het nie.

Goed. /...
(10)

K46.21

- 1267 -

BRITS

Goed. Nou u sê dan was daar, dit is nou die normale optrede, dit is nou as iemand nou geïdentifiseer is. -- Ja.

En dan was daar die uitsonderlike gevalle. -- Ja.

Nou uitsonderlikheid bepaal u in u verklaring op die volgende wyse:

"Dit het egter in uitsondere gevalle gebeur dat die wyse waarop sodanige inligting verkry is, dit nie moontlik gemaak het om die inligting aan die Suid-Afrikaanse Polisie vir optrede te oorhandig nie. Dit was byvoorbeeld so wanneer die identiteit van die bron van die inligting nie openbaar gemaak kon word nie." (20)

Kom ons staan eers daar stil. Is dit u getuienis mnr. Brits dat normaalweg as die BSB met die polisie geskakel het, hy sy bronne aan die polisie openbaar gemaak het? -- Negatief. Wat kan gebeur is indien daar deur die polisie opgetree word, kan die mense maklik teruggaan en vasstel daar kan net een persoon wees wat die inligting bekend gemaak het en daardie persoon is dan die bron wat gevaar staan om aanspreeklik vir die daad gehou te word.

(30)

Ek sien. En dan as ons nou sulke uitsonderlike gevalle het wat mense nou kan vasstel dit was die BSB wat hierdie inligting

aan die polisie verklap het, het die BSB besluit om self op te tree, is dit reg?

MNR. HATTINGH: Ek dink nie dit is wat die verklaring sê nie mnr. die Voorsitter.

MNR. BERTELSMANN: Dit is wat die getuie sê mnr. Voorsitter.

VOORSITTER: Ek het probleme om te verstaan wat die getuie, kom ons begin weer van voor af mnr. Bertelsmann, probeer maar weer van voor af.

MNR. BERTELSMANN: Met graagte mnr. die Voorsitter.

Het /...
(10)

K46.22

- 1268 -

BRITS

Het u, mnr. Brits, is dit u getuienis dat indien die BSB inligting aan die Suid-Afrikaanse Polisie oorhandig het ten aansien van vyande wat nou geïdentifiseer is, hy sy bron van die inligting aan die Suid-Afrikaanse Polisie bekend gemaak het normaalweg? -- Nee.

Goed. Met ander woorde die bron is beskerm? -- Ja.

Die bron is onder alle omstandighede beskerm? -- Ja.

Goed, nou wat bedoel u dan as u in u verklaring die volgende sê:
(20)

"In uitsonderlike gevalle het dit gebeur dat die wyse waarop sodanige inligting verkry is, dit onmoontlik gemaak het om die inligting aan die Suid-Afrikaanse Polisie vir optrede te oorhandig. Dit was byvoorbeeld so wanneer die identiteit van die bron van die inligting nie openbaar gemaak kon word."

Dit dui mos daarop dat u normaalweg die bron sou openbaar gemaak het. -- Nee, dit is nie, u verstaan dit nie reg nie. Dit is nie so nie. Die bron word nooit openbaar gemaak nie.

Nou goed, hoe het u dan die uitsonderlikheid van gevalle wat die BSB se optrede genoodsaak het bepaal? -- Ek het netnou vir u probeer verduidelik.
(30)

VOORSITTER: Ek dink, kan ek dit probeer verwoord soos ek dit verstaan het? Soos ek dit verstaan het sê u dat as die identiteit van die bron nagespoor kan word deur die latere Polisie-ondersoek. -- Ja.

En die bron op daardie manier in gevaar gestel word. -- Ja

Dat u dan nie die inligting vir die polisie deurgegee het nie? -- Dit is korrek ja.

Om 'n voorbeeld te probeer uitdink is, as die kans is dat die inligting net van die een persoon kon gekom het. -- Dit

is reg./...

(10)

K46.23

- 1269 -

BRITS

is reg.

MNR. BERTELSMANN: Nou, ek weet nie of ek nou buite orde is nie mnr. Brits.

VOORSITTER: Ek ook nie mnr. Bertelsmann.

MNR. BERTELSMANN: Wel mnr. die Voorsitter die versoeking is half onmoontlik om te weerstaan. As u voel u wil die vraag nie antwoord nie mnr. Brits dan moet u asseblief so sê. Wat u nou sê is die volgende: As biskop Tutu kon uitgevind het dit is net een persoon wat verantwoordelik is vir die narighede wat met my gebeur het, dan kan u hom nie aan die Suid-Afri-kaanse Polisie oorhandig nie, dan moet u self optree, is dit wat u sê? -- Ek verkies om nie daardie vraag te antwoord nie

Ek is nie verbaas nie. Goed, nou kom ons vat dit verder.

U sê in daardie uitsonderlike gevalle waar u self opgetree het, het u dit gedoen ter goeder trou en ter uitvoering van die plig wat die BSB as 'n lojale staatsorganisasie gehad het, korrek? -- Korrek.

En dit sê u ten opsigte van al die uitsonderingsgevalle waaroor u nie verder wil getuig nie? -- Dit is korrek.

En dan het die BSB ter wille van die veiligheid van die

staat en sy onderdane dit as noodsaaklik beskou om so op te tree, korrek? -- Korrek.

Goed. Nou, ek wil aanvaar mnr. Brits dat toe u by die BSB aangesluit het, u u eie konsep gehad het van wat 'n vyand van die Republiek van Suid-Afrika is, is dit reg? -- Ja.

Hou in gedagte dat u op daardie stadium gekonsentreer het op buitelandse optrede, nie waar nie? Dit was die BSB toe u daar aangesluit het, daar was geen suggestie van binnelandse optrede nie, korrek? -- Korrek.

En toe u versoek is om by die BSB aan te sluit, is
(10)
daar /...

K46.25

- 1270 -

BRITS

daar vir u verduidelik wat die BSB se take sou wees, nie waar nie? -- Ja met verdrag is dit duidelik gemaak.

Is, voordat u besluit het om na BSB te kom, toe u uitgenooi is om by die BSB aan te sluit, is daar vir u gesê wat die BSB se take sou wees? -- Ja.

Goed. Is daar toe op daardie stadium vir u gesê die BSB lê hom daarop toe om buitelands die vyand van Suid-Afrika maksimaal te ontwrig? -- Korrek.
(20)

Dit is nou in die eufimistiese taal wat die BSB bebruik. Nou ek aanvaar dat in daardie stadium u geweet het, of u eie gedagte gehad het, wie daardie buitelandse vyand sou wees, nie waar nie? -- Ja.

Wat het u gedink? Wie het u gedink is die buitelandse vyand? -- Die ANC en SAKP.

Goed, die ANC, SAKP Kom ons maak die lys 'n bietjie langer, wat van die PAC? -- Die PAC is ingesluit.

Goed, dit was buitelandse vyande. Is hulle in soveel woorde aan u uitgespel? -- Ek kan ongelukkig nie onthou nie, maar dit is net vir my logies dat dit so sou gewees het.
(30)

Dit was logies. Goed. Nou mnr. Brits, kom hier in 1988 'n verdere komponent by. Nou beweeg die BSB binnelands, korrek? -- (Geen hoorbare antwoord)

En hy gaan binnelands, steeds met die doel om die vyand maksimaal te ontwrig, korrek? -- In die buiteland.

In die buiteland, ons sal kom daarby. Is die vyand, die interne vyand, die binnelandse vyand teen wie die BSB nou moes optree, op daardie stadium toe Streek 6 geskep is vir u in soveel woorde uitgespel? -- Nee dit is nie vir my uitgespel deur iemand nie.

(10)

Maar? Is daar enigiets vir u gesê oor wie die vyand binnelands /...

K46.28

- 1271 -

BRITS

binnelands sou wees? -- Daar is vir my verskeie inligtingsdo-kumentasie beskikbaar gestel.

Goed, wie het dit aan u beskikbaar gestel? -- Die persoon wat met die inligting, die sentrale inligtingspunt beheer het.

Nee maar dit gaan vir my nou oor die BSB se oriëntasie ten opsigte van die vraag wie die vyand is teen wie die BSB moet optree, en ek aanvaar mnr. Brits, miskien moet ons dit net as algemene (20) feit op rekord kry, die BSB tree net teen vyande op wat 'n werklike bedreiging vir die veiligheid en voortbestaan van Suid-Afrika en sy onderdane is, nie waar nie? -- Korrek.

Wie in die BSB het bepaal welke persoon of welke groep van persone of welke organisasie of welke partye in hierdie kader van vyand wat die staat en sy onderdane bedreig sou kan volg? -- Dit is in hierdie verskillende inligtingstukke waarna ek u verwys het.

Met ander woorde mnr. Brits is daar nooit, toe die voor-sitter, of toe die besturende direkteur vir u gesê het luister mnr. Brits die mense teen wie die BSB optree om buitelands te kan (30) optree, let wel dit is soos wat u dit verduidelik. -- Ja.

Is 'n binnelandse ANC-sel, is 'n binnelandse verteenwoordiger van die SAKP, is 'n binnelandse veilige huis van die PAC. -- Dit is ook gedoen ja.

Goed, is enigiemand anders behalwe die ANC, die SAKP en die PAC in 1988 aan u as 'n binnelandse vyand geïdentifiseer? -- Ja, die verskillende vakbondorganisasies was ook deel van die inligtingstukke waarna ek gekyk het.

Kom ons kyk gou na die verskillende vakbondorganisasies. Cosathu. -- Ja wel ons kan seker almal daaronder sorteer.

Almal? -- Wel, ja daar is na almal gekyk.

(10)
Daar/...

K46.29

- 1272 -

BRITS

Daar is na almal gekyk. Regdeur die politieke spektrum ongeag of hulle swart of wit is? -- Ja.

Of gemeng? -- Ja.

So u het byvoorbeeld, om nou maar 'n voorbeeld te noem, die blanke spoorwegwerkersvakbond ook ondersoek? -- Byvoorbeeld ja.

As synde 'n vyand van die Republiek van Suid-Afrika wat die staat en sy onderdane in gevaar stel? -- Dit is bloot na gekyk omdat dit ook 'n vakbond is. Dit is nie noodwendig ... (20)

(tussenbeide)

VOORSITTER: Miskien die treindrywersvakbond.

MNR. BERSELMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. -- Daar is nie, daar is later miskien dan nou besluit dat dit nie werklik 'n bedreiging vir die staat inhou nie. Ek sê ons het na alles gekyk bloot om die inligtingsprentjie vir jouself duidelik te maak.

Maar mnr. Brits hoe verstaan ek dit nou? U sê vir ons die BSB is 'n organisasie wat bestaan om vyande wat 'n werklike bedreiging vir die staat en sy onderdane daarstel in die bui-teland te beveg, en u het dit beklemtoon, nie waar nie? -- Ja. (30) Want u wou nie gehad het dat ons die indruk moet kry dat die BSB in

1988 besluit het dat hy mense wat binnelands is en wat vir hom polities ongemaklik geword het, begin lastig val het nie, nie waar nie? -- Ja.

Goed, nou sê vir my asseblief mnr. Brits, wat het die blanke spoorwegwerkersvakbond met buitelandse vyande wat die land bedreig en wat die onderdane in gevaar stel te doen? -- Dit het niks daarmee te doen nie.

Gaar. So met ander woorde in 1988 het die BSB sy spek-trum van potensiële vyande begin uitbrei, is dit reg? -- Soos ek /...

K46.30 - 1273 - (10)
BRITS

ek sê ons het na alles gekyk.

Nee.

VOORSITTER: Met ander woorde, ekskuus tog, ek dink u druk u onvolledig uit. My indruk is, wat u sê, en u moet sê of ek reg of verkeerd is, dat u het na 'n breë spektrum goed gekyk as 'n inligtingsoefening. -- Ja, en later ... (tussenbeide)

En dan daaruit gekies. -- Dit is korrek.

Wat u nou identifiseer as 'n vyand. -- Ja.

Betekén dit dat u nie vooruit uitgemaak het dat die blanke, (20)
argumentsonthalwe die spoorwegvakbond ... (tussenbei) -- Ek dra miskien nie kennis eers van so 'n vakbond nie.

Ja. -- Dan word dit dan nou vir my later duidelik namate ek meer inligting inwin, meer kennis opdoen.

So u, as 'n voorbeeld het u 'n algemene inligtingsprent probeer kry van alle vakbonde? -- Ja, omdat die binneland vir my ook vreem was het ek dit self gedoen vir my persoonlike kennisname.

MNR. BERTELSMANN: Dankie mnr. die Voorsitter. Nou mnr. Brits ek vind u antwoorde baie moeilik om te verstaan. Voordat Streek 6 in die lewe geroep is het die BSB geen probleme gehad om die (30)
vyande te identifiseer wat vir u en vir my as lojale onderdane van die staat van die Republiek van Suid-Afrika in gevaar stel

nie, nie waar nie? Buitelands. Is dit reg? -- Ja, wel die streke waar ek betrokke was, was dit nie 'n probleem nie.

Dit was nie 'n probleem nie. U het geweet dit is die drie politieke organisasies waarna ons verwys het, korrek? -- Ja.

Plus, noem maar op watter buitelandse organisasies daar mag gewees het in optredes waarin die Republiek op daardie stadium verwickel was, nie waar nie? -- Ja. Goed. /...

K46.31

- 1274 -

BRITS

Goed. U sê vir ons dat met die oog daarop om hierdie (10)
buitelandse vyande van die Republiek van Suid-Afrika beter in die
buiteland te kan beveg, word daar nou 'n binnelandse streek met
die oog om inligting in te samel, geskep. Korrek? -- Dit is
korrek.

Nou die logiese afleiding wat u tog seker wil hê ons moet
maak, mnr. Brits, is dat nou in die binneland die SAKP, die ANC,
die PAC deeglik ondersoek word om sodoende soos, wat was die woord
wat u gebruik het, die pyplyn nou te kan infiltreer, is dit
reg? -- Dit is korrek ja. Nou

vra ek u weer. Wat het die waarskynlik denkbeeldige blanke (20)
spoorwegwerkersvakbond op dees aarde ... (tussenbeide) -- Niks
nie.

Met die buitelandse vyand ANC te doen, niks nie? -- Niks nie.

VOORSITTER: Maar kon u net, ek dink wat mnr. Bertelsmann wil weet
is, as u reg is wat u sê u hoof motivering of hoof oorweging was,
dan kon u tog net gesoek het vir, laat ons dit noem
frontorganisasies vir die vyand wat in die buiteland sit? -- Ja.

Is dit nie waar nie? -- In die buiteland sit en dan ook wat
in die binneland is. (30)

Nee, nee maar die frontorganisasie wat binnelands is, of
organisasies wat u beskou as frontorganisasies vir die buitelandse

organisasies en om daardie verbinding tussen daardie twee organisasies binne te dring. -- Dit is korrek.

Ja.

MNR. BERTELSMANN: Met ander woorde mnr. Brits u het van November 1988 begin kyk na instansies en organisasies en persone wat u geweet het geen verbintenis met die buitelandse

vyand /...

k46.33

- 1275 -

BRITS

vyand te doen gehad het nie, met die buitelandse vyand gehad het (10)
nie. -- Negatief. Die doel is juis om die verbintenis op te tel.

Nou mnr. Brits is dit u getuienis dat u die blanke spoorwegwerkersvakbond daarvan verdink het, of dat die BSB hierdie vakbond daarvan verdink het dat hy 'n frontorganisasie van die ANC is? -- Negatief.

Hy is nogtans ondersoek? -- U het die voorbeeld genoem, ek het gesê dit is bloot vir my eie kennisname is na alles ge-kyk, die breë spektrum van vakbondorganisasies en later is die sifting gedoen waaronder die wat 'n wesenlike gevaar vir die staat inhou toe nou eenkant geklassifiseer is.

(20)

Ek volg. En dan het u nou uit hierdie klassifikasie se-kere groepe persone geïdentifiseer wat die BSB dan ten minste beskou het as 'n gevaar vir die samelewing, as 'n gevaar vir die voortbestaan vir die staat Suid-Afrika? -- Ek sal nie dit sê nie, ek sou sê daar is sekerlik prioriteite bepaal waar daar dan nou spesifiek op gekonsentreer is, maar nie met die doel om, soos u dit stel, later teen hulle op te tree nie.

Ek het nie so 'n stelling aan u gemaak nie, mnr. Brits so pas nie. -- Ja, maar dit is, goed dit is dan my stelling.

Goed. Toe u nou begin het om hierdie siftingsproses te doen (30)
mnr. Brits, het u, watter kriteria het u gebruik om te bepaal of hierdie betrokke organisasie nou die buitelandse vyand

aanhelp? -- Wel die inligting wat beskikbaar was het dit altyd uitgespel indien dit moontlik was, andersins is dit ondersoek om vas te stel of dit werklik so is.

Ek sien. Nou goed ons het nou hier dokumentasie uit u hande van die BSB waaruit ons nou 'n paar interessante afleidings kan maak. Die Five Freedoms Forum is een wat

kolonel /...

K45.35

- 1276 -

BRITS

kolonel Wright in die dokumente van die BSB gevind het, is dit reg? -- Ja. (10)

Is dit een van die organisasies wat die BSB ondersoek het? -- Ek is nou nie seker oor wat presies daar staan rondom die individue betrokke nie.

Ons het lyste hier met name van bestuurslede, lede van ... (tussenbeide) -- Dit is moontlik ja, ek kan nie spesifiek ... (tussenbeide)

Met ander woorde hy is ondersoek? -- Ja.

Deur Streek 6 of deur 'n ander streek? -- Ek sal nie kennis dra van ander streke se teenwoordigheid nie.

(20)

O, goed. Is die End Conscription Campaign ondersoek? -- Ja.

Goed. Deur Streek 6? -- Deur Streek 6, ja.

Ek sien. Nou dit is interessant, nee ekskuus mnr. Brits, kom ons kyk nou eers, vra nou eers die volgende. Ten opsigte van die End Conscription Campaign, is daardie ondersoek voortgesit?

Met ander woorde is hulle deurlopend gemonitor? -- Ja. Konstant ja.

Konstant. Moet ek daarvan aflei mnr. Brits dat dit die houding van die BSB was dat die End Conscription Campaign 'n gevaar vir die samelewing is? -- Ja ons, een van die oogmerke was om te kyk of daar nie 'n konneksie was met buitelandse frontorganisasies nie en om dit moontlik dan te infiltreer nie. (30)

Die vraag was mnr. Brits, moet ons die afleiding maak van die feit dat die End Conscription Campaign deurlopend gemonitor is, dat die BSB die End Conscription Campaign as 'n vyand beskou het wat 'n gevaar was vir die voortbestaan van die staat? -- Dit is vir my 'n moeilike vraag om te antwoord.

Hoekom? U weet mos self wat u beweegredes was

mnr. Brits? /...

K46.38

- 1277 -

BRITS

mnr. Brits? Hoekom is dit moeilik? -- Ek dink dit was miskien
(10)
myns insiens as 'n gevaar vir die voortbestaan van die R.S.A.
gesien.

Goed en die BSB het deurlopend hierdie mense gemonitor? -- Ja.

Nou mnr. Brits, sou dit billik wees of is dit onbillik om te suggereer, en u moet vir my nou help asseblief, dat hierdie tipe van optrede waarmee u besig was en die motivering vir daardie optrede vir die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag bekend was? -- Ek weet nie of dit aan hom bekend was nie.

Met ander woorde mnr. Brits huiwer u om die stelling te maak dat waar die BSB, volgens u, die End Conscription Campaign as 'n
(20)
staatsvyandelike organisasie sien wat 'n gevaar vir die samelewing daarstel, om daardie siening ook toe te dig aan die res van die Suid-Afrikaanse Weermag? -- Negatief.

VOORSITTER: Nee dit is, ek weet nie of hierdie twee noodwendig verband hou nie.

MNR. BERTELSMANN: U huiwer nie? -- Dit is moontlik my persoonlike siening, dit is nie te sê dit is BSB sin nie.

O, u sê dit is nie noodwendig BSB se siening nie?

VOORSITTER: Ja dit is wat hy gesê het, nee maar ek weet nie wat moet hy aan die hoof van die Weermag koppel, die feit dat die
(30)
BSB die ECC deurlopend gemonitor het of dat die ECC 'n gevaar vir die land is nie?

MNR. BERTELSMANN: Nee, die houding dat dit 'n gevaar vir die land is mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: O, wel ek bedoel dit is (tussenbeide)

MNR. BERTELSMANN: Maar ek sal die punt daarvandaan af verder vat mnr. die Voorsitter.

As u die End Conscription Campaign as 'n gevaar vir
die /...

K46.39 - 1278 - BRITS
die land beskou het, het u dit met die ander BSB-lede
geopper? -- Watter lede verwys u na? (10)

Verskoning? -- Na watter lede verwys u?

Van Streek 6, van die BSB? -- Wel as daar een spesifieke persoon betrokke was by die projek het ek dit moontlik aan hom genoem.

Wie het die End Conscription Campaign-projek gehad by die BSB? -- Dit was, ek dink daardie, op 'n stadium was dit (on-duidelik) ek dink amper dit was Maree, as my geheue my nie in die steek laat nie.

Nou het hy die hele End Conscription Campaign hanteer of het hy net enkele persone wat met die End Conscription Campaign verbind is, hanteer? -- Nee ek dink hy het gekonsentreer op net enkele persone. (20)

Ek sien. Nou enkele persone wie se name ons in die dokumentasie wat beskikbaar is tot dusver gevind het, wat gekoppel kan word aan die End Conscription Campaign, is mnr. Gavin Evans, nie waar nie? -- Ja.

En Dr David Webster, nie waar nie? -- Ja.

Nou die blote feit dat persone soos Gavin Evans en David Webster gemonitor is deur die BSB ... (tussenbeide) -- David Webster is nie deur BSB gemonitor nie. (30)

Is hy nie gemonitor nie? Goed. Gavin Evans is? -- Ja.

Goed. Ons sal na David Webster en sy aantekeninge nog kom, nog

daarmee handel. Die blote feit dat 'n persoon soos Gavin deur die BSB gemonitor is, regverdig dit die afleiding dat hy as individue, as staatsgevaar beskou is? -- Dit is moontlik.

Dit is moontlik. Sou dit die houding van die BSB gewees het? -- Nee dit is miskien weer eens my eie houding.

Nee, nee, ek vra nou wat is die houding van die BSB?

Want /..

K46.40

- 1279 -

BRITS

Want die BSB mnr. Brits, gebruik staatsgeld, nie waar nie? -- Ja.

(10)

Miljoene daarvan per jaar, nie waar nie? -- Ja.

En hy gebruik dit om burgers wat sonder dat hulle daarvan beskuldig word dat hulle enige misdryf gepleeg het, op straat te agtervolg, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En dit gaan vir ons daarom mnr. Brits om vas te stel wat die motief was waarvoor hierdie miljoene deur die BSB aange-wend is.

Nou aanvaar ek mnr. Brits ... (tussenbeide).

VOORSITTER: Wel ek dink in alle billikheid mnr. Bertelsmann, die miljoene klink interessant maar, en ek weet dat BSB se begroting baie miljoene beloop het, maar ek dink as u kyk na Streek 6, dan sal u sien dat ons praat nie van miljoene nie.

(20)

MNR. BERTELSMANN: Ek dink die vraag sal niks van sy emosionele impak verloor as ek dit verander na derduisendes nie, met respek mnr. die Voorsitter.

Daar word derduisende rande deur die BSB spandeer op die monitering van hierdie persone? -- Ja.

Wat het die End Conscription Campaign ooit gedoen om hom in die kader van 'n staatsgevaarlike organisasie te plaas? -- Ek weet nie.

Wat het 'n - is u bewus van die feit terloops dat die End Conscription Campaign 'n wettige organisasie is? -- Ek het voorheen vir u gesê dit was bloot miskien my eie afleiding.

(30)

Nee, nee. U het nou intussen vir ons gedefinieer mnr. Brits, dat lede van die End Conscription Campaign gemonitor is, nie waar nie? -- Ja, by spesifieke name Gavin Evans.

Goed, en die feit dat hy 'n lid van die End Conscription Campaign was, was een van die redes waarom hy gemonitor is, dit het baie duidelik uit u getuienis geblyk, nie waar nie? -- Ja.

K46.42

- 1280 -

BRITS

-- Ja.

Goed, nou kom ons kry net die volgende feite op rekord. Die (10)
End Conscription Campaign is 'n regmatige organisasie wat 'n
regmatige bestaan voer, is dit reg? -- Ja.

Wat openlik optree, korrek? -- Ja.

Wat openbare vergaderings hou, korrek? -- Ja.

Wat sy standpunt in die openbaar stel, korrek? -- Ja.

Wat sy grondwet, sy reëls, sy regulasies, sy doelstellings aan enigiemand wat belangstel openlik, persoonlik sal oorhandig, korrek? -- Ja.

En wat geen doel nastreef wat deur enige wet verbied word nie, is dit korrek? -- Ja.

En u persoonlik dra in u hoedanigheid as koördineerder van (20)
Streek 6 van die BSB geen kennis van enige wederegtelike optrede van die End Conscription Campaign nie, korrek? -- Nee.

Goed. Nou verduidelik asseblief vir ons agbare kommissaris, mnr. Brits, wat het die optrede van die BSB ten aansien van die monitering van een of meerdere lede van die End Conscription Campaign geregverdig? -- Ek het my voorheen uitgedruk dat hulle is dan nou nie noodwendig beskou as 'n vyand van die staat nie, maar die idee was om te kyk na wat dan werklik agter die ondersteuning of die buitelandse betrokkenheid van die ECC dan lê, wat dit dan moontlik 'n, sal laat kwalifiseer as 'n bedreiging (30)
vir die staatsveiligheid.

Wat het die ECC gedoen om enigsins te suggereer dat hy homself

met wederregtelike bedrywighede besig hou?

VOORSITTER: Ekskuus mnr. Bertelsmann, ek wil u nie onderbreek nie, ek dink die getuie het klaar gesê nee hy weet nie, maar die punt is eintlik, dit is baie interessant, maar ek dink ons moet darem naastenby binne die terme van my opdrag bly. MNR. BERT

K46.45

- 1281 -

BRITS

MNR. BERTELSMANN: Nee maar ek, mnr. die Voorsitter ek is op pad na die terme van u opdrag toe met respek.

VOORSITTER: Want as die BSB geld mors het dit niks met my te doen (10) nie. Dit is baie interessant maar dit is nie streng gesproke my werk om te kyk of hulle geld mors nie.

MNR. BERTELSMANN: Nee, behalwe hoogstens die bron van daardie geld interessant is mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Nee ons weet wat die bron is ja.

MNR. BERTELSMANN: Ek is eintlik op pad na 'n ander punt toe met respek mnr. die Voorsitter.

Nou as u nie vir ons kan sê wat die End Conscription Campaign gedoen het wat hom naastenby in die kader van 'n staatsgevaarlike organisasie sou kan bring nie, en dan nou die res van hierdie vraag (20) hoef u nie te antwoord as u nie wil nie, wat kan u denkbaar suggereer sou 'n projek vir die eliminasië van Gavin Evans geregverdig het?

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter dit is tog voor die hand liggend dat die getuie daardie vraag nie kan antwoord nie en my geleerde vriend behoort dit eintlik nie eers te stel nie.

VOORSITTER: Ja, volgende vraag mnr. Bertelsmann?

MNR. BERTELSMANN: Soos die u behaag. Nou mnr. Brits die Five Freedoms Forum, 'n soortgelyke organisasie, nie waar nie? -- Ja.

'n Soortgelyke organisasie wat in die openbaar regmatiglik optree nie waar nie? -- Ja.

Wat openbare vergaderings hou wat toeganklik is vir enigiemand? Wat geen geheim maak van sy standpunt nie, nie waar

(30)

nie? -- Ja.

Binne die reg ook. Kan u suggereer, kan u verduidelik waarom lede van die Five Freedoms Forum binne die kader van die BSB se aandag geval het? -- Ek weet nie na wie u spesifiek verwys /...

K46.48

- 1282 -

BRITS

verwys nie?

Ons het Gavin Evans se naam genoem.

VOORSITTER: Ja maar goed nou mnr. Bertelsmann daar was die vorige stelling waarop u nie 'n antwoord gekry het nie, nie heeltemal (10) korrek gewees nie want wat u nou sê is dat Evans was nie alleen omdat hy lid van ECC was gemonitor nie, hy is nou Five Freedoms Foundation. Ek dink u het vroeër te kenne gegee dat hy verbintenis met Grosskopf gehad het, so 'n mens weet nie of die goed bymekaar getel word, en of dit individueel be-skou word nie. Dit is al wat ek sê, u stel nou Evans in 'n aparte kader. Is daar iemand anders oor wie die getuie vrae sal antwoord by Five Freedoms Foundation wat gemonitor is wat u wil noem?

MNR. BERTELSMANN: Ja daar is, ons kan deur die lys gaan.

VOORSITTER: Het u die lys van die mense wat gemonitor is? (20)

MNR. BERTELSMANN: Nee, ek kan nie onmiddellik aan ene dink nie.

Ek sal terugkom daarna mnr. die Voorsitter want ek wil juis in verband daarmee weer daarnatoe terugkom.

VOORSITTER: Ja.

MNR. BERTELSMANN: Goed. Ten opsigte van hierdie persone mnr. Brits, kan u tot vandag toe nie aan enigiets dink wat hulle sou kon gedoen het om hulle as deel van 'n frontorga-nisasie van die buitelandse vyande van die Republiek te laat kwalifiseer nie? Is ek reg? -- Ek is bevrees ek verstaan nie u vraag mooi nie.

Ek wil graag hê dat u vir ons voorsitter moet verduidelik (30) hoe die BSB, wat volgens u bestaan as 'n organisasie om die buitelandse vyand buitelands te ontwrig, dit regverdig dat mense

soos Gavin Evans gemonitor word? -- Dit gaan oor suiwer om inligtingsredes wat mag voortspruit deur die monitering van /...

K46.49

- 1283 -

BRITS

van 'n persoon hier wat kan lei na 'n persoon wat dalk nog onbewus of onbekend is in die buiteland?

Ek sien. So met ander woorde wat u vir ons sê mnr. Brits, is êrens in die BSB is daar gekyk na mense se politieke standpunt of sosiaal, politieke of maatskaplike oortuigings? Nie waar nie? -- Ja, seker.

(10)

Is dit reg? -- Ja.

En daar is gekyk na hulle aktiwiteite en organisasies waaraan hulle behoort, nie waar nie? -- Ja.

En dan is daar volgens 'n sekere kriterium besluit of sulke mense verder opgevolg moet word of nie, nie waar nie? -- Ja afhangende.

Afhangende. Goed, nou wie het daardie kriterium wat bepaal het of sulke mense verder opgevolg moet word, vasgestel? Die voorsitter? -- Negatief.

Verskoning? -- Negatief.

(20)

Wie het bepaal wie opgevolg moet word? -- Wel dit is 'n streeksaangeleentheid wat bepaal of dit nodig is om verder te gaan met 'n spesifieke, kom ons sê maar met 'n spesifieke inligtingstuk rondom 'n persoon.

VOORSITTER: Ja

maar ek dink daar is meer as een stadium. Daar is eerstens die besluit om iemand te monitor. Wie keur daardie besluit goed? -- Dit is op streeksvlak.

Dit is op streeksvlak. As dit verder gaan as monitering word dit op 'n hoër vlak goedgekeur? -- Ja wel as daar nou iets voortspruit uit die monitering wat moontlik opvolgbaar is, dan kan dit 'n aanbieding aan die besturende direkteur verg.

(30)

Dan verg dit 'n aanbieding en dan gaan dit die gewone pad

soos ons al vantevore gehad het? -- Dit is korrek.

MNR. BERTELSMANN: Nou wie op streeksvlak bepaal of

iemand /...

K46.50

- 1284 -

BRITS

iemand gemonitor word al dan nie? -- Wel die koördineerder in samewerking met die streeksbestuurder.

Verskoning? -- Die koördineerder in samewerking met die streeksbestuurder.

Met ander woorde u, en in hierdie besondere geval Staal (10)
Burger? -- Ja.

Bepaal presies welke organisasies deur Streek 6 gemonitor gaan word? -- Ja, na aanleiding van inligting wat beskikbaar is, wat reeds van 'n stelsel bekom is, word daar dan bepaal, selektief bepaal.

Selektief bepaal. Goed, selektief volgens die insigte wat u en mnr. Staal Burger het, word daar bepaal wie word gemonitor? -- Ja en op aandrags, of op aanbeveling wat moontlik op die inligtingsdokument staan.

Nou wie het daardie inligtingsdokument opgestel? -- Dit is (20)
nooit, ek weet nie dit is, soos u kan sien dit lyk nie altyd of 'n mens weet van waar af dit kom nie.

Nou u was nie verplig om daardie inligtingstuk te volg nie? -- Te volg nie?

Te volg nie, die aanbeveling wat daarin vervat is te volg nie? -- Nee dit was nie nodig nie.

Met ander woorde die stelling wat ek aan u gemaak het, en dit is die kern waarna dit, waaroor dit gaan is, volgens die bestaande praktyk in die BSB kon u en die streeksbestuurder, mnr. Staal Burger, besluit wie word gemonitor en wie word nie gemonitor (30)
nie? -- Ja, die heel aanvanklike, die voorstudie fase ja.

Nou, het u die bevoegdheid gehad om 'n lid van die BSB opdrag

te gee om met moniteringswerk te begin? -- Negatief.

So met ander woorde ... (tussenbeide) -- Ek moet net kwalifiseer /...

K46.52

- 1285 -

BRITS

kwalifiseer waar ek 'n streekbestuurder het is ek nie bevoeg om dit te doen nie.

Verskoning? -- Waar 'n streekbestuurder bo my aangestel is is ek nie bevoeg nie maar wel in die ander projekte waar ek projekbestuurder is, mag ek sulke opdragte uitreik.

(10)

Met ander woorde kan u as dit nou nog nie 'n bestaande projek is nie besluit hierdie persoon word nou gemonitor? -- U vra my as koördineerder?

Ja? -- Negatief.

Goed, ek vra vir u as projekbestuurder? -- As projek-bestuurder oor 'n projek ja.

Oor 'n projek? -- Ja.

Maar dit is eers nadat u amptelike aangestel is as bestuurder van daardie bestaande projek, is dit reg? -- Dit is reg ja.

Met ander woorde ons sit dan met daardie situasie dat die bestaande praktyk van die BSB was dat mense word gemonitor, volgens wat u en mnr. Staal Burger dink gedoen behoort te word? -- Ja, na goeë dunde of na die aanbeveling van die inlig-tingstuk.

(20)

Ja, wat u nie eers weet waar dit vandaan kom? -- Ja.

Goed, nou miskien so 'n laaste aspek voordat ons miskien die verdaging sou kan neem. Die lys van organisasies wat, en persoonlikhede wat gemonitor is, is uit 'n politieke en sosiaal-maatskaplike oogpunt danig eensydig, sover ons kan vasstel. Hulle is almal aan die linkerkant van die politieke spektrum, is dit reg? -- Ja.

(30)

Het u en mnr. Staal Burger ooit 'n organisasie wat regs van die huidige regering staan gemonitor? -- Negatief.

Negatief. Dit was vir u nie interessant om na geluide wat na bewering uit regse oord kom dat daar protes is, dat die roer /...

K46.50

- 1286 -

BRITS

roer opgevat sal word nie, om daarna te kyk nie? -- Ja wel dit het heelwat later gebeur.

Ek sien, dit het nie in 1988 gebeur nie en ook nie in 1989, is dit u getuienis? -- Wel dit is my beskeie mening ja.

Verskoning? -- Dit is my beskeie mening.

(10)

So u het aan die regterkant van die politieke spektrum in 1989 niks gevind wat enigsins ... (tussenbeide)

VOORSITTER: Wel hy het niks gesoek nie mnr. Bertelsmann.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Sou dit miskien 'n gepaste oomblik wees om die etensverdaging te neem.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR MIDDAGETE.

(20)

(30)

DIE KOMMISSIE HERVAT NA ETE.

CHRISTO BRITS, nog steeds onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Voor ek aangaan, mag ek miskien net een aspek aanroer. Ek het dit met meeste van my geleerde vriende reeds bespreek, behalwe dat ek nie kans gehad het om dit met mnr. McNally te bespreek nie. In die dagboek wat ek vanoggend nagegaan het, het ons heelwat aanduidings gekry dat daar elemente in is wat ons met die getuie moet opneem en daar is heelwat inligting wat ons moet korreleer met ander bronne. Ek sal graag wil, as dit u nie te veel sou vertraag nie, versoek dat ons miskien vanmiddag nadat ek met die kruisverhoor aangegaan het sover as dit dan redelik moontlik is kan oorstaan na Maandagoggend en nie na môre-oggend toe nie. Die rede waarom ek dit versoek is, ons wil ook die 1988 dagboek nagaan en die verskillende ... (tusse-bei)

(20)

VOORSITTER: 1988?

MNR. BERTELSMANN: Die getuie se dagboek 1988/1989.

VOORSITTER: Waar gaan u hom kry?

MNR. BERTELSMANN: Hy het vir my gesê hy bestaan nog.

VOORSITTER: Nee, hy het gesê die 1990 een bestaan nog. Hy het gesê die 1988 een is in die kluis en ons was, ek dink kolonel Wright was in die kluis gewees.

MNR. BERTELSMANN: O, wel dan is ek onder 'n wanindruk. Ek het gehoop dit is die een dokument wat dalk nog bestaan.

VOORSITTER: Nee.

MNR. BERTELSMANN: Maar ongeag daardie feit sou ons graag as dit kan en met die oog daarop om 'n deeglike voorbereiding te kan doen

(30)

en ook die kruisverhoor moontlik te beperk dat ons nie onnodige aspekte opneem nie. Oorstaan na Maandag toe as

dit/...

K47.0089

- 1288 -

BRITS

dit moontlik is.

VOORSITTER: Nou maar goed, maar maak maar eers klaar, ons kyk waar u kom.

MNR. BERTELSMANN: Goed, baie dankie. Mnr. Brits kan ons begin by 11 April in u dagboek op hierdie stadium, het u dit? -- Ja. (10)

Nou ons het voor die verdagting bespreek hoe die verskillende teikens van die BSB se aandag bepaal is terwyl die BSB nou Streek 6 geopen het, nie waar nie en ons het 'n bietjie aandag daaraan gegee dat u en die streeksbestuurder verantwoordelik was vir die seleksie van die teikens, nie waar nie, vir die keuse wat daar gemaak is. Nou in u beëdigde verklaring het u melding gemaak en ek het dit reeds vir u gelees dat die BSB daarna, soos u dit gestel het, in die uitvoering van sy pligte en om u en my as burgers van die land te beskerm van tyd tot tyd besluit het om waar dit nodig was ter uitvoering van u pligte self op te tree. U maak (20) in daar-die paragraaf op bladsy 5 van u beëdigde verklaring die volgende stelling:

"In sulke uitsonderlike gevalle, waar die vyand se eie optrede dit genoodsaak het, ensovoorts..."

Het u te goeder trou opgetree? -- Ja.

Korrek. Watter optrede aan die kant van die vyand het u met hierdie stelling in gedagte? -- Ek het verder in die paragraaf verwys na uitsonderlike gevalle waarop ek asseblief nie vrae wil beantwoord nie.

U sê as u moet identifiseer wat die vyand wat die aandag van die BSB geniet het, gedoen het, dan kan u uself inkrimineer? -- (30) Wel, ja.

Goed, mnr. Brits, kom ons gaan dan na die volgende

inskrywing/...

K47.0171

- 1289 -

BRITS

inskrywing in u dagboek. Wanneer sê u het die BSB die eerste keer besluit om in die binneland aktief op te tree?

VOORSITTER: Ek dink die antwoord daarop was gewees, ons gaan net weer 'n beswaar kry. Die stelling was gewees: Was u aktief, bedoel u operasioneel aanvaar ek?

MNR. BERTELSMANN: Ja, operasioneel.

(10)

VOORSITTER: En toe was die getuienis gewees dat daar was in elk geval is afsonderlik op besluit, ek dink die getuienis was, dit was nie 'n algemene besluit nie en die getuie was nie bereid om te sê wanneer hulle die eerste besluit geneem het nie.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Nou kom ons kyk 'n bietjie wat staan daarin die dagboek ten opsigte van 11 April. Die eerste inskrywing daar is: "Sit TEL en dan MAGT op Choice." -- Ja.

Wat beteken dit? -- Telefoonmagtiging. Dit is afkortings.

Telefoonmatiging, wat beteken telefoonmagtiging? -- Lede wat van hulle privaat huise telefone gebruik wat amptelike oproepe maak, is daar 'n kategorie waaronder hulle kwalifiseer vir telefoonsubsidie. (20)

Ek volg. Dit is ook net in die hoedanigheid as betaalde werknemers van die Suid-Afrikaanse Weermag wat hulle hierdie magtiging sou kry nie waar nie? -- Ja, lede van BSB.

Ja, goed. Dan is die volgende punt: "Kry begroting by Jaco." -- Ja.

En wie is Jaco? -- Dit is die finansiële bestuurder.

Ek volg en die begroting waarop slaan dit? -- Die ...

(tussenbei)

Was dit die begroting vir die Projek Choice? -- Nee, dit

(30)

het/...

het nie noodwendig met Choice te doen nie, dit kan moontlik 'n kwartaallikse begroting wees.

Ek volg. "Trek geld vir Akko", wat beteken dit? -- Akkommodasie.

Akkommodasie waar? -- Dit is 'n moeilike vraag om te antwoord, ek weet nie.

Ek sien, sou dit verband hou met een of ander spesifieke projek? -- Ja.

Ek sien. Dan die volgende is: "Memo - begroting vir Choice." Dan die volgende punt: "Streekstrategie, blou, rooi, on. noodplan (blouplan)." -- En noodplan. (10)

"En noodplan (blouplan)." Wat beteken dit? -- Indien 'n streek besig is met blouaktiwiteite. Ek dink in mnr. Van Zyl se verklaring het hy die verskil tussen blou en rooi uitgespel, moet daar 'n strategie wees indien daar bewegings plaasvind dat wat gaan jou strategie wees, indien jy 'n probleem optel as jy op jou ware besonderhede beweeg en indien jy op jou vals besonderhede beweeg moet daar strategie wees hoe jy 'n probleem gaan oorbrug indien jy 'n probleem optel en hierdie is hoofsaaklik gebaseer op 'n buurstaat, jou beweging daar. (20)

Die blou en rooi het betrekking op die korrekte identiteit of werklike identiteit en administratiewe identiteit? -- Ja, blou is 'n werklike en rooi is die alias identiteit self.

Met die valse paspoort ensovoorts? -- Ja.

Nou wat beteken die volgende inskrywing? -- Toesluit van persoon oor kriminele daad, N.B. en dan blou en rooi en daarna herhaal u rooi met 'n koppeling na die N.B. toe? -- Dit hou verband met daardie beweging. Indien 'n persoon in 'n land

toegesluit/... (30)

toegesluit word, moet hy juis eerder 'n storie hê dat dit gaan oor 'n kriminele daad en nie soseer die werklike intensie van sy besoek nie.

So met ander woorde wat u nou sê is hierdie het betrekking op die geassumeerde of dan die nie-werklike optrede, bewegings van 'n lid van die BSB? -- 'n Werklike beweging strategie om te bepaal wat gaan jou optrede wees. Indien jy oor 'n grens beweeg en jy kry 'n probleem, byvoorbeeld jy word toegesluit, dan moet daar 'n strategie bepaal word of beplan word per streek oor wat gaan verskillende mense se optredes wees.

(10)

Dan moet daar met ander woorde voorgegee word dat die man dalk betrokke was by 'n kriminele oortreding? -- Ja, net om die aandag weg te kry van die werklike doel van sy besoek.

Ek volg. Het hierdie ook betrekking op binnelandse ak-tiwiteite? -- Hierdie het suiwer op buitelandse aktiwiteite te doen.

Ek volg. Nou wat betref die aanstelling van persone, lede van die BSB, wie het in die eerste instansie bepaal hoeveel lede vir BSB aangestel sou word? -- Ek kan dit nie antwoord nie. Ek is nie by magte om dit te antwoord nie, ek weet nie.

(20)

U weet nie? -- Nee.

Sê vir my as hulle tydens die boekjaar 1988/1990 (?) 'n besluit geneem word dat verdere persone in diens geneem moet word, wie magtig daardie indiensneming van verdere persone? -- Seker op die hoogste vlak van toepassing. Ek dra nie kennis van, dit is nie binne my aanstellingsvermoë om te weet nie.

Met ander woorde u stel nie persone aan nie? -- Nee.

Is dit reg? -- Nee.

Die/...

anders geneem? -- Ja.

Ek volg. Deur wie word dit geneem? -- Ek weet nie.

VOORSITTER: Hy sê hy weet nie.

MNR. BERTELSMANN: Verskoning. Wie het mense wat as lede van BSB voorgestel is van tyd tot tyd uitgesoek, gewerf? -- Kan u net die vraag herhaal.

Goed, sê nou maar het die streeksbestuurder of u ooit lede, nuwe lede vir BSB gewerf? -- Nee, nie wat ek van weet nie.

Nie wat u van weet nie. Nou is dit korrek as ons onder die indruk verkeer of is dit nie korrek nie, dat nadat u in 1988, het u gesê het u bedank uit die weermag, is dit reg? -- Ja. (10)

Met die bedanking het seker die uitbetaling van pensioen en alle byvoordele gepaard gegaan. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Dit moes daarin, na buite lyk soos enige ander bona fide bedanking nie waar nie?-- Korrek.

Maar u het dieselfde dag ingeskakel by die BSB. Is dit reg? -- Ja.

Op, as ek u reg verstaan het, op dieselfde salarisvoor-waardes as wat u gehad het voordat u uit die weermag bedank het? -- Ja, of met 'n kerfverhoging. (20)

Het u 'n kerfverhoging gekry? -- Ja.

Met ander woorde u het, argumentsonthalwe, u was 'n offisier in die weermag, kom ons sê u was 'n majoor, u het bedank as 'n majoor, u kry u gratifikasie, u pensioen enso-voorts waarop u geregtig is en u word dieselfde dag of die volgende dag aangestel as 'n sogenaamd burgerlike lid van die

BSB/...

K47.0406

- 1292 -

BRITS

BSB met 'n kerfinkrement of 'n bevordering na die rang van kommandant toe. Is dit reg? -- Nee, dit is nie noodwendig 'n rangbevordering nie, dit is 'n kerf binne die rang. (30)

Binne die rang. Is daar ooit daarna of ten tye van die heraanstelling in die BSB 'n rangbevordering toegeken aan enigiemand wat u weet? -- Nee, daar word nie rangbevorderings toegeken nie, daar word bloot, daar kan 'n salarisverhoging plaasvind.

Ek volg. Het dit, behalwe nou in u eie geval, het dit in ander persone se gevalle ook plaasgevind?

VOORSITTER: Hy sê dit - wat?

MNR. BERTELSMANN: Dat daar 'n kerfverhoging kom, dat hy 'n kerfverhoging ontvang? -- Of ek weet daarvan?

(10)

Ja. -- Binne Streek 6?

Binne Streek 6.

VOORSITTER: Punt nommer een, weet u van iemand anders wat in die weermag gewerf is vir Streek 6? -- Negatief, behalwe nou die mense soos bekend.

Maar hulle kom nie uit die weermag nie, hulle kom uit die polisie? -- O, ja nie uit die weermag uit nie.

MNR. BERTELSMANN: Weet u van enigiemand wat vir die BSB uit die weermag gewerf is op dieselfde basis? -- Vir die, ja.

En is hulle op dieselfde wyse hanteer as u? -- Ja.

(20)

Met u heraanstelling met die kerfverhoging in die nuwe besigheid het u ook byvoordele ten opsigte van medies, pensioen ensovoorts ontvang? -- Presies dieselfde voordele behou.

Presies dieselfde as voorheen? -- Behou.

Ja. Dit is egter, as ek die getuienis van mnr. Van Zyl reg verstaan het, nie meer deur die weermag gekanaliseer nie,

maar/...

K47.0463

- 1293 -

BRITS

maar privaat gekanaliseer. Is dit reg? -- Ja, met ons eie be-groting.

(30)

Met u eie begroting en dit is in u eie naam privaat geplaas.

Is dit reg? -- Ja.

Daar was egter 'n verdere voordeel wat lede van die BSB ontvang het, nie waar nie en dit is dat daar vir hulle 'n private besigheid geskep is? -- Dit is korrek.

As ek dit nie mis het nie, geld dit vir elke lid van Streek 6. Is dit reg? -- Dit het plaasgevind.

Het dit ook vir ander lede van BSB behalwe Streek 6 plaasgevind? -- Dié van die ander streke waarvan ek bewus is, ja.

Met ander woorde enige persoon wat vir die BSB gewerk het, as hy nou voltyds vir die BSB gewerk het, het deur die BSB 'n besigheid gekry wat vir hom opgebou is? -- Nee, nie noodwendig (10) nie. Dit hang af met watter voorstel die persoon kom.

Ja, wat was die alternatiewe? -- Die alternatief was
(tussenbei)

VOORSITTER: Ek weet darem nie of die dame wat die kluis se sleutels gehou het, besigheid opgebou het nie. Dit is nou wat u stel. -- Die alternatief is dat jy jouself finansier en jou eie ding doen.

MNR. BERTELSMANN: Maar 'n lid het die keuse gehad as hy sy eie besigheid wil begin? -- As hy met 'n goeie aanbieding kom dan is dit die prerogatief van die besturende direkteur om dit goed te keur of af te keur. (20)

Ek volg. So met ander woorde die moontlikheid het dan bestaan dat 'n persoon wat aangestel is by die BSB, wat sy salaris ontvang elke maand, daarbenewens in besit geplaas word

van/...

K47.0518

- 1294 -

BRITS

van 'n besigheid wat met staatsgeld aangeskaf en soos in die geval van mnr. Van Zyl inderdaad bedryf word? -- Ja, dit hang nou af hoe die besigheid aangeskaf is. Of hy fisies met fondse, (30) staatsfondse aangeskaf is en of die lid dit suiwer met sy fondse

aanskaf en net bedryfsuitgawes ontvang. So dit is nie suiwer 'n summier, 'n mens moet nie van die veronderstelling uitgaan dat almal kry suiwer 'n bedrag vir 'n besigheid nie.

Maar kom ons bepaal ons vir 'n oomblikkie by mnr. Van Zyl.

Is ek reg in my vermoede dat in sy geval die staat betaal het vir die aanskaffing van die besigheid? -- Nie vir die aanskaffing van die besigheid nie, maar wel vir die maandelikse bedryfsuitgawes is daar betaal.

Ek sien en dit het ingesluit huur, uitgawes vir personeel, telefoon, diktafoon ensovoorts? -- Dit is korrek.

(10)

En toe hy bedank het, het hy in besit van die besigheid gebly nie waar nie? -- Ja, ek neem aan hy het voortgegaan.

En as ek dit nie mis het nie, volgens die getuienis is daar geen voorsiening gemaak daarvoor dat enige lid van die BSB wat so in die besit van 'n besigheid geplaas is en uit die BSB bedank daardie besigheid of die waarde van die besigheid of die geld wat hy vir daardie besigheid ontvang het aan BSB moet terugbetaal nie? -- Nee, daar is 'n stelsel waarvolgens dit moet terugbetaal word.

Is daar 'n stelsel? -- Ja.

Het mnr. Van Zyl terugbetaal?

(20)

VOORSITTER: Bly asseblief by die terme van die Kommissie?

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Goed, die posisie wat u self betref het u ook 'n privaat besigheid? -- Negatief.

Ek volg, maar u is nie langer aan die weermag verbonde

nie/...

K47.0574

- 1295 -

BRITS

nie? -- Dit is korrek.

Werk u voltyds vir BSB? -- Voltyds.

U het geen ander aktiwiteite benewens u BSB aktiwiteite nie?

(30)

-- Ek het natuurlik my ander aktiwiteite.

Ek volg. Nou u sou vir ons 'n beëdigde verklaring probeer

verkry of u regsverteenwoordigers van 'n ander persoon, 'n ander lid, in wie se besit sekere lysie van die Five Freedoms Forum en die End Conscription Campaigne gekry is, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Is dit verkry? -- Dit is verkry. Ek dink dit is in nog, ek weet nie, u moet net vir my advokaat vra, ek is nie seker nie.

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, ek het reeds gister vir die Kommissie gesê ons het reeds 'n geskrewe verduideliking wat ons onderneem het om mettertyd, wanneer ons geleentheid het, dit op skrif - dit behoorlik te laat tik en aan die Kommissie te laat kry in beëdigde vorm. (10)

MNR. BERTELSMANN: Is u bewus van wie daardie persoon is uit die aard van die saak? -- Ja.

Kan u vir ons sê wat sy naam is? -- Ja, sy naam is Derick.

Ek sien, nou in watter streek is Derick aktief? -- Derick was nie gekoppel aan 'n streek nie. Hy was die inligtings-beampte van die organisasie. Ek verneem hy is egter nou wel by 'n streek ingedien.

Ek sien en Derick is natuurlik sy administratiewe naam? -- Dit is korrek. (20)

Nou volgens die verklaring, volgens die dokumentasie wat kolonel Wright verkry het, dit was die beëdigde verklaring wat hy ingehandig het eergister, bylae D daarvan, is u in besit van/...

K47.0633

- 1296 -

BRITS

van 'n afskrif daarvan mnr. Brits?

VOORSITTER: Herken u hierdie dokument? -- Ek dink ek het al voorheen na hom gekyk, ja.

MNR. BERTELSMANN: Goed, kan u weer eens net vir ons beskryf wat is hierdie dokument? -- Dit is hoe 'n tipiese inligtings-dokument lyk wat bestaan het. (30)

Met ander woorde dit is 'n dokument wat die inligtings-beampte verkry het? -- Ja.

Nou goed. Die inligtingsbeampte Derick het uit die aard van die saak binnelands gewerk. Is dit reg? -- Negatief, dit is nie werk nie.

Het hy binnelands en buitelands gewerk? -- Ek het vir u gesê hy was aangestel as die organisasie se inligtingsbeampte en hy is, dit is wat ek verneem, hy is nou by 'n streek inge-deel.

Hierdie inligting wat hy hier verkry het is inligting wat op die binnelandse, op persone wat binne-in Suid-Afrika bly (10) betrekking het nie waar nie? -- Uit die aard van die Kommissie neem ek aan dit is suiwer wat hier is, ja.

Ja wel, u sê u het na hierdie lys gekyk. Is dit reg? -- Ek het in die teenwoordigheid van die beamptes van die Kommissie daarna gekyk.

Goed, nou kom ons kyk na bylae D.

VOORSITTER: Maar het u voordat u hierdie lys gesien het, in die teenwoordigheid van die beamptes, het u hierdie lys voor daardie datum gesien? -- Ek het baie lyste gesien. Dit is moontlik dat ek hierdie lys ook gesien het.

(20) MNR. BERTELSMANN: Is dit 'n soortgelyke lys aan dié wat die inligtingsbeampte van die organisasie van tyd tot tyd ge-sirkuleer het? -- Die presiese, die volgorde of die

inskrywings/...

K47.0694

- 1297 -

BRITS

inskrywings is miskien nie noodwendig dieselfde nie, maar die inligtingkonsep bly dieselfde, ja, maar die lys mag verander, dit mag verskil.

Nou kom ons kyk dan na bylae D. Dit wil voorkom, wil dit (30) nie, asof dit 'n lys is wat betrekking het op die IDASA, "The Institute for a Democratic Alternative for Southern Africa"?

--Ja.

Is dit reg?-- Korrek.

Nou wat sou die doel en funksie van die verkryging van so 'n lys deur die BSB wees? -- Ek weet nie. Dit is nie vir my om te antwoord nie.

Maar u het hierdie inligting is dan ... (tussenbei)

VOORSITTER: Hy het miskien dit gesien mnr. Bertelsmann. Ons weet nou dat Derick daarvoor verantwoordelik is. So asseblief probeer vrae vra wat die getuie sinvol kan antwoord.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. Brits het u soortgelyke lyste soos (10)
hierdie, waar name van hierdie aard op hierdie wyse uiteenge-sit word van tyd tot tyd van die inligtingsbeampste gekry? -- Nie summier gekry nie, maar daar was wel 'n manier om dan nou inligting wat bekom is terug te verwys hierna en te korreleer en te kyk vir juistheid.

Ek sien. -- Daar is verskeie lyste deur my gesien waar-onder hierdie moontlik ook kon wees. Ek is nie seker nie.

Ja, goed nou die lyste wat die inligtingsbeampste opgestel het van hierdie aard met watter doel is dit gedoen?-- Dit kan ek ook nie antwoord nie.

Kom ons gaan dan na die volgende lys toe. Kom ons bly eers (20)
by bylae D. Wie het hierdie aantekening, die pyltjie en ek weet nie of dit veronderstel is om Derick te beteken nie, of dit 'n afkorting vir Derick is wat daar staan nie, daar

staan/...

K47.0749

- 1298 -

BRITS

staan "Drek na Ronnie Watson toe." Wat beteken dit? -- Dit is nie my skrif nie, ek weet nie.

U weet nie. Herken u hierdie handskrif? -- Negatief.

Die volgende, bylae E, dit is klaarblyklik 'n lys wat (30)
betrekking het op die Five Freedoms Forum. Is dit reg? -- Ja.

Het u hierdie lys in die dae toe u nog werksaam was of altans toe die BSB nog aktief was, het u hierdie lys gesien? -- Nie noodwendig hierdie spesifieke lys nie, maar wel lyste van die FFF.

Goed, met soortgelyke inligting? -- Ja, miskien nog meer as hierdie.

Ek sien, nou op hierdie bylae E is daar 'n prominente pyl na die "vice-chairperson" van die Five Freedoms Forum getrek onder die hofie "executive committee" en daardie "vice-chair-person" is David Webster, nie waar nie? -- Dit is korrek.

(10)

Weet u wie hierdie aantekening gemaak het? -- Nee, ek weet nie.

Goed, waar sal ons Derick kan vind op hierdie stadium?-- Ek weet nie, hy is seker beskikbaar.

Is hy beskikbaar, goed.

MNR. HATTINGH: Dit is die persoon van wie ons die geskrewe verklaring het mnr. die Voorsitter.

MNR. BERTELSMANN: Ek sien. Dan op dieselfde bladsy, bylae E, "Member of the Proposal Committee, Professor Eddie Webster, weer eens 'n soortgelyke pyl, 'n soortgelyke aantekening. Is dit reg?

(20)

-- Dit is korrek.

Die volgende bladsy, bylae F, dit is klaarblyklik 'n lys wat betrekking het op die End Conscription Campaigne. Is dit reg?

VOORSITTER: Hoekom sê u klaarblyklik?

MNR. BERTELSMANN:/...

K47.0806

- 1299 -

BRITS

MNR. BERTELSMANN: Wel volgens die name.

VOORSITTER: Wel dit is nie vir my klaarblyklik nie. Dit mag vir u klaarblyklik wees.

(30)

MNR. BERTELSMANN: Verskoning mnr. die Voorsitter. Mnr. Brits, sou u saamstem as u na die name kyk dat hierdie 'n lys is wat verwys

na die End Conscription Campaigne? -- Nee, ek herken nie die name nie.

U herken nie die name nie, goed. Weer eens is daar 'n verwysing met 'n pyl na 'n persoon wat aangedui word as die vorsitter van die Stellenbosch se tak, Christo Nel? -- Dit is korrek.

Herken u die volgende bylae, bylae G? -- Nee, die name is vir my almal onbekend.

Almal onbekend, goed. Kom ons gaan na bylae H toe. Het u hierdie memorandum al vantevore gesien? -- Ja, ek het hierdie memorandum gesien. (10)

Waar het hierdie memorandum vandaan gekom? -- Ek is nie seker daarvan nie. Ek het hom by Derick gesien.

By Derick? -- Ja.

En as u sê u het dit by Derick gesien, wat presies beteken dit, het u Derick in die kantore van die BSB gesien? -- Ja, hy het dit daar vir my onder andere gewys, ja.

Onder andere, goed. By watter geleentheid was dit, was dit 'n amptelike geleentheid? -- Nee, ek dink ek het gekom met 'n aanvullende of met 'n detail van myself en toe het hy ook hierdie detail gehad en ons het dit vergelyk. (20)

Ek volg, goed. Nou sê vir my wie is op hierdie memorandum bo aangedui as Leonie van Graan? -- Ek ken nie so 'n persoon nie.

U weet nie. Dan "aan" is hier uitgegee, hoekom? Weet u/...

K47.0871

- 1300 -

BRITS

u dit? -- Nee, ek weet nie.

Ek sien. Waarvoor sou name en adresse van hierdie, van weer eens Gavin Mark Evans deur Derick verkry gewees het? -- Waarom? (30)

Ja, met watter doel? -- Om inligting na te gaan of te bevestig of te dateer.

Sodat die BSB dan uiteindelik in staat gestel moet word om te doen wat hy wil doen? -- Nee, ek sal nie dit sê nie.

Goed, weet u wie die ander name is wie op hierdie aan-hangsel verskyn: "Monard Ross en Allister Teling Smith?" -- Nee, ek ken nie daardie name nie.

Waar is, kom ons vra die vraag eers so, wie het die inligting benewens u van Derick ontvang? Is dit gesirkuleer by al die BSB-lede? -- Negatief. Ek het moontlik hierdie detail met Maree bespreek.

Ek volg. Sou Derick oor die navorsingswerk wat hy ge-doen het, lêers opgestel het? -- Ek weet nie. Dit was 'n af-sonderlike vel papier wat ek kan onthou, hierdie spesifiek met die tekening op was apart gewees. Dit was nie deel van 'n lêer nie. (10)

Weetu of hy lêers aangehou het? -- Nee.

As hy lêers aangehou het, waar sou 'n mens sulke lêers kan vind? -- 'n Mens moet miskien hom self vra. Ek weet nie.

U dra geen kennis daarvan nie? -- Nee.

Was daar nie 'n staande beleid mnr. Brits dat alle lêers van die BSB op bepaalde plekke gehou moet word nie?-- Ja.

Ekskuus? -- Ja.

As dit so is, dan behoort u mos te weet waar so 'n lêer ... (20)

(tussenbei)

VOORSITTER: Ja, maar u weet nou, ons is nou, eerstens

voorveronderstel/...

K47.0934

- 1301 -

BRITS

voorveronderstel u dat daar 'n lêer is. Die getuie sê hy weet nie. Nou wil u weet waar die lêer is wat die getuie sê hy nie weet nie en nou sê hy hy weet nie waar die lêer is wat hy nie van weet nie. Nou sê u nou maar veronderstel nou, nou gaan u verder aan. Ons is nou al by die derde veronderstel-ling. (30)

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, ek probeer net bepaal waar

'n mens na 'n lêer moet soek, indien daar so 'n lêer sou bestaan.

My geleerde vriend sê vir my dat Derick inderdaad geroep sal word. Nou mnr. Brits kan u kortliks kyk na 8 Mei in u dagboek?

U het hier vir uself 'n aantekening gemaak dat 'n visum vir Duitsland benodig word onder die hofie "koord" halfpad die bladsy af. Is dit reg? -- Ja.

Waarvoor staan die woord "koord"? -- Dit is vir koör-dineringspunte.

Koördineringspunte? -- Ja.

Koördineringspunte waarvan, van watter verskillende ...? --
(10)
Dit kom van die besturende direkteur weekliks.

O, wat die besturende direkteur, is dit opdragte wat die besturende direkteur van tyd tot tyd gee, weekliks gee? -- Ja, dit is 'n koördinerende vergadering wat gehou word.

Ek sien. Nou hierdie visum vir Duitsland word benodig. Vir wie is daardie visum benodig? -- Die visumaansoeke, die redes om, die nodigheid om visums te bekom vir Duitsland was vanaf 8 Mei geldig, 18 Mei geldig.

VOORSITTER: Met ander woorde hy sê die regsposisie het ver-ander vanaf 18 Mei. -- Ja.

(20)
MNR. BERTELSMANN: Verwys dit nie na enige besondere aansoek vir 'n visum nie? -- Negatief.

Ek volg. Danskakel dit daardie potensiële probleem vir ons/...

K47.1013

- 1302 -

BRITS

ons uit. Sê vir my mnr. Brits ten opsigte van befondsing van die BSB, waar het die BSB gelde vandaan gekry, waar het u dit gekry of as dit vir projekte benodig is? -- Wel, dit is staatsgelde wat gekanaliseer is na die BSB toe, wat na 'n persoon toe is wat die voorskotte uitgerek het en dit is waar die geld gekry is.
(30)

Is al die voorskotte in Suid-Afrika uitgerek wat u van weet?

-- Ja. Ja, dit moet wees.

Dit moet wees? -- Ja.

Weet u of maak u 'n afleiding? -- Wel, volgens my kennis is alle voorskotte hier uitgereik.

Dra u kennis van enige buitelandse fondse wat vir die doeleindes van die BSB aangewend is op enige stadium? -- Fondse wat in die buiteland beskikbaar is?

Ja, wat in die buiteland beskikbaar is. -- Ja, daar is fondse in die buiteland.

Ek sien is dit fondse wat enigsins deur u gebruik is, waaroor u kan getuig? (10)

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann, ek weet nie wat dit met die Kommissie te doen het of enige fondse in die buiteland is nie.

As u vir my kan verduidelik dan kan ons aangaan.

MNR. BERTELSMANN: Maar mnr. die Voorsitter, hierdie getuie ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ek vra vir u wat is die relevantheid van die vraag binne die perke van die opdrag van die Kommissie?

MNR. BERTELSMANN: Ja, mnr. die Voorsitter, sodra 'n antwoord ontvang is kan 'n mens vasstel vir watter projek dit gebruik is. (20)

VOORSITTER: Nee, die vraag moet eerstens relevant wees. U kan nie irrelevante vrae vra nie en hoop daar gaan 'n relevante/...

K47.1080

- 1303 -

BRITS

relevante antwoord kom nie. Ek dink nie dit werk heeltemal so nie.

MNR. BERTELSMANN: Nee, maar mnr. die Voorsitter dit sou seer sekerlik relevant wees om te vra wat is vir 'n bepaalde projek betaal, wie is betaal en hoe is hy betaal. (30)

VOORSITTER: Wel dan vra die vraag vir watter bepaalde projek wil u die vraag hê?

MNR. BERTELSMANN: Wel ek het nou net begin by die bron en ek sal daarvandaan af, maar ons kan dit op die ander wyse ook doen, met respek mnr. die Voorsitter. Mnr. Brits, het u vir enige projek waarby u betrokke was, geld uit die buiteland of ontvang òf gebruik?

VOORSITTER: Kom ek vra dit andersom. Het u vir enige binne-landse projek geld uit die buiteland ontvang? -- Negatief.

MNR. BERTELSMANN: Nie, goed. Het die BSB tot en met die begin van hierdie jaar met ander veiligheidsinstansies saam-gewerk. Met ander woorde met Nasionale Intelligensie, die Veiligheidspolisie, Militêre Intelligensie of het al daardie samewerking in 1988 gestaak? -- Nee, ek is nie bewus van enige samewerking van hoe 'n aard ookal nie. (10)

Het die BSB sedert November 1988 of daar voor mense in belangrike posisies in organisasies in Suid-Afrika gehad wat lede van die BSB was en daar vir die BSB gewerk het? -- Ek dra nie kennis van sulke mense nie.

Sê die naam Frikkie Barnard iets vir u?-- Negatief.

Is dit nie 'n persoon wat u ken nie? -- Nee.

Weet u of daar ooit enige kontakte tussen die BSB en werknemers van die Stadsraad van Johannesburg was? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie. (20)

U dra nie kennis daarvan nie? -- nee.

In/...

K47.1168

- 1304 -

BRITS

In u dagboek op bladsy, teenoor 21 April 1989 word daar aangedui dat daar 'n drie dae opleiding sou wees. Is dit reg? -- Ja, dit is korrek.

En daar word ook aangedui, as my notas reg is, dat dit in die Skuur sou plaasvind. Is dit reg? -- Dit staan nie hier nie. (30)

Staan dit nie daar nie, goed, waar sou daardie drie dae opleiding wees? -- Dit hang af vir wie die opleiding was.

Volgens u nota? -- Wel ek weet nie. Ek weet dat Streek 6 het wel opleiding ontvang, ek kan net nie onthou oor watter datums nie. Daar is ook ander mense wat opleiding ontvang het.

Goed, wat beteken die aantekening? Wat - is dit opleiding, is dit tegniese opleiding, is dit fisiese opleiding, is dit weerbaarheidsopleiding, is dit opleiding om 'n goeie agent of 'n goeie spioen te wees? -- Dit kan verskeie opleiding beteken. As dit vir lede van Streek 6 was, vir mnr. Burger en sy mense dan sou dit induksie opleiding gewees het.

Induksie opleiding? -- Ja.

(10)

Met ander woorde om hulle gereed te maak vir hulle take in die BSB self?-- Ja, dit is hoofsaaklik administratiewe opleiding wat die verskillende fassette van administrasie behels soos personeel, finlogistiek en dies meer.

Terwyl u nou die kwessie van mnr. Burger geopper het. Die Projek Choice het behels dat hy en die ander drie lede van die Suid-Afrikaanse Polisie saam na die BSB toe sou kom. Is dit reg? -- Hulle het saam begin, ja.

Ja, met ander woorde dit was 'n deel van die projek dat hulle in 'n groep na die BSB toe kom? -- Dit is korrek, ja.

(20)

Ek/...

K47.1241

- 1305 -

BRITS

Ek volg. Dan terwyl ons by 21 April is, wat beteken die aantekening volledige "waard", waarskynlik waarde, ek is nie seker nie. -- Nee, dit is 'n afkorting vir "waardering".

Vir Mohammed. Is Mohammed 'n projek? -- Nee, Mohammed is 'n indirekte lid wat in die buiteland opereer.

Ek sien, goed. Dan kan ons dit nie verder opvolg nie. Daar is gesuggereer en u sê dit ook in u eie beëdigde verklaring dat optredes wat die BSB binnelands getref het, gevolg het, dat dit met 'n seker oogmerk geskied het. Is u in die lig van die

(30)

feit dat u aangedui het dat u oor die praktiese optrede, operasionele optrede van die BSB in die binneland nie uitgevra wil word nie, bereid om oor die doel van sodanige optrede te praat of nie? -- Nee, ek is nie bereid nie.

U is nie bereid om daaroor te praat nie, goed. Mnr. die Voorsitter, ek sou nou waarskynlik met die dagboek aangegaan het, ek kan met die dagboek aangaan bladsy-vir-bladsy. Soos ek sê ... (tussenbei)

VOORSITTER: Asseblief moet dit nie doen nie.

MNR. BERTELSMANN: Dit is juis mnr. die Voorsitter waarom ek graag 'n geleentheid sou wil hê om dit eers te korreleer, want ek dink ek sal heelwaarskynlik onnodig tyd in beslag neem. (10)

VOORSITTER: Dit wil nie sê u gaan nie onnodig tyd in beslag neem as u dit klaar bestudeer het nie.

MNR. BERTELSMANN: Dit is nie so nie. Dié belofte kan ek nie gee nie, maar ek kan 'n goeie raaskoot waag dat ek meer on-nodige tyd in beslag sou neem andersins. Sou dit vir u geleë wees mnr. die Voorsitter, vir u geleë wees as ons kan oorstaan tot Maandag toe. Dan hoop ek dat ek Maandag nie langer as 'n uur of 'n uur-en-'n-half sal wees nie.

(20)

GEEN/...

K47.1329

- 1306 -

CILLIERS

GEEN VERDERE VRAE

BRAAM CILLIERS, v.o.e.

ONDERVAGING DEUR MNR. McNALLY: Ons het nie 'n verklaring van hierdie getuie nie. Mnr. Cilliers hoe lank werk u al vir die BSB? -- Dit is omtrent so 'n bietjie meer as 20 maande.

20 Maande?-- Ja.

In watter hoedanigheid werk u daar? -- As administratiewe bestuurder en dan het ek bepaalde logistieke funksies ook. (30)

En waar is u kantore geleë? U hoef nie die spesifieke plek

te noem nie, gee net die area? -- Soos u daarna verwys,
Pretoria-Wes.

Pretoria-Wes. Is dit by die hoofkwartiere van die BSB? --
Dit is reg.

En hoe lank beklee u die pos wat u tans het? -- Plus-minus
20 maande.

Vir die volle tydperk? -- Ja.

In daardie hoedanigheid is dit korrek dat u beheer uit-ge oefen
het oor die lêers van die BSB?-- Tot 'n beperkte mate. Ek het
nie toegang tot die plek gehad waar, soos u sê Speskop waar hulle
gebêre was nie, as gevolg van die feit dat ek nie geïdentifiseer
daar kon word nie. Ek het nie toestemming gehad om ooit soontoe
te gaan nie. (10)

VOORSITTER: U moet net asseblief hardop praat.

MNR. McNALLY: Het u 'n kontakpersoon gehad daar by name Petro
Viljoen? -- Dit is reg.

Was u teenwoordig in die Kommissiekamer toe ek Petro Viljoen
se verklaring uitgelees het aan die ...?-- Nee.

Nee. Ek dink ek beter dit dan weer vir u voorlees sodat
u die korrektheid aldan nie daarvan kan bevestig. Sy sê:
"Petro Viljoen is my administratiewe naam as lid van die
BSB/... (20)

K47.1459

- 1307 -

CILLIERS

BSB."

En dan gaan sy voort:

"Ek is op 'n halfdaagse grondslag en in 'n blote admini-stratiewe
hoedanigheid in diens van die BSB.

3.Voor die aankondiging van die Kommissie was dit een van my pligte

om projeklêers te hanteer. Die han-tering van lêers
en die liassering daarvan en die weglê van dokumente
daarin behels. Daarbenewens het ek ook die (30)

verrekening van die finansies ten opsigte van projekte behartig en vir daardie doel het ek insae tot die finansiële lêers gehad.

4. Wanneer streke lêers aangevra het moes ek die lêers trek en na 'n ander kantoor van die BSB neem waar ek dit aan Braam Cilliers, die administratiewe bestuurder van die BSB oorhandig het. Daarna het ek na die kantore waar ek werksaam is teruggekeer.

5. Die koördineerder van die streek wat die lêers aangevra het moes dit dan by hom afhaal en vir ontvangs daarvan teken. (10)
Nadat die lêers deur Braam Cilliers terugontvang is moes ek dit weer daar gaan haal en liasseer.

6. Na die aankondiging van die Kommissie het Braam my versoek om die sleutels van die kluis waarin die lêers geliasseer was aan hom te oorhandig. Daarna het ek nooit weer toegang tot die kluis gehad nie. Ek weet nie eers of die lêers uit die kluis verwyder is en indien wel waar dit tans is nie. Ek was ook nie teenwoordig toe amptenare van die Kommissie toegang tot die kluis verkry het nie." (20)

Sover dan die verklaring van Petro Viljoen. Bevestig u die korrektheid/...

K47.1524 - 1308 - CILLIERS
korrektheid van wat sy in haar beëdigde verklaring gesê het? --
Dit klink vir my korrek.

Op die stadium toe sy vir u die sleutels van die kluis gegee het, is dit korrek dat die projeklêers van BSB wat geslaan het op die binnelandse aktiwiteite binne-in daardie kluis was? --
Ek weet nie. Ek neem so aan.

VOORSITTER: Ag kom nou mnr. Cilliers. Dit is uiters geheime dokumente. Daar is 'n register wat handel waar hierdie (30)

doku-mente is van tyd tot tyd, wat hulle volledige beweging aantoon. Waar is daardie register? -- Wel, kan ek net vir u sê ... (tussenbei)

Antwoord net die vraag, waar is die register?-- Ek weet nie.

Hoe kan u nie weet nie? U is die administratiewe bestuurder. -- Maar ek beheer nie die register.

Maar wie beheer die register? -- Dit sal Petro Viljoen wees.

Maar u het dan die sleutels by haar oorgeneem? -- Maar ek het nie die sleutels by haar oorgeneem met die doel om die plek by haar oor te neem nie. (10)

Hoekom nie? Waarvoor het u die sleutels oorgeneem? -- Ek het opdrag gekry ek moet die sleutels neem en op 'n sekere punt los.

By wie het u opdrag gekry om die sleutels te neem?-- By die besturende direkteur.

Hoekom? -- Ek het nie vir hom gevra hoekom nie. Ek het die opdrag net uitgevoer.

Wanneer het u die opdrag gekry? -- Dit was soos sy genoem het hier wanneer die Kommissie afgekondig was. Ek is nie presies seker, die presiese datum nie, maar dit was hier in die/... (20)

K47.1589 - 1309 - CILLIERS
die begin van Februarie gewees.

Maar wat was die opsigtelike doel hoekom u die sleutels moes kry? -- Wel, die aktiwiteite soos ek verstaan het van die BSB is heeltemal afgeskaal tot so 'n mate dat die projekte net bedryf is wat betref hulle daaglikse uitgawes en so aan. Met ander woorde kantoorhuur wat betaal word en so aan. Die mense wat normaalweg baie daar gekom het, het heeltemal verdwyn. (30)

Wie?-- Die koördineerders.

Ek vra vir u hoekom het u besit van die sleutels geneem? -- Dit was 'n opdrag van die besturende direkteur.

En hoekom het hy u die opdrag gegee? -- Ek het hom nie gevra nie. Hy het net vir my gesê ek moet sorg dat ek die sleutels by haar kry en by 'n bepaalde punt los.

Waar was die bepaalde punt? -- By die Pretoria-Wes kantoor. En toe? -- En ek het dit daar by die punt gelos.

En wat het toe gebeur? - Ek weet nie.

Waar is die sleutels nou? -- Ek het hulle die eerste keer weer gekry toe ek gesê was om hulle by dieselfde plek te gaan haal en ek moet opgaan na Speskop toe. Blykbaar was daar by die lêer (10) se inligtingskool toegeslaan en hulle het vermoed ...

(tussenbei)

Was dit nou voordat u verdwyn het of nadat u verdwyn het? -- Nadat ...?

Voordat u verdwyn het van die aardbol of nadat u van die aardbol af verdwyn het? -- Ek is nou nie seker wat u bedoel nie.

U onthou dat u verdwyn het gedurende Maart of Aprilmaand, dat niemand geweet het waar u skielik is nie, onthou u dit?

-- Praat/...
(20)

K47.1645

- 1310 -

CILLIERS

-- Praat u na die Kommissie daar was?

Nadat die Kommissie daar was het die Kommissie probeer inkom. -- Ek is nie heeltemal seker nie. Ek het 'n week by die plek gesit en die week daarna ... (tussenbei)

Saam met wie? -- Saam met Piet van Zyl.

Waar is die Ouditeur-generaal se mense? -- Kan ek net vir u sê hoe ek die verrigtinge het? Ek het na die inligtingskool het ek 'n week by Speskop gaan sit en wag vir die Kommissie om te kom. Hulle het nie gekom nie. (30)

Wanneer was die inligtingskool? -- Ek is nie presies seker

van die datum nie.

Gee my naastenby 'n idee? -- Dit was hier seker by die middel van Maart gewes.

En toe gaan sit u en wag?-- En toe sit ek en wag daarso.

Ja en toe? -- Ek het 'n opdrag gekry en toe hulle nou nie kom nie, toe was my opdrag ek moet nou maar die volgende week aflê en toe ... (tussenbei)

Wie het u die opdrag gegee om af te lê?-- Die besturende direkteur.

O-ja. -- En toe het ek ... (tussenbei)

Dit is die tyd toe generaal Geldenhuys u gesoek het en u nie kon kry nie, weet u dit? -- Ek weet nie daarvan nie. (10)

Ja en toe? -- Toe het ek 'n opdrag gekry, ek dink dit was op 'n Donderdag dat die Kommissie wel daar sou wees en ek was toe daar.

En toe, toe sluit u dit oop? -- Toe sluit ek dit oop.

Al die tyd het mnr. Verster die sleutels gehad? -- Ek weet nie of hy die sleutels gehad het nie.

Maar u het dit mos gelos op 'n plek? -- Ja, ek het op 'n plek, volgens sy opdrag het ek dit daar gelos.

(20)
Net/...

K47.1702

- 1311 -

CILLIERS

Net u en hy het geweet waar die sleutels is? -- Wat my betref, ja.

So dit is òf u òf hy wat die dokumente daar uitgehaal het? -- Wel ek het nie die dokumente daar uitgehaal nie.

Ek vra dit is òf u òf hy wat die dokumente verwyder het? -- Wel ek het nie die dokumente verwyder nie.

Wel, antwoord net die vraag. Dit is òf u òf hy? -- Ja.

Dankie.

(30)

MNR. McNALLY: En daardie boek waarin 'n mens moet teken vir die

lêers wat geleen word, was dit ook in die kluis gehou? -- Verwys u na die boek waarin ek mense laat teken het vir hulle tasse?

Ja. -- Ja, die boek het saans opgegaan Speskop toe met die dokumente wat daar moes geliasseer word.

En nadat die dokumente gebruik was is dit korrek dat die dokumente in hulle tasse teruggekom het en dat die boek ook in die kluis toegesluit was? -- Ek wil net duidelik stel daar was 'n kluis waar ek was en daar was die kluis bo by Speskop gewees en as u die vrae soos u dit stel, bedoel dat hierdie tasse saam met daardie boek in die middag opgegaan het boontoe, dan is dit korrek en dit was boontoe gestuur. (10)

Was dit veronderstel om saam met die tasse toegesluit te gewees het? -- Ekskuus tog?

Was dit veronderstel om saam met die tasse toegesluit te gewees het? -- Ja, niks wat dui op projekte was by Pretoria-Wes kantore toegesluit nie.

VOORSITTER: So is al die projekte na boontoe gestuur? -- Ja.

MNR. McNALLY: Nou die spesifieke plek waar u die sleutels gelaat het vir mnr. Verster, waar is dié plek? -- By die Pretoria-Wes kantoor.

(20)
Wel/...

K47.1792

- 1312 -

CILLIERS

Wel dit is 'n groot perseel? -- Nee goed, hy het vir my verduidelik soos wat ons inkom by die perseel by die tweede hek, agter die tweede hek is daar 'n sekere plek en ek moet dit net daar los.

So dit sou 'n geheime plek gewees het wat net u en hy van geweet het? -- Ek neem aan dat net ek en hy het daarvan geweet.

Ek weet nie of nog mense daarvan geweet het nie.

Dit is nie 'n plek wat 'n mes sal sien as jy kasueel daar verbystap nie? -- Nee. (30)

'n Mens sou moes soek vir daardie plek om hom te kry? -- Ja.
As jy nie van die bestaan van die plek geweet het nie? --
Dit is reg.

Ja. Nou mnr. Cilliers u weet seker dat die Kommissie baie
graag na die binnelandse projeklêers wil kyk? -- Ek is bewus
daarvan.

Nou wat het u persoonlik gedoen om te soek vir daardie lêers
om uit te vind of om uit te vind waar dit is vandag? -- Wel daar
is basies niks wat ek kon doen om te (tussenbei)

VOORSITTER: Die vraag is wat het u gedoen? Antwoord net daardie
(10)
eenvoudige vraag. -- Niks.

Niks gedoen nie? -- Nee.

Nie eers probeer iets doen nie, nie waar nie? -- Wel, die
feit van die saak is net ek het nie geweet dat die lêers is weg
totdat die Kommissie basies toegeslaan het en gesê het hulle soek
nou die lêers nie.

Maar u het 'n week daar gesit en wag vir hulle en nie gewonder
wat is in die kluis nie? -- Ek het geoefen om die kluis oop te
maak, want ek het nie die kluis geken nie, maar die feit van die
saak is ek het nie geweet wat is Streek 6 se
(20)
lêers/...

K47.1868 - 1313 - CILLIERS
lêers of spesifiek vir Streek 6 se lêers gaan soek nie.

Maar dit is nie net Streek 6 se lêers wat weg is nie. -- Ek
weet nie.

En u is die administratiewe bestuurder, u weet nie watse lêers
daar is nie. -- Ek ken baie projekte van sekere koördi-neerders,
maar ek kan nie almal onthou nie.

Ja. Wat het u vir die Ouditeur-generaal gesê oor die lêers?
(30)
-- Mnr. Wronsley?

Ja. Vertel my 'n bietjie wat u vir hom gesê het? -- Wel ...

(tussenbei)

Dat ons dit op rekord kan kry. -- Hy het vir my gevra waar die lêers is. Ek het vir hom gesê ek weet nie waar hulle is nie.

Hy het vir my sy opdrag gewys hoekom hy daar is en ek het dit gelees en ek het vir hom gesê wel ek kan hom nie help nie, die lêers is nie hier nie.

Nou hoe het u geweet die lêers is nie daar nie? -- Wel, mnr. Wronsley was nie die eerste dag daar gewees ... (tussenbei)

Ja, maar hoe het u geweet die lêers was nie in die kluis nie?-- Die Kommissie was daar gewees en ons het gekyk, ons het saam (10) deurgegaan wat daar was en hulle het beslag gelê op sekere van die lêers en byvoorbeeld toe ons by "G" in die kabinette kom het kolonel Wright sy pen neergegooi en gesê waar is Goldie en toe sê ek hier is nie 'n Goldie nie.

Dit is reg, maar wat het u toe vir die Ouditeur-generaal gesê? -- Dat ek weet nie waar is hulle nie en ek het vir hom verduidelik wat die reëling was met die sleutels.

Wat het u vir hom gesê oor die sleutels? -- Ek het vir hom verduidelik dat ek het 'n opdrag gekry destyds om die sleutels te vat by Petro Viljoen en dat ek hulle op 'n (20) bepaalde/...

K47.1932

- 1314 -

CILLIERS

bepaalde plek moes los en dat ek hulle daar gelos het en dat ek dit nie weer gesien het voor daardie week wat ek daar moes gaan sit het en wag het vir die Kommissie nie.

Wel dit is nie wat hy sê u sê nie wat u vir om gesê het nie.

U weet dat hy beweer het dat daar lêers verdwyn het uit die kluis uit tussen 22 en 29 Maart van vanjaar? -- Dit is reg.

En toe was u in beheer van die sleutel? -- Dit is reg.

En toe het u gesê dat u het net die sleutels vir kantoor-ure? (30)

-- Dit is reg.

En dan bêre u dit na-uurs en oor naweke by 'n veilige plek en u het geweier om vir hom te sê waar die veilige plek is. Is dit reg? -- Die veilige plek ... (tussenbei)

Het u geweier om vir hom te sê waar die veilige plek is? -- Dit is reg.

O, nou hoekom het u geweier om vir die Ouditeur-generaal te sê?-- Omrede ek nie opdrag gegee was om te sê waar daardie plek was vir die ... (tussenbei)

U getuig nou net wat u opdrag het om te sê?-- Nee, ek getuig wat my opdrag was om daardie tyd te sê.

(10)

Maar kan ek die afleiding maak dat u ook nou net getuig wat u opdrag is om te getuig? -- Nee.

Nou hoe weet ek u praat die waarheid? -- Ek moet maar vertrou u aanvaar ek praat die waarheid.

Ja goed en u het ook vir hom gesê dat u weet nie van 'n lêer "roetebeheerregister" nie. -- Ekskuus tog"

Het u vir hom gesê dat u niks weet van 'n lêer "roete-beheerregister" nie? -- Wel die goed ... (tussenbei)

Antwoord net die vraag. Het u dit vir hom gesê ja of nee? -- Ek weet van'n stuurkaartstelsel.

(20)

Het/...

K47.1993

- 1315 -

CILLIERS

Het u vir die Ouditeur-generaal gesê dat u weet niks van'n lêer "roetebeheerregister"? -- Ek kan nie onthou nie.

Maar as u dit vir hom gesê het dan het u nie die waarheid gepraat nie. Is dit reg? -- Ek verstaan nie die strekking nie.

Het hy nie vir u gevra maar daar moet 'n lêer "roete-beheerregister" wees nie? -- Praat u van die boek wat ek laat teken het?

(30)

Wat is 'n lêer "roetebeheerregister" in sekuriteits-kringe? -- Wel as ek vir u kan verduidelik hoe hierdie stelsel werk.

Daar was vier kaarte wat Petro Viljoen ingevul het waar die goed heengaan en dan het sy die tasse gebring en ek het ingeskryf hier is 'n tas vir so en so 'n streek en dan het die persoon kom teken vir sy tas. Ek het nie fisies die lêer gesien wat die mense gebruik het nie. Dit is die tipe tasse wat die Kommissie op beslag gelê het wat kombinasies op het, waarvan ek nie die kombinasies het nie. As hy verwys het na die stuurkaarte en hulle was nie daar nie, dan weet ek nie waar was hulle nie. As hy verwys na die boek, die boek het dieselfde dag as wat die Kommissie daar was, was hy daar gewees. Ek weet nie wat het van daardie boek geword nie. (10)

So met ander woorde wat u sê is net soos die R100 000 wat die Kommissie of R1 miljoen wat die Kommissie gelede gesteel het, het ook hierdie boek laat weggooi. Is dit reg? -- Wat se R100 000?

Of die R1 miljoen wat hier by u hoofkantoor weggeraak het, onthou u?-- Ek weet glad nie van R1 miljoen wat wegge-raak het nie.

Nee, dit was toe nie weg gewees nie, maar die beskuldiging het ons eers bereik, onthou u dit? -- Ek het nie ...

(tussenbei)/... (20)

K47.2062

- 1316 -

CILLIERS

(tussenbei)

En u was daar gewees die dag toe die mense daar opgedaag het. -- Ek het nie so 'n stelling ooit gemaak dat daar R1 miljoen weg is nie.

Snaaks, maar u prokureur het dit gemaak en die prokureur kon dit net by u gekry het of by mnr. Verster en waar het dit vandaan gekom? -- Dit het nie van my af gekom nie.

Goed, so hierdie lêer was ook daar toe ons daar gekom het en nou is hy weg. Is dit wat u sê? -- Wel ek weet nie wat het van hom geword nie. Die feit van die saak was die dag toe die (30)

... (tussenbei)

U sê hy was daar gewees toe ons daar gekom het, toe kolonel Wright daar gekom het? -- Dit is reg, ja.

Nou sê vir my wie nog het die kombinasies van die kluis geken? -- Praat u van die kluis wat by Speskop was?

Ja. -- Net sy het dit geken.

Net sy het dit geken en u het dit geken? -- Ek het dit gekry nadat ... (tussenbei)

By haar? -- Ja, nadat ek opdrag gegee was om bo te gaan oopsluit.

(10)

Ja, toe kry u die kombinasie? -- Dit is reg.

So net u het dit toe gehad en sy vantevore? -- Dit is reg.

Nou goed, nou u weet daar word beweer daar het dokumente verdwyn tussen 22 en 29 Maart, net u het die kombinasie geken en net u het die sleutel gehad, u en mnr. Verster. Sy het nie die sleutel gehad nie, so u moes daardie dokumente laat verdwyn het.

Verduidelik dit vir my? -- Wel ek het geen waarborg dat ek en sy die enigstes was nie.

Maar u het nou net gesê u was die enigste. -- Maar ek

aanvaar/...

(20)

K47.2117

- 1317 -

CILLIERS

aanvaar dat ek en sy die enigstes was. Ek weet nie of nog mense die goed gekry het nie. Ek weet nie wie stel die kombinasies of enigiets op daardie brandkaste nie.

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter mag ek net met u verlof en met alle respek, ek sien die pers skryf nou weer bedrywig na aanleiding van die opmerkings wat u gemaak het oor my proku-reur.

Mnr. die Voorsitter ek dra nie persoonlik kennis hiervan nie, maar my prokureur deel my mee dat die kliënte hom genader het en gesê het hulle vermis geld uit die kluis en hulle is nie bewus daarvan of die geld op beslag gelê is nie en my instruksies is

(30)

dat hy toe lede van die, amptenare van die Kommissie genader het en verneem het of die geld gesteel was, nie gesteel was op beslag gelê was.

VOORSITTER: Ja, gesteel was.

MNR. HATTINGH: Nee mnr. die Voorsitter ek het my verspreek en ek dink u besef dit. Hy het navraag gedoen of die geld op beslag gelê was, daar was vir hom gesê nee. Hy was ver-ontwaardig gewees omdat hulle daarin 'n suggestie gesien het dat dit dalk gesteel kon gewees het. Kort daarna het die kliënte hom ingelig dat die geld gevind was en daarna, onmid-dellik daarna het hy gebel en persoonlik verskoning aange-teken by lede van die - ek glo net (10) dat die hele prentjie in perspektief gestel moet word.

VOORSITTER: Nee, dit is alles reg. Die probleem is nou net, soos met daardie R1 miljoen het lêers ook verdwyn en dan kom hulle weer te voorskyn en mnr. Hattingh u weet dat my geduld wat dit aanbetref op 'n einde is.

MNR. HATTINGH: Ja mnr. die Voorsitter, u kyk na my en ek is jammer ek kan niks daaraan doen nie.

VOORSITTER: So om vir my te sê - u kan niks daaromtrent doen
nie/...
(20)

K47.2188

- 1318 -

CILLIERS

nie, maar u verteenwoordig u kliënte. Hierdie lêers was weg gewees en hulle het nou opgedaag omdat dit gerieflik geraak het, toe kom hulle uit skielik. Toe skielik word hulle gevind.

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter ek kan net vir u sê en ek het dit vir u al in kamers gesê ek het aan my kliënte advies gegee in hierdie verband en my advies is nie gevolg nie, maar ek het net (tussenbei)

VOORSITTER: Ja-nee, maar ek is besig met die getuie en ek dink (30) ek is billik as ek vir die getuie sê dat hy was in beheer van die sleutels gewees, hy was in beheer van die kombinasie, daar het

dokumente verdwyn uit daardie kluis en ek wil weet waar daardie dokumente is.

MNR. HATTINGH: My kapsie het glad nie daarvoor gegaan nie. Dit het gegaan oor u bewerings dat my prokureurs sou gesê het geld is gesteel.

VOORSITTER: Nee, ek kon hom maar net gevra of dit dieselfde vlak is. Ja, gaan maar voort. Wie het daardie dokumente verwyder sê u? -- Ek weet nie.

Nou sedertdien het u dokumente vir die Ouditeur-generaal gegee om sy oudit te voltooi, finansiële lêers? -- Die eerste week
(10)
wat ek ... (tussenbei)

Antwoord net die vraag, sedertdien het u die Ouditeur-generaal die nodige dokumente gegee om hom in staat te stel om sy oudit te doen? -- Sekere dokumente wat hulle kon gebruik het hulle gedoen. Ek is nie presies seker wat hulle vermis het of (tussenbei)

Het hulle vir u gesê daar is dokumente weg? -- Ja, hulle het.

Het u enige stappe geneem om daardie dokumente vir hulle te/...

K47.2254 - 1319 - CILLIERS (20)

te kry? -- Ek het probeer uitvind wat het van hulle geword, ek kon nie uitvind nie.

Dit sluit in finansiële lêers en dit sluit in projek-lêers?-- Dit is reg.

En dit sluit in voorskotregisters? -- Dit is reg.

En u is die administratiewe bestuurder? -- Dit is reg.

MNR. McNALLY: Mnr. Cilliers, u het seker in die koerante ook gelees as u dit nie vanaf u kollegas verneem het dat die Kom-missie lank op soek is na die projeklêers van die binnelandse bedrywighede van die BSB nie waar nie? -- Ja. (30)

Nou wat het u persoonlik gedoen om te help met die opsporing

van hierdie lêers? -- Daar is bitter min wat ek kon doen.

Ja ek sal aan u voorstel wat u as eerste stap kon gedoen het.

U kon gegaan het na die enigste ander persoon wat daar-die lêers kon uitgeneem het, naamlik mnr. Verster en u kon dit met hom uitgeklaar het en uitgevind het wat van die lêers ge-word het? -- Mnr. Verster was nie beskikbaar gewees.

Wel van daardie tyd tot nou toe was hy seker beskikbaar? -- Wel toe ek vir hom gevra het wat het van die goed geword, op die tyd toe ek hom wel gevra het, toe het hy net vir my gesê hy weet nie waar hulle is nie.

Het u dit daar gelaat?-- Wel, wat - daar was niks verder wat ek kan doen nie. Almal sê hulle weet nie waar die lêers is nie.

Maar dit is nie 'n kwessie van almal. Dit is 'n kwessie van u en hy? -- Ja, maar ek verstaan hier is vroeër getuig, ek was nie by nie, dat mnr. Brits ook getuig het dat hy ook nie weet waar die lêers is nie.

VOORSITTER: Nee, maar hy het gesê hy het dit by u gelos. Ja, nou/...

K47.2340

- 1320 -

(20)
CILLIERS

nou goed. -- En ek vertrou dat die goed is terug na Speskop toe, maar die probleem is net ... (tussenbei)

Wel ons weet nie of dit terug is Speskop toe nie. -- Wel ek aanvaar dit is.

Hoekom aanvaar u dit? U is die persoon wat dit moes terug ...? -- As hy dit vir my gegee het dan sou dit terugge-gaan het soontoe.

Maar hy sê hy het dit laas daar in die kluis gesit by hoofkantoor en dat reeds in Januarie gesê is dat die lêers is nie meer beskikbaar nie en dit vir u so vreeslik snaaks was toe die Kommissie daar by u hoofkantoor gekom het en niks kon kry nie.

-- Ek verskil met mnr. Brits. Ek het vanoggend ge-hoor dat daar 'n verwysing was dat ek dink dit is snaaks. Ek het nie gedink dit is snaaks nie. Dit was nie vir my 'n aangename ondervinding nie.

Ek het nie die Kommissie daar verwag nie en die hulp wat ek aan die Kommissie kon gee daar

het ek aan hulle gegee. Die kluis wat ek vir hulle kon oop-sluit ... (tussenbei)

Hoekom het u nie daardie dag vir hulle gevat na Speskop toe nie? Hoekom het u nie vir hulle gesê mense die goed is in Speskop, kom ons gaan Speskop toe nie? -- Ek het toe die Kommissie probeer inkom het by die plek was ek in aanraking gewees met verskillende mense en ek is geadviseer dat ek niks bekend maak oor enige ander standplase nie en ek het dit as my opdrag .. (tussenbei) (10)

Ja, so daarom het u verniet by Speskop gaan sit, want u het gewet die Kommissie weet nie van Speskop se kluis nie?-- Op daardie stadium het ek vertrou hulle sal uitvind van Speskop.

MNR. McNALLY: U het seker besef dat dit eintlik net u en Joe

Verster/...

K47.2422

- 1321 -

CILLIERS

Verster was wat moontlik daardie projeklêers kon verwyder het né? (20)

-- Ek het glad nie so 'n aanname gemaak nie. Die probleem is, as ek dit net kan regstel. Ek het 'n opdrag uitgevoer om 'n sekere lot sleutels op 'n sekere plek te gaan neersit in sy opdrag. Daarvandaan het ek geen beheer daarvoor gehad oor wie hulle gehad het of waarheen hulle gegaan het of wat van hulle gaan word of hoe hulle gebruik is nie.

VOORSITTER: Maar u het die kombinasie gehad? -- Nie op daardie stadium nie. Al wat ek daar gekry het was die sleutels. Ek

het die kombinasies gekry toe ek moes opgaan boontoe en vir die Kommissie te wag. (30)

MNR. McNALLY: Het die gedagte nie by u opgekom om vir mnr. Verster

te sê maar ek het in u opdrag die sleutels op 'n geheime plek gelaat vir u so as die lêers weg is dan is dit u seker wat dit moes geneem het of iemand in u opdrag? -- Wel daardie gesprek het plaasgevind.

En wat was die uitslag van daardie gesprek? -- Hy het net vir my gesê hy weet nie waar is dit nie.

VOORSITTER: Wil u vir my sê dat u sekuriteit so sleg is? Wil u vir my sê dat hierdie wonderlike organisasie se sekuriteit so sleg is? -- Mnr. die Voorsitter, ek het die opdrag uitgevoer en soos ek sê wat die sekuriteit daarna was kan ek nie voor instaan nie. Ek het gemaak soos wat hy vir my gesê het.

(10)

Maar u sê dit is 'n slegte sekuriteit, ek bedoel hulle lewensbelangrike dokumente het hulle nie beheer oor nie, hulle kan maklik verdwyn? -- Wel, ek glo dat 'n mens kan insien dat dit slegte sekuriteit is, maar die feit van die saak is, dit is maar my opinie.

Wil u hê ek moet glo dat julle sekuriteit so sleg is? --

Ek/...

K47.2509

- 1322 -

CILLIERS

Ek wil nie hê u moet glo nie, maar ek is nie in beheer van die sekuriteit nie.

(20)

Ek sal dit ook nie glo nie, ja.

MNR. McNALLY: Is dit so dat selfs al het iemand anders as mnr. Verster die sleutels gevind en probeer gebruik dan sou daardie persoon nie in die kluis ingekom het sonder die kennis van die kombinasienommer nie? -- Wel tensy, soos wat daar reeds gesuggereer is dat dit òf hy òf ek is of ek dan nadat ek die kombinasies gekry het dit vir iemand gegee het en hulle dit verwyder het òf hy dit op 'n manier bekom het en dit vir iemand gegee het en hulle die lêers verwyder het.

(30)

En daardie ander persoon sou dan ook die kombinasie-nomers moes uitgevind het? -- Dit is reg.

En niemand sou daardie nommers geken het as u of mnr. Verster dit nie vir daardie persoon vertel het nie? -- Soos ek alreeds genoem het ek weet nie hoe die kombinasies van tyd tot tyd verander is op die boonste kluis nie. Die kombinasies word gereeld verander op die brandkaste. Met ander woorde ... (tussenbei)

VOORSITTER: U het die kombinasies geken en u het die ding oopgesluit met die kombinasies. Die kombinasie kon nie verander gewees het nie? -- 'n Kombinasie kan verander word.

Nee, maar u het die kombinasienommer gekry en u het hom oopgesluit met daardie kombinasienommer? -- Dit is reg. (10)

So hy kon nie in die tussentyd verander gewees het nie? -- Dit is reg, maar ek kan nie aanvaar dat ek die enigste een behalwe Petro Viljoen was wat moontlik daardie kombinasies gehad het nie, ek weet nie.

Maar net u en mnr. Verster het die sleutels gehad op die later stadium?-- Dit is reg. Wel hy het die sleutels gehad nadat/...

K47.2597 - 1323 - CILLIERS
nadat ek dit gelos het op die plek. (20)

Ja, maar hy het dit net saans gehad. Saans of oor naweke, u het hulle in die week gehad. -- Dit was in die week gewees wat ek daar bo gesit en wag het vir die Kommissie en moes ek dit saans op 'n plek los en soggens weer gaan haal. Dit was die werkswyse gewees.

MNR. McNALLY: Ek wil 'n klein register aan u toon. Buite word geskryf hierso, "Uitgaande register BSB." Sal u net asseblief na die register kyk en vir die Kommissaris vertel waarom dit gaan? -- Hierdie was een van die dokumente waarop beslag gelê is met die beslagname by Speskop. (30)

VOORSITTER: Waaroor gaan die dokument? -- Wel dit gaan hier, dit is 'n afleweringboek.

Ken u die boek? -- Nee.

Nog nooit gesien nie? -- Ek het hom gesien toe hulle beslag gelê het op hom.

So is dit nie die boek wat gebruik sou gewees het om die hantering van die lêers te bewerkstellig nie?-- Nee, daardie boek is 'n gewone groot - folioformaatboek, waarin daar kolomme getrek is met datums van wie ontvang, aan wie en waar die persoon teken daarvoor. Dit is nie hierdie boek nie.

VOORSITTER: U is bewus daarvan dat die Parlement besluit het of opdrag gegee het dat die Ouditeur-generaal sonder enige (10)
be-perkings die projekte van Spes - van julle moet ondersoek? --
Ja.

U weet daarvan? -- Ja.

En toe is die dokumente weg, is dit reg? -- Dit is reg.

Toe hulle dit wou doen? -- Ja, wel hulle het 'n oudit gedoen met wat daar was en daarmee was ek hulle behulpsaam gewees.

Maar/...

K47.2701

- 1324 -

CILLIERS

Maar het hulle u gevra vir 'n verklaring oor waar die dokumente (20)
is wat weg is? -- Ja.

En het u een gegee aan hulle?-- Nee.

Hoekom nie? -- Die besonderhede wat hulle daarin wou gehad het was my persoonlike besonderhede onder andere en huisadres en ek het vir hulle my probleem gestel dat ek nie vir hulle daardie tipe besonderhede kan gee nie.

Ja maar dit help nie. Is dit die enigste rede hoekom u geweier het om 'n verklaring te gee? -- Ek het, mnr. Van der Merwe wou gehad het ek moet sekere bekentenisse maak en so meer.

Hy kon tog net van u gevra het om die waarheid te praat nie (30)
waar nie? -- Dit is reg.

En toe het u geweier om dit te doen. Is dit reg? -- Om die

redes wat ek reeds genoem het.

Omdat u nie u identiteit wou openbaar nie? -- Dit is reg, ja.

So en brigadier Swart weet hy miskien waar die dokumente is? -- Ek weet nie.

Wat dink u? -- Ek weet nie.

Is hy nie in beheer daar nie? -- As u bedoel in beheer van die militêre terrein dan, ja is hy in beheer, maar soos ek sê ek weet nie of hy die dokumente gevat het of wat nie.

U sien die probleem wat ek het is u onthou toe mnr. Brits van die Ouditeur-generaal die eerste keer daar was om te oudit op 22 Maart né? -- Dit is reg. (10)

U was daar gewees? -- Dit is reg.

U het die plek oopgesluit? -- Dit is reg.

En hy het toe lêers nagegaan?-- Dit is reg.

En toe is hy gestop om verder te werk? -- Dit is reg.

Wie/...

K47.2865

- 1325 -

CILLIERS

Wie het hom gestop? -- Wel ... (tussenbei)

Wie het hom gestop om verder te werk? -- Ja, ek het 'n opdrag gekry ... (tussenbei) (20)

By wie het u 'n opdrag gekry om hom te stop?-- By die besturende direkteur.

O, toe stop u ten spyte van 'n parlementêre opdrag? -- Op daardie stadium was daar nog nie 'n parlementêre opdrag aan my getoon nie.

Wel 14 Maart was die parlementêre komitee se besluit gewees. -- Maar toe mnr. Dolf Brits alleen daar aangekom het het hy nie met so iets daar aangekom nie. Hy het net gesê hy wil na 'n paar lêers kyk. (30)

En toe stop u-hulle hom? -- Ek is net gesê ek gaan nie weer

soontoe nie.

Het u vir hom, u het gesê hy is gestop en ek het u gevra wie se opdrag en u het toe gesê op die besturende direkteur se opdrag.

Is dit reg? -- Ja.

Of wil u daarop teruggaan? So u het hom gestop om verder aan te gaan? -- Dit is reg.

Nou het daar nie opdrag van hoër gesag gekom dat 'n onbelemmerde toegang aan die Ouditeur-generaal gegee moet word nie? -- Die saak is blykbaar bespreek tussen die besturende direkteur en brigadier Swart, maar ... (tussebei)

(10)

En toe? -- Wel basies het hy net vir my gesê jy gaan nie weer soontoe nie en ek het weggebly.

Nou wat is bespreek tussen brigadier Swart en ... ? -- Ek weet nie. Ek was nie by die bespreking gewees nie.

Maar my vraag aan u was gewees: Op daardie stadium was daar nie 'n opdrag van hoër gesag dat die Ouditeur-generaal onbelemmerde toegang tot die boeke moet kry nie? -- Nee, ek

weet/...

K47.2944

- 1326 -

CILLIERS

(20)

weet nie. U vra my nou iets wat ek nie weet nie. Ek weet nie, my hoogste gesag met wie ek praat is die besturende direkteur.

O, is hy belangriker in u oë as sê die hoof van die weermag? -- Dit is nie die geval nie, die probleem is net ... (tussenbei)

Met ander woorde u sal (antwoord net) sal u eerder sy opdrag uitvoer as wat die hoof van die weermag se opdrag sal uitvoer?

-- Wel, as ek weet van die hoof van die weermag se opdrag dan sal ek vir die besturende direkteur daarmee kon-fronteer en sê (tussenbei)

Maar dan as hy vir u sê u steur u nie aan die hoof van die weermag nie, na wie luister u dan? -- Wel dan weet ek nie.

(30)

Nie, kom aan, u is in die weermag, vir wie luister u dan,

dan weet u nie sê u? -- Wel, ek sal nie weet wat om te doen nie.

Die feit is ... (tussenbei)

Ek moet dan aanvaar u sal dan u besturende direkteur se opdrag volg? -- Wel ek het geen rede gehad om te twyfel aan die besturende direkteur se opdrag nie.

Luister net na die vraag. Die vraag is as die hoof van die weermag vir u "A" sê en die besturende direkteur sê vir u "B" na wie luister u, wie se opdrag aanvaar u? -- Wel, ek sal na die hoof van die weermag moet luister.

Hoekom vat dit u so lank om daardie eenvoudige vraag te antwoord? -- Die feit van die saak is net, terwyl ek hier sit is ek onder druk en soos ek sê ... (tussenbei) (10)

Wat se druk is ? -- Wel onder sielkundige druk.

U is nou onder druk om die waarheid te praat, dit is al druk wat daar is. Wat se sielkundige druk is daar op u? -- Wel ek is in 'n ongemaklike posisie soos ek hier sit.

Hoekom/...

K47.3022

- 1327 -

CILLIERS

Hoekom? -- Wel die feit van die saak is ek moet antwoorde gee oor baie goed wat ek nie regtig die antwoorde het nie. Ek moet projeksies maak oor situasies waarin ek my nie nou kan voorstel nie. (20)

Ek vind dit baie moeilik om te verstaan. U is die man met die sleutel, u is die man met die kombinasie, u is die administratiewe bestuurder en die papiere is weg en nou sê u u kan nie die probleem verstaan nie. -- Tussen die tyd wat die dokumente of die sleutels aan my oorhandig is en die tyd wat ek dit weer die eerste keer gesien het sou ek sê dat ten minste 'n maand indien nie langer nie, verbygegaan het wat ek glad nie toegang tot daardie plek gehad het nie. (30)

So u sê in ieder geval die opdrag om nie meer vir mnr. Brits

van die Advokaat-generaal toegang te verleen nie, daardie opdrag het u van mnr. Verster gekry na samesprekings met brigadier Swart? -- As ek vir u kan stel, mnr. Dolf Brits het 'n agtermiddag, het hy klaargemaak en ek het die sleutels teruggevat en ek is(tussenbei)

Ag-nee mnr. Cilliers, kon ons probeer nou 'n bietjie uit u sielkundige druk kom. U het nou net vir my gesê dat mnr. Dolf Brits is gestop, u het hom gestop in opdrag van die be-sturende direkteur nadat hy met brigadier Swart beraadslaag het. Is dit reg of is dit verkeerd? -- As ek vir u kan vertel hoe die stopperery ding plaasgevind het. Die middag 16h00 het ek na mnr. Dolf Brits toe gegaan en gesê goed, ek moet nou toesluit en daarna het hierdie gesprekke plaasgevind en is ek gesê ek gaan nie weer op soontoe nie. (10)

So met ander woorde nadat brigadier Swart en kolonel Verster samespreking gehad het, het mnr. Verster vir u gesê tot hier toe en nie verder nie. U sluit nie weer daardie

brandkas/...

K47.3144

- 1328 -

CILLIERS

(20)

brandkas oop vir die Ouditeur-generaal nie. Is dit reg? -- Ja.

Het hy vir u verduidelik hoekom? -- Nee, hy het net gesê jy gaan nie weer soontoe nie.

Ek sien en toe verdwyn u en toe verdwyn 'n paar van die dokumente waarmee mnr. Brits gewerk het ook. Is dit reg? -- Wel toe ons ... (tussenbei)

Op 29 Maart. -- Op die 29ste daar ingaan toe sê hulle al Streek 6 se goed is weg met die voorskotregisters.

Dit is waarmee mnr. Brits gewerk het. -- Dit is reg.

Op 22 Maart.-- Dit is reg. Ek kan net vir u noem dat hierdie bepaalde dokumente nie in 'n kluis gebêre word nie, maar in 'n vertrek. (30)

En wat is die punt daarvan? -- Wel dit is, daardie sleutels is 'n gewone deursleutel.

En wie het daardie sleutel? -- Daardie sleutels het ek elke nag op die plek gaan los waar gesê was om dit te doen en die volgende dag weer gaan afhaal.

Nou as u by Spesmag se hoofkantoor ingaan moet u teken as u daar ingaan? -- Nee.

So u teken nie? -- Nee.

Mnr. Verster ook nie? -- Wel sover ek weet kom hy nooit daar nie.

Nee, maar hy moes nou daar gekom het, want net tussen hom en u was die sleutel gewees ...? -- Wel uit die aard van die saak, iemand wat na ons deel toe gaan teken glad nie. (10)

Ja, maar ek bedoel, u sê hy was, u glo nie - u weet nie of hy daar was nie? -- Nee.

Maar ons weet van die dokumente is weg. -- Ja.

En ons weet net u en hy het die sleutel gehad. -- Ja.

Is/...

K47.3256

- 1329 -

CILLIERS
(20)

Is dit reg, so ons moet aanvaar hy was daar gewees as u nie die dokumente gevat het nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Mnr. Cilliers die sleutels het u by mev. Viljoen geneem in die middel van Januarie.

Is dit reg? -- Nee, dit was by die aankondiging dat die Harms-kommissie gaan plaasvind. Dit is miskien nou nie heeltemal reg gestel nie, maar in elk geval en toe het daar 'n afkondiging gekom dat alle projekte staak behalwe die projekte wat, soos ek sê die huur van 'n gebou of die betaal van telefoonrekenings of water en ligte, daardie deel gaan aan.

Wie het vir u daardie opdrag gegee om daardie projek te staak, die mededeling?-- Dit het van die besturende direkteur af gekom. (30)

En hy het ook vir u die opdrag gegee dat u die sleutel by mev. Viljoen moet vat? -- Dit is reg.

Nou kan u verduidelik waarom mnr. Christo Brits gister en vanoggend getuig het dat hy sedert die middel van Januarie of sê dan die derde week van Januarie reeds nie meer toegang tot sy lêers gehad het nie? -- Ek kan dit nie verklaar nie.

Hy sê u het nie vir hom toegang gegee nie? -- Dit kan nie waar wees nie.

Hy sê u het vir hom gesê daar is nie meer toegang nie, hy kan nie meer toegang tot sy lêers kry nie. Dit was in die derde week van Januarie vanjaar. -- Administrasie was normaal gewees (10) totdat die sleutels by mev. Viljoen gevat is.

Nou u sê dus dat mnr. Brits nie vir die Kommissie die waarheid vertel as hy sê dat hy sedert die middel van Januarie nie meer by sy lêers kon uitkom nie? -- Wel ek het nie 'n keuse nie.

Nou/...

K47.3375

- 1330 -

CILLIERS

Nou volgens u was die administrasie normaal totdat die aankondiging gekom het dat hierdie agbare Kommissie aangestel is? (20)
-- Ja.

En toe is daar vir u gesê nou moet u die sleutel neem? -- Ja.

Nou u het besef op daardie stadium mnr. Cilliers, het u nie, dat die sleutels toegang tot hierdie uiters geheime dokumente verleen nie waar nie?-- Ja.

En ek aanvaar die feit dat sleutels by mev. Viljoen is en dat u 'n sleutel het en dat mnr. Verster 'n sleutel het is juis 'n veiligheidsmaatreël om seker te maak dat nie een enkele persoon alleen toegang tot hierdie uiters geheime lêers kan kry nie, nie waar nie? -- Ek dink u verstaan verkeerd. Ek weet nie, u praat (30) nou van drie sleutels. Daar is nie drie sleutels nie.

Hoeveel sleutels is daar? -- Daar is net die sleutels wat mev. Viljoen gehad het.

Net een stel? -- Ja, daardie sleutels is by haar gevat en dit is gelos en soos ek sê ek het dit glad nie weer gesien voordat ek daardie week moes gaan sit het en wag het vir die Kommissie om dit te doen nie.

Met ander woorde daar was, normaalweg was die enigste stel sleutels wat toegang tot hierdie dokumente verleen het in mev. Viljoen se besit. Is dit reg? -- Dit is reg.

En daardie enigste stel sleutels moes u toe by haar wegneem? (10)
-- Dit is reg.

Goed en u het besef, aanvaar ek, dat u dit by haar moet verwyder om seker te maak dat sy nie weer toegang tot die lêers kry nie?
-- Die sleutels is by haar weggeneem en mev.

K48. Viljoen is met verlof en sy het net nie meer daarbo gekom nie.

Ek/...

K48.0034

- 1331 -

CILLIERS

Ek wil net seker maak dat ek u honderd persent verstaan. U sê daar was net een stel sleutels? -- Wat ek van weet. Ek weet (20)
nie of daar nog, maar daardie stel wat sy gehad het moes ek by haar kry.

Goed, daar was nie 'n duplikaat van daardie stel wat die besturende direkteur gehad het nie? -- Ek weet nie.

Nee maar, in elk geval u het haar stel vir hom gegee? - Ja.

Is dit reg, nie waar nie? -- By implikasie. Ek het dit gelos op 'n plek. Ek weet nie of hy dit gevat het of... (tussenbei).

Wel dit moes òf hy gewees het òf iemand wat deur hom vertel is waar daardie sleutels gebêre is nie waar nie? -- By implikasie.

Nou ek aanvaar dat u besef het dat om die sleutels op 'n terrein (30)
te los by 'n plek agter 'n hek is hoogs buitengewone optrede nie waar nie? -- Nee, dit is by ons normale optrede. Dit is wat genoem

word 'n sogenaamde "dead letterbox".

Met ander woorde was dit normaal dat hierdie sleutels op hierdie wyse hanteer is? -- Wel, daar is verskillende sleutels.

Nee-nee...? -- Nee-nee, laat ek nou vir u verduidelik. Daar is verskillende sleutels wat miskien net so belangrik kan wees wat op die manier hanteer word. Dit is omdat ons 'n koverte organisasie is het ons nie 'n keuse, dit gaan hieroor dat ek moet nie miskien sien wie die ding by my vat nie of alternatief 'n ander persoon moet nie sien wie het laas die sleutels gehad nie, maar in elk geval ons praat dan van hier-die sleutels.

(10)

Dit is waarom dit gaan. -- Ek het dit nie vreemd gevind nie/...

K48.0084

- 1332 -

CILLIERS

nie.

Was dit die eerste keer dat hierdie sleutels op hierdie wyse hanteer is? -- Ja.

Met ander woorde u het toe besef dat 'n wesenlike verandering in die normale administratiewe prosedure plaasvind? -- Ja.

En dat daardeur u die besturende direkteur in staat stel om toegang tot daardie lêers te kry òf persoonlik òf deur iemand anders? -- U sê dat ek hom in staat stel?

(20)

Natuurlik. -- Die feit van die saak is net hy is die besturende direkteur. Ek kan nie 'n beswaar hê en vir hom sê hy kan nie die sleutels kry nie.

Maar u het besef dit is 'n ongewone reaksie op die aan-kondiging dat die Harms-kommissie aangestel word, nie waar nie? -- Wel dit hang seker af van waar 'n mens die situasie beskou.

Die feit van die saak is net, in die lig van om-standighede en om te keer dat mense gekompromiteer word kon ek verstaan dat daar wel sekere vreemde reaksies sal wees onder die omstandighede om te verhoed dat sekere mense gekonfronteer word met sekere nuwe

(30)

situasies.

So met ander woorde wat u sê, as ons dit in Afrikaans vertaal, u het besef dat hier 'n poging aangewend word om te verhoed dat die waarheid oor hierdie lêers en veral die waarheid binne-in daardie lêers aan die daglig kom? -- Nee, want die feit van die saak is net ek het nie geweet wat is die motiewe daar agter nie.

U het 'n baie goeie vermoede gehad. U sê dan juis u het geweet hier kom 'n optrede om te verhoed dat sekere mense gekonfronteer word. -- Maar ek het gedink dit gaan oor die mens, mev. Viljoen.

(10)
U/...

K48.0149

- 1333 -

CILLIERS

U het geweet mnr. Cilliers dat hier 'n poging gaan kom om te verhoed dat mense gekonfronteer word en u het die meervoud gebruik nie waar nie? -- Dat mense gekompromiteer word.

Goed en dit kon net beteken het dat daar 'n poging aan-gewend gaan word om seker te maak dat buitestaanders nie insae in daardie lêers kry nie. U antwoord nie, u haal u skouers op, u draai u duime na buite. -- Die implikasie wat u noem is waar.

(20)

Is waar, goed, dankie. Die volgende punt, 26 dae later kom die Kommissie uiteindelik by Pretoria-Wes uit, begelei deur die Suid-Afrikaanse Polisie, u is in beheer van daardie perseel, korrek?-- Ja.

U het besef dit is die polisie en die Kommissie wat toegang tot die perseel wil hê? -- Ja.

En u het geweier om toegang te gee?-- Ek het nie. Ek het aanvanklik net vir hulle gesê ek wil net bel en hoor, ek wou gehad het dat hulle vergesel moet word van lede van Spesmagte.

Het u, terwyl die polisie buite gestaan het voor die deur buite, buitekant die muur, met hulle gekommunikeer? -- Ja.

(30)

Het u vir kolonel Wright gesê u wil hom nie toelaat nie, u

wil net eers bel? -- Ja.

Ek sien en mnr. Cilliers wat het u toe, terwyl u nou ge-sorg het dat die Kommissie nie kan toegang kry nie, met wie het u toe geskakel? -- Ek het probeer om die besturende direkteur in die hande te kry wat ek nie kon doen nie. Ek het toe op 'n stadium op twee telefone, iemand het my gehelp met die ander een, het ek eers probeer om die Voorsitter in die hande te kry, ek kon hom nie in die hande kry nie. Toe het ek vir brigadier Swart in die hande gekry en hy het uiteindelik vir my gesê dat jy kan nie toegang weier nie, jy moet daardie

(10)
deure/...

K48.0215

- 1334 -

CILLIERS

deure oopmaak en die mense laat inkom en ek het die deure oopgemaak en die mense het ingekom.

Was dit al gesprek wat u, al dinge wat u met brigadier Swart bespreek het? -- Dit is al wat ek met hom bespreek het.

Goed, met wie het u nog gepraat voordat die polisie en die Kommissie ingekom het? -- Die enigste persoon wat ek in die hande kon kry by 'n telefoonnommer was toevallig gewees en ek het met hom gepraat en hy kon nie vir my ... (tussenbei) (20)

Was toevallig wie gewees? -- Wel dit was 'n persoon met die naam van Frik gewees.

Frik wie? -- Ek ken nie sy van nie.

Wie of wat is Frik? -- Ek is nie honderd persent seker wat ... (tussenbei)

Waar is hy? -- Dit was by een van ons fasiliteite waar ek gehoop het om die besturende direkteur in die hande te kry.

Goed, is hy verbonde aan die BSB hierdie Frik? -- Ja.

Goed, wat het u met hom bespreek? -- Ek het net vir hom genoem dat die polisie is hier, hulle sê hulle het 'n lasbrief en ek wil nou weet wat moet ek doen, hulle wil inkom. (30)

Maar hy het vir u gesê hy weet nie. -- Hy het gesê hy sal probeer uitvind.

Maar was dit al wat u met hom bespreek het? -- Dit is reg.

Was daardie twee gesprekke die enigste twee gesprekke wat u gevoer het voordat u die Kommissie en die polisie toegelaat het? -- Ek het baie gesukkel om deur te kom na die Speskop toe. Ek het lank gesukkel. Die probleem is toe ek aan-vanklik gebel het, het die foon net aangehou lui en ons het oor en oor probeer op twee telefone. Uiteindelik het ons deurgekom en die brigadier was nie in sy kantoor nie. Die

(10)
lyne/...

K48.0265

- 1335 -

CILLIES

lyne is afgesny en ek moes maar rondsoek tot ek hom gekry het.

Ek wil net seker maak, hierdie gesprek met Frik en brigadier Swart was die enigste twee gesprekke wat u gevoer het voordat u die polisie en die Kommissie toegelaat het. Is dit reg? -- Ja.

Nou hoekom het u nou net vir ons agbare Kommissaris gesê met verwysing na hierdie voorval, ek was in aanraking met verskeie ander mense wat my geadviseer het dat ek nie ander standplase moet vermeld nie? -- Dit is basies wat brigadier Swart ook vir my gesê het. (20)

Maar dit is nie wat u nou net gesê het nie. Ek het u spesifiek gevra. -- Ek het vergeet daarvan.

VOORSITTER: So u sê brigadier Swart het vir u gesê u moet nie die ander standplase meld nie? -- Ja.

MNR. BERTELSMANN: En wie was die ander mense wat vir u dieselfde advies as brigadier Swart gegee het soos u nou net getuig het? -- Wel die ding is, daar was nie ander mense gewees nie.

Hoekom het u gesê daar was verskeie ander mense, dit was u woorde? -- Ek het my seker verspreek. (30)

Wie was die twee dames om die huis gestap het terwyl u die

polisie en die Kommissie uit u huis uit nog gehou het? -- Hulle is personeel - koördineerders. Hulle werk met salarisse en dié tipe van ding.

Goed, wat se tasse het hulle by hulle gehad? -- Hulle het die tasse wat die Kommissie op beslag gelê het by hulle gehad. Dit het basies personeellêers bevat.

Waarom het hulle juis met daardie tasse probeer wegkom? -- U moet besef dat in 'n organisasie soos ons s'n is ons identiteite vir ons van kardinale belang.

VOORSITTER:/...
(10)

K48.0318

- 1336 -

CILLIERS

VOORSITTER: Met ander woorde u was besig om, op daardie stadium, self dokumente te verberg vir die Kommissie? -- Wel ek dink dit is doodnatuurlik om (tussenbei)

Nee ek vra net, antwoord net die vraag, u het dit gedoen? -- Daar is niks verberg nie. Hulle het probeer om hulle goed te verberg.

Nee, dit is al die personeellêers? -- Ja.

En u is in beheer van die personeellêers. -- Ek is in beheer van geen lêers nie. Alle lêers word gewoonlik toege-sluit. Hulle het alreeds hulle tasse gehad daardie oggend wat hulle die dag mee sou gewerk het. (20)

Dit was die personeellêers van BSB. Dit was nie net daardie dames se twee lêers gewees nie. Is dit nie so nie? -- Al die lêers wat beskikbaar was daar het die Kommissie beslag op gelê daar.

Nee, luister, die lêers is in tasse gepak, al die personeellêers. -- Ek glo nie al die personeellêers ... (tussen-bei)

Of 'n groot hoeveelheid personeellêers?-- Ja. (30)

Is in die tasse gepak? -- Ja.

En vir die twee dames gegee. -- Dit was hulle spesifieke ...
(tussenbei)

Dit was nie hulle persoonlike lêers nie. Daar was nie net een lêer in elke tas nie? -- Nee, maar hulle werk met 'n klomp mense se personeel - hulle is personeel van die koör-dineerders, hulle werk net met personeelaangeleenthede.

So toe besluit hulle uit hulle eie om pad te gee met hulle tasse, elkeen met sy eie tas vol lêers. Ek was op daardie stadium nie buite nie. Ek weet nie wat het hulle gedoen nie.

Ek/..
(10)

K48.0362

- 1337 -

CILLIERS

Ek vra of hulle op hulle eie besluit het, ek vra nie wat hulle gedoen het nie? -- Hulle het waarskynlik op hulle eie besluit om te probeer wegkom.

Terwyl u daar in beheer van die perseel is. Hulle het nie vir u kom vra wat moet ons doen nie? -- Terwyl ek gebel het.

Hulle het nie vir u kom vra nie? -- U moet besef dat in hierdie omstandighede was daar redelike chaos daar gewees.

Ek vra of hulle vir u kom vra het? -- Hulle het nie vir my gevra wat moet hulle doen nie.
(20)

Het hulle vooraf instruksies gehad wat om te doen as daar so iets gebeur? -- Die eerste instruksies wat ek vir hulle kon gee was toe generaal Van der Westhuizen hulle - ek het instruksies gegee soos byvoorbeeld, probeer op daardie lyn en kyk of julle nie kan deurkom na die ... (tussenbei)

Nee-nee, ek praat of daar vooraf instruksies bestaan het, staande instruksies wat gebeur as iemand opdaag? -- Nee, ek meen enige optrede wat 'n mens sal doen sal instinktief wees. Daar is nie instruksies wat ek van weet nie wat gevolg moet word nie.
(30)

Ja, nog iets?

MNR. BERTELSMANN: Net een opmerking mnr. Cilliers, dit is baie

duidelik uit u antwoord wat u vir my gegee het dat u geweet het dat hulle besig was om te poog om lêers te verberg en u het hulle nie gekeer nie. -- U moet besef dat terwyl ons daar was, was daar agt of tien mense in die gebou gewees. Dit is vir my onmoontlik om in daardie omstandighede al daardie mense te beheer en vir elkeen te sê doen dit doen dat, doen hierdie, doen daardie en die ander.

My eerste instink was gewees om uit te vind wat moes ek in daardie omstandighede

doen/...

(10)

K48.0410

- 1338 -

CILLIERS

doen.

Mnr. Cilliers u het op daardie stadium reeds vir langer as drie weke geweet dat die Kommissie aangestel is nie waar nie? -- Maar ek het nie geweet dat die Kommissie gaan toe-slaan daar nie.

Dit is juis die punt, maar u het geweet die Kommissie het opdrag van die Staatspresident om ondersoek in te stel? -- Al wat ek weet is wat in die koerante gestaan het.

Ek sien, goed.

(20)

VOORSITTER: Weet u, dra u kennis van die feit dat die gekose komitee van die Parlement besluit het dat die Ouditeur-generaal 'n behoorlike audit moet doen en volledige toegang moet kry tot BSB se stukke? -- Nee, ek kan my nie voorstel nie.

Weet u nie daarvan nie? -- Wel mnr. Wronsley het vir my dokumente gegee.

Ja, maar ek aanvaar u het dit nie gelees nie, dit klink so? -- Ek het die dokumente gelees.

Het u, so dan weet u mos dat daar so 'n besluit is van die gekose komitee? -- Die hulp wat ek vir mnr. Wronsley se mense ...

(30)

(tussenbei)

Nee, al wat ek wil weet is of u ...? -- Ja, ek weet daarvan.

U weet daarvan né? -- Ek het toe daarvan geweet. Hy het dit vir my gegee.

Wat ek nou van u wil weet is, het u enige opdrag gekry om mnr. Wronsley toegang te gee? -- Ja.

By wie het u die opdrag gekry? -- Ek is deur die besturende direkteur gesê dat die Kommissie sal op daardie dag saam met die ouditmense sal hulle daarso wees en ek moet gaan

oopsluit/...

K48.0469

- 1339 -

CILLIERS

(10)

oopsluit.

Nee, luister nou mooi, ek praat nie van die oopsluit van die kluis nie? -- Dit het ek by die besturende direkteur gekry.

Het u enige ander opdrag gekry om die Ouditeur-generaal behulpsaam te wees by sy oudit of hom toegang te gee tot dokumente?-- Praat u van uit 'n ander bron as die besturende direkteur?

Ja goed, het die besturende direkteur, behalwe om vir u te sê om daardie dag die kluis oop te sluit vir u 'n opdrag gegee om die Ouditeur-generaal behulpsaam te wees? -- Ja.

(20)

Het hy? -- Ja, maar ... (tussenbei)

En maar? -- Soos ek sê toe hulle nou daar kom toe was die goed wat hulle wou gehad het, was nie daar gewees nie, van die goed was nie daar gewees nie.

Goed, nou het u enige opdrag van iemand in die weermag ontvang om die Ouditeur-generaal behulpsaam te wees? -- Op 'n stadium het ek met brigadier Swart gepraat en hy het gesê dat daar word sekere eise, dit het rondom my verklaring gegaan, en toe het hy net vir my gesê wat hom betref as dit daarop neerkom dan sê hy vir my ek moet gee pad en dan sal hy self al daardie dokumente tot hulle beskikking stel.

(30)

Dan sal hy hulle self tot die beskikking stel van die

Ouditeur-generaal? -- Ja, hy sê as dit daarop neerkom.

Met ander woorde hy het die dokumente of hy het toegang tot die dokumente? -- Nee, hy het gesê al moet hy hulle ook forseer dan sal hy nog steeds vir hulle toegang gee tot daardie dokumente.

Maar ek meen die plek was nou klaar oopgesluit gewees? -- Nee, maar wat ek bedoel is, toe ek vir hom gesê het ek het probleme/...

K48.0527

- 1340 -

CILLIERS

probleme met hierdie verklaring wat ek moet aflê toe sê hy vir my maar hy het begrip vir my situasie, maar hierdie oudit sal voortgaan. (10)

Al wat ek vir u vra is, die oudit kon nie voortgegaan het sonder dokumente nie? -- Dit is reg.

Goed, so vir hom om te sê dat die oudit sal voortgaan, dit het nie veel gehelp nie, tensy hy weet waar die dokumente is? -- Hulle het tog geoudit.

Ja, maar volledig geoudit. -- Wel ek weet nie. Soos hulle sê ek aanvaar dat hulle kon nie 'n volledige een nie.

So u aanvaar. Kom ons veronderstel hulle kon nie 'n volledige, want u self sê die dokumente is weg. Ons weet die dokumente is weg. So ons moet aanvaar dat die mense heel-waarskynlik nie 'n volledige oudit kon doen nie. -- Ja. (20)

Nou gaan ek weer vir u die vraag vra: Het u opdrag van enige persoon in die weermag gekry, in die weermag gekry om die Ouditeur-generaal behulpsaam te wees by sy oudit? -- Nee.

So u het nie 'n opdrag gekry nie? -- Ek het my opdrag van my besturende direkteur gekry.

En wanneer was daardie, was dit net om die plek oop te sluit? -- Dit is reg. (30)

Daarna, nadat u dit oopgesluit het, het u geen verdere opdragte gekry nie? -- Wel, nie wat ek nou kan onthou nie.

Nie. U het nooit 'n opdrag van admiraal Bekker gekry nie?--
Nie ek nie.

Het u ooit opdrag, is u ooit meegedeel dat admiraal Bekker
so 'n opdrag uitgereik het? -- Nee.

Is u ooit meegedeel dat die hoof van die weermag 'n opdrag
uitgereik het? -- Nee. Al wat - mnr. Wronsley het wel vir my gesê
dat daar is 'n opdrag van HSAW dat ons sal die

rekords/...

K48.0595

- 1341 -

CILLIERS

(10)

rekords tot hulle beskikking stel.

Maar daardie opdrag, behalwe dat mnr. Wronsley dit vir u gesê
het is nie andersins na u oorgedra nie? -- Nee.

Ek volg.

MNR. (ONBEKEND): Ek sal nie graag met brigadier Swart oor hierdie
aangeleentheid praat. Is dit moontlik dat ek enkele vrae nou net
kan vra en dat ek moontlik kan oorstaan?

VOORSITTER: Ons kan in idere geval oorstaan tot môre toe.

MNR. (ONBEKEND): Soos dit u behaag, dan staan ek oor.

KOMMISSIE VERDAAG TOT 11 MEI 1990.

(20)

(30)

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.